Hiermee verorden die Municipale Raad van die Drakenstein Municipaliteit kragtens artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, gelees saam met artikel 11(3)(m) van die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), soos volg: -

**HOOFSTUK 1  
UITLEG**

1. Woordomskrywing
2. Betyenis van woorde

**HOOFSTUK 2  
TOEGANG TOT WATERDIENSTE****Deel 1: Diensvlakte**

3. Dienstvlakte

**Deel 2: Aansoek**

4. Aansoek om waterdienste
5. Spesiale ooreenkomste vir waterdienste
6. Doel van voorsiening

**Deel 3: Deposito's, Betalings en Rekeninge**

7. Deposito's
8. Diensgelde
9. Rekening
10. Betaling vir waterdienste
11. Appelle teen bevinding van Munisipaliteit na aanleiding van navrae of klagtes
12. Betaling ten opsigte van vooruitbetaalmeters

**HOOFSTUK 3**  
**WATERVOORSIENINGSDIENSTE**

**Deel 1**  
**Voorwaardes**

13. Spesifieke voorwaardes van watervoorsiening

**Deel 2**  
**Aansluiting, Hoeveelheid en Gehalte van Watertoevoer**

14. Verskaffing van aansluitpyp
15. Ligging van aansluitpype
16. Tussenverbinding tussen persele
17. Verskaffing van enkele wateraansluiting vir voorsiening van verskeie verbruikers op dieselfde perseel
18. Beperking of afsluiting van toevoer
19. Onderbreking van toevoer op eienaar se versoek
20. Ontkoppeling van watertoevoer
21. Water wat uit 'n brandkraan voorsien word
22. Gemeenskaplike waterdienstewerke
23. Hoeveelheid, gehalte en druk

**Deel 3**  
**Meet van Water wat Voorsien word**

24. Meet van die hoeveelheid water wat voorsien word
25. Hoeveelheid water wat aan verbruiker voorsien word
26. Foutiewe meting
27. Aanpassing van hoeveelheid water wat voorsien is deur die foutiewe meettoestel
28. Spesiale lesing op versoek van die verbruiker
29. Spesiale meting

**Deel 4**  
**Installeerwerk en Gebruik van Pype en Toebehore**

30. Goedkeuring van installeerwerk
31. Persone wat toegelaat word om installeerwerk te doen
32. Verskaffing en instandhouding van waterinstallasie
33. Tegniese vereistes vir waterinstallasie
34. Gebruik van pype en watertoebehore moet gemagtig wees
35. Merk van eindpuntwatertoebehore en -toestelle
36. Wederregtelike waterinstallasie
37. Pyp in straat of openbare plek

**Deel 5**  
**Installasies vir Brandbestrydingsdoeleindes**

38. Aansluiting moet goedgekeur word deur die Munisipaliteit
39. Spesiale bepalings vir brandbestrydingsdienste
40. Inspeksie en goedkeuring van brandbestrydingsinstallasie
41. Dubbele en gekombineerde installasies

- 42. Aansluitpyp vir brandbestrydingsdienste
- 43. Kleppe en meters in aansluitpypeleiding
- 44. Sprinkelblusinstallasie
- 45. Druktenk of dubbele toevoer van die hoofleiding af
- 46. Verseëling van private brandkraan

**Deel 6**  
**Waterbesparing en Voorkoming van Besoedeling**

- 47. Vermorsing van water
- 48. Motorwasfasilitete
- 49. Gryswaterpraktyke
- 50. Spesifikasies van toerusting om waterbesparing te bevorder
- 51. Waternaamvraagbestuur
- 52. Waterbeperkings
- 53. Eienaar moet waterbesoedeling voorkom
- 54. Beskerming van watervoorsieningstelsel en -installasie

**Deel 7**  
**Watervoorsieningsdienste: Allerlei**

- 55. Gebruik van water uit 'n ander bron as die watervoorsieningstelsel
- 56. Kennisgewing en die gebruik van boorgate
- 57. Neem van watermonsters
- 58. Voorsiening van nie-drinkbare water deur die Munisipaliteit
- 59. Toets van druk in stelsel
- 60. Waarskuwingskennisgewings
- 61. Wateroudit

**HOOFTUK 4**  
**SANITASIEDIENSTE**

**Deel 1**  
**Standaarde**

- 62. Standaarde vir sanitasdienste

**Deel 2**  
**Sanitasie- en Verwante Dienste op die Terrein**

- 63. Aansoek en voorwaardes vir sanitasie-infrastrukturuer op die terrein
- 64. Septiese tenk en behandelingsaanleg
- 65. Stapelriool
- 66. Riooltenk
- 67. Geventileerde verbeterde putlatrine
- 68. Dienste wat verband hou met sanitasie op die terrein
- 69. Uitgediende riool- en septiese tenks

**Deel 3  
Wegdoen van Rioolwater**

- 70. Verskaffing van 'n aansluitriool
- 71. Verskaffing van een aansluitriool vir verskeie verbruikers op dieselfde perseel
- 72. Tussenverbinding tussen persele
- 73. Rioolwater wat per padvoertuie afgelêwer word
- 74. Meet van die hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel wat uitgelaat word

**Deel 4  
Nywerheidsuitvloeisel**

- 75. Aansoek om die nywerheidsuitvloeisel weg te doen
- 76. Ongemagtigde uilating van nywerheidsuitvloeisel
- 77. Toetsmonsters
- 78. Norme, standarde en voorwaardes vir die wegdoening van nywerheidsuitvloeisel
- 79. Terugtrek van skriftelike toestemming om nywerheidsuitvloeisel weg te doen
- 80. Meet van hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat word
- 81. Skade aan rioolwaterwegdoenstelsel of aan die omgewing
- 82. Periodieke hersiening
- 83. Verandering van die vervaardigingsproses van materiale

**Deel 5  
Dreineerinstallasies**

- 84. Bou en installering van dreineerinstallasies
- 85. Bouwerk deur die Munisipaliteit
- 86. Serwitute
- 87. Riole in strate en openbare plekke
- 88. Instandhouding van dreineerinstallasies
- 89. Ontkoppeling van dreineerinstallasie

**Deel 6  
Sanitasie: Allerlei**

- 90. Vermindering van die vasgestelde hoeveelheid huishoudelike uitvloeisel
- 91. Afstootlike uilating in rioolwaterwegdoenstelsel
- 92. Skade aan rioolwaterwegdoenstelsel
- 93. Gevolglike instandhouding van riole
- 94. Installerings van voorbehandelingsfasilitet
- 95. Beskerming teen invloei van stormwater
- 96. Werk deur private persone
- 97. Wegdoening van uitvloeisel sonder spoelwater
- 98. Ander sanitasiedienste

**HOOFSTUK 5**  
**ALGEMENE BEPALINGS**

**Deel 1**  
**Wederregtelike Handelinge en Beëindiging**

- 99. Algemene verantwoordelikheid om te voldoen aan hierdie Verordening en ander verordeninge
- 100. Bemoeiing met waterdienste
- 101. Verhindering van toegang tot watervoorsieningstelsel of sanitasiedienste
- 102. Verbod op toegang tot waterdienste behalwe deur die Munisipaliteit
- 103. Ongemagtigde gebruik van waterdienste
- 104. Beëindiging van ooreenkomste

**Deel 2**  
**Waterdienste-tussengangers**

- 105. Waterdienstetussengangers

**Deel 3**  
**Afdwinging van Verordening en Regsaangeleenthede**

- 106. Magtiging van 'n beampie
- 107. Funksies van 'n gemagtigde beampie
- 108. Kennisgewings en dokumente
- 109. Voldoeningskennisgewings
- 110. Toegang- en inspeksiebevoegdheid
- 111. Bevoegdhede van 'n gemagtigde beampie
- 112. Gebruik van geweld om toegang te verkry
- 113. Gemagtigde beampie kan vergesel word
- 114. Plig om dokument te toon
- 115. Klagtes oor persone buiten die Munisipaliteit
- 116. Verhaling van koste en gelde
- 117. Aanspreeklikhede en vergoeding
- 118. Waarborg van voldoening aan regsreëls
- 119. Vals verklarings of inligting
- 120. Uitsonderings en oorgangsreëlings
- 121. Vrystellings
- 122. Appèlle
- 123. Misdrywe
- 124. Boetes
- 125. Toepassing van hierdie Verordening
- 126. Herroeping van verordeninge
- 127. Kort titel en inwerkingtreding

## HOOFSTUK 1

### UITLEG

#### Woordomskrywing

1. In hierdie Verordening en die Bylaes daarby, tensy dit uit die verband anders blyk, het die volgende woorde die betekenis wat hier daaraan gekoppel word:

"**aansluiting**" beteken die punt waar die verbruiker wettig aansluit;

"**aansluitpunt**" beteken die aansluitmangat of 'n soortgelyke installasiepunt wat goedgekeur is deur die Munisipaliteit, waar 'n dreineerinstallasie by die aansluitriool aansluit;

"**aansluityp**" beteken 'n pyp, insluitend die watermeter en afsluitklep, waarvan die eienaarskap by die Munisipaliteit berus en deur hom geïnstalleer is met die doel om water te vervoer van 'n hoofleiding af na 'n waterinstallasie, en sluit 'n "kommunikasiepyp" in waarna daar verwys word in SANS 10125;

"**aansluitriool**" beteken 'n pyp wat die eiendom van die Munisipaliteit is en deur hom geïnstalleer is vir die vervoer van rioolwater vanaf 'n dreineerinstallasie op enige perseel na 'n riool buite die grense van daardie perseel, of in 'n serwituutgebied, of in 'n gebied ten opsigte waarvan 'n aanlêreg of ander soort ooreenkoms geld;

"**afsluitklep**" beteken 'n klep vir die aansluit of afsluit van die watertoevoer; die afsluitklep tussen die munisipale hoofleiding en die watermeter staan bekend as die munisipale afsluitklep, en is bedoel vir beheer en gebruik, uitsluitlik deur die Munisipaliteit; die verbruiker se afsluitklep is stroomaf van die watermeter geleë en is uitsluitlik vir die verbruiker se gebruik, tensy die Munisipaliteit instandhoudingswerk aan die waterinstallasie moet doen;

"**afvalmeul**" beteken enige meganiese toestel wat stowwe maal en in die afvalwaterstelsel spoel, of wat skille, skubbe of ander brokkies van groente of ander voedselsoorte verwijder en regstreeks of onregstreeks in die afvalwaterstelsel uitlaat, en sluit uityloiesel van 'n voedselafvalmeul in;

"**akkommodasie-eenheid**", met betrekking tot enige perseel, beteken 'n gebou of gedeelte van 'n gebou wat geokkupeer of gebruik word, of bedoel is om geokkupeer of gebruik te word, vir enige doel;

"**algemene installasie**" beteken 'n waterinstallasie wat water vervoer vir 'n kombinasie van huishoudelike, kommersiële en nywerheidsdoeleindes;

"**basiese sanitasie**" beteken die minimum standaard van veilige en higiëniese sanitasiedienste en rioolwaterwegdoening vir huishoudings wat in die Wet voorgeskryf word, kragtens regulasie 2 van Regeringskennisgewing R.509 van 8 Junie 2001, soos van tyd tot tyd gewysig, of enige plaasvervanger van daardie regulasie;

"**basiese watervoorsiening**" beteken die minimum standaard van watervoorsieningsdienste vir die betroubare voorsiening van water aan huishoudings om lewe en persoonlike higiëne in stand te hou, wat voorgeskryf word in die Wet kragtens regulasie 3 van Regeringskennisgewing R.509 van 8 Junie 2001, soos van tyd tot tyd gewysig, of enige plaasvervanger van daardie regulasie;

"**behoorlik gekwalificeerde monsternemer**" beteken 'n persoon wat monsters uit die rioolwater- en stormwaterwegdoenstelsels en uit openbare water neem vir ontleding, en wat gesertifiseer is om dit te doen deur 'n gemagtigde beampte;

"**besigheidseenheid**", met betrekking tot enige perseel, beteken enige gebou of gedeelte van 'n gebou wat geokkupeer of gebruik word, of bedoel is om gebruik te word, vir ander doeleinades as residensiële okkupasie;

"**besoedeling**" beteken die inbring van enige stof in openbare water (d.w.s. rivier, stroom of dam), 'n stormwaterstelsel, die watervoorsieningstelsel, 'n waterinstallasie of 'n waterbron wat die fisiese, chemiese of biologiese eienskappe van die water wat daarin gevind word regstreeks of onregstreeks sodanig verander dat dit –

- (a) minder geskik is vir die doel waarvoor dit gewoonlik bedoel word of vir enige voordele doel waarvoor dit redelikerwys verwag kan word dat dit gebruik sal word; of
- (b) skadelik of potensieel skadelik is –
  - (i) vir die welsyn, gesondheid of veiligheid van mense;
  - (ii) vir enige waterlewende of nie-waterlewende organisme;
  - (iii) vir die natuurlike omgewing (bv. grondwater, plantegroei of grond);

"**beste uitvoerbare omgewingsopsie**" beteken die opsie wat die grootste voordeel inhoud van die minste skade veroorsaak aan die omgewing as geheel, teen 'n koste wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is oor die lang- en korttermyn;

"**boorgat**" beteken ook 'n put, uitgrawing of enige kunsmatig gemaakte of verbeterde ondergrondse gat wat gebruik kan word met die doel om –

- (a) water te vind, te onderskep, te versamel of op te gaar in of te onttrek uit 'n akwifeer;
- (b) om water in 'n akwifeer waar te neem en data en inligting daaroor te versamel; of
- (c) 'n akwifeer aan te vul; en

dit sluit ook 'n fontein in;

"**Bouregulasies**" beteken die Nasionale Bouregulasies wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1997 (Wet 103 van 1997), soos gewysig;

"**brandkraan**" beteken 'n waterinstallasie wat water vervoer wat net bedoel is vir brandbestrydingsdoeleinades en wat aan SANS 10400-W moet voldoen;

"**dienspyp**" beteken 'n pyp wat deel uitmaak van 'n waterinstallasie wat op enige perseel deur die eienaar of okkuperder verskaf en geïnstalleer is, en wat aangesluit is of gaan word by 'n aansluitpyp om water te vervoer na die waterinstallasie op die perseel;

"**dreineerinstallasie**" beteken 'n stelsel wat op enige perseel geleë is en waarvan die eienaarskap berus by die eienaar van sodanige perseel, stroomop vanaf die aansluitpunt by die munisipale hoofriool, met inbegrip van die aansluitmangat, en wat gebruik word, of bedoel is om gebruik te word, vir of in verband met die ontvangs, opberging, behandeling, of vervoer van rioolwater of ander vorm van afvalwater op daardie perseel na die aansluitpunt, en sluit 'n perseelriool, toebehoorsel, toestel, septiese tenk, riooltenk, putlatrine en private pomplinstallasie in wat deel uitmaak van of aanvullend is tot sodanige stelsel;

"**dreineerwerk**" sluit in enige perseelriool, sanitasietoebehoorsel, watervoorsieningsapparaat, vuilwater- of ander pyp of enige werk wat verband hou met die uitlaat van vloeistowwe of vaste stowwe in enige perseelriool of riool, of wat andersins aansluit by die dreinering van enige perseel;

"**eienaar se waterinstallasie**" beteken al die pype en watertoebehore wat deur 'n verbruiker geïnstalleer is om aan te sluit by die waterinstallasie van die Munisipaliteit;

"**eienaar**" sluit in –

- (a) die persoon by wie die regstittel van die perseel berus, insluitend, maar sonder beperking, die geregistreerde eienaar volgens die titelakte;

- (b) as die persoon by wie die regstittel van die perseel berus, insolvent of oorlede is, of op enige manier hoegenaamd handelingsonbevoeg is, die persoon by wie die administrasie en beheer van sodanige perseel berus as kurator, trustee, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, likwidateur of ander regsverteenvoerdiger;
- (c) in enige geval waar die Munisipaliteit nie die identiteit van sodanige persoon kan vasstel nie, 'n persoon wat geregtig is op die voordeel van die gebruik van sodanige perseel, of 'n gebou of geboue daarop; en
- (d) in die geval van 'n perseel waarvoor daar 'n huurkontrak van tien jaar of langer aangegaan is wat in die Akteskantoor geregistreer is, die huurder daarvan;
- (e) met betrekking tot –
  - (i) 'n stuk grond wat afgebaken is in 'n deelplan wat geregistreer is ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986), die ontwikkelaar of die regspersoon ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom; of
  - (ii) 'n deel soos omskryf in genoemde Wet, die persoon in wie se naam die betrokke eenheid geregistreer is ingevolge 'n deeltitelakte, en sluit die regmatig aangestelde verteenvoerdiger van sodanige persoon in;
- (f) die persoon wat vaste eiendom gekoop het by die Munisipaliteit ingevolge 'n skema wat daarvoor voorsiening maak dat die koopprys in paalemente afbetaal word en wat nie oordrag van die Munisipaliteit ontvang het nie;
- (g) enige persoon wat enige reg op grond verkry op grond kragtens die bepalings van enige regsreël wat geld vir die Provinciale Regering van die Wes-Kaap;

**"eindpuntwatertoebesoersel"** beteken die watertoebesoersel by 'n uitlaat van 'n waterinstallasie wat die uitvloei van water uit 'n waterinstallasie beheer;

**"gekombineerde installasie"** beteken 'n waterinstallasie wat gebruik word vir brandbestryding en huishoudelike of nywerheidsdoeleindes;

**"gekwalfiseerdeloodgieter"** beteken 'n persoon wat die betrokke Nasionale Sertifikaat II verwerf en in die loodgietersambagstoets geslaag het, en sodanige ander kwalifikasie wat ingevolge nasionale wetgewing vereis word;

**"gemagtigde beampte"** beteken 'n persoon in diens van die Munisipaliteit, gemagtig deur die Munisipaliteit om die bepalings van hierdie Verordening in werking te stel en af te dwing, of as die Munisipaliteit 'n diensverskaffer aangestel het, 'n werkneem van sodanige diensverskaffer wat deur hom gemagtig is as 'n gemagtigde beampte ingevolge hierdie Verordening en wat handel binne die bestek van die bevoegdhede, funksies en pligte wat aan daardie diensverskaffer toegewys is deur die Munisipaliteit ingevolge artikel 81(2) van die Stelselwet of enige ander toepaslike regsreël;

**"gemeenskaplike riool"** beteken 'n hoofriool en aansluitriole ten opsigte waarvan 'n groep verbruikers en/of eienaars hulself saamgestel het as 'n persoon wat bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar, en 'n ooreenkoms geteken het om verantwoordelikheid te aanvaar, vir die instandhouding en herstel van die gemeenskaplike riool;

**"gemeenskaplike waterdienstewerke"** beteken 'n verbruikersaansluiting waardeur waterdienste gelewer word aan meer as een persoon; die diens word gesamentlik bedryf en in stand gehou deur die gebruikers daarvan en kan watervoorsiening en dreineerstelsels insluit;

"**geregistreerde loodgieter**" beteken 'n gekwalificeerde loodgieter wat geregistreer is by die Registrasieraad vir die Loodgietersbedryf of wat ingesluit is by die Municipale Register van Goedgekeurde Loodgieters;

"**goedgekeur**" beteken skriftelik goedgekeur deur die Municipaliteit tensy dit anders gestel is;

"**gryswater**" beteken afvalwater wat die gevolg is van die gebruik van water vir huishoudelike doeleindes insluitende bad, stort, badkamer-wasbak en wasmasjien water en sluit spesifiek uit:

- (a) kombuiswater as gevolg van sodanige water se vet inhoud; en
- (b) water wat menslike uitskeiding bevat;

"**handelsperseel**" 'n perseel waarop nywerheidsuitvloeisel gegenereer word;

"**hoofleiding**" beteken 'n pyp wat nie 'n aansluitpyp is nie, waarvan die eienaarskap by die Municipaliteit berus en wat deur hom gebruik word vir die vervoer van water na enige getal verbruikers toe;

"**huishoudelike doeleindes**" beteken, met betrekking tot die voorsiening van water, die algemene gebruik van water wat voorsien word vir persoonlike en residensiële gebruik, met inbegrip van gesondheid en higiëne, drink, ablusie, kombuis, huishoudelik en tuin-instandhouding;

"**huishouding**" beteken die familie-eenheid van persone, of individue, wat 'n gebou of gedeelte daarvan okkuper, wat ontwerp is vir residensiële okkupasie deur sodanige familie-eenheid, of individue;

"**ingenieur**" beteken 'n gekwalificeerde ingenieur, tegnoloog of tegnikus wat voltyds in die Municipaliteit se diens is en wat gedelegeerde bevoegdheid het om die betrokke funksie uit te voer;

"**installasiewerk**" beteken enige werk wat gedoen word in verband met 'n waterdiensinstallasie met inbegrip van konstruksie, rehabilitasie, verbetering en instandhouding;

"**IRSA**" beteken die Ingenieursraad van Suid-Afrika;

"**kapasiteit**", met betrekking tot 'n opgaartenk, beteken die volume van die tenk tussen die werksvlak van die water wat in sodanige tenk is en die bodemvlak van die uitlaat uit die tenk;

"**luggingping**" beteken die onbelemmerde, vertikale afstand deur die vrye atmosfeer tussen die laagste opening vanwaar water uit enige pyp, klep of kraan voorsien word aan 'n tenk of toebehoersel of ander toestel en die oorloopvlak daarvan;

"**mangat**" beteken 'n toegangskamer met 'n diepte en afmetings wat dit vir 'n persoon moontlik maak om toegang te verkry tot die binnekant van die riool vir instandhouding en om die binnekant daarvan skoon te maak;

"**meettoestel**" beteken 'n watermeter, enige metode, prosedure, proses, toestel, apparaat of installasie wat die hoeveelhede en/of gehalte van die waterdienste wat gelewer word, te kwantifiseer of te evalueer, en dit sluit 'n beraming of 'n veronderstelling in;

"**meter**" beteken 'n watermeter soos omskryf in Regulasie 81(a) van Regeringskennisgewing R. 2362 van 18 November 1977, wat aangekondig is ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973) of enige vervangende wetgewing of, in die geval van 'n watermeter wat groter is as 100 mm, 'n toestel wat die hoeveelheid water meet wat daardeur vloeit, of 'n meettoestel, met inbegrip van 'n voorafbetaalmeter, wat almal deur die SABS goedgekeur moet wees;

**"munisipale diens"** beteken die munisipale diens wat betrekking het op die lewering van waterdienste deur die Munisipaliteit of 'n diensverskaffer namens die Munisipaliteit ooreenkomstig hierdie Verordening;

**"Munisipale Raad"** beteken die munisipale raad van die Munisipaliteit waarvoor daar voorsiening gemaak word in artikel 157 van die Nasionale Grondwet en artikel 18 van die Strukturewet;

**"Munisipaliteit"** beteken –

- (a) die Drakenstein Plaaslike Munisipaliteit, gestig ingevolge artikel 12 van die Strukturewet, Provinciale Kennisgewing no. 488 van 22 September 2000, of syregsopvolgers, en sluit in 'n struktuur of persoon wat 'n gedelegeerde bevoegdheid uitoefen of 'n opdrag uitvoer ingevolge hierdie Verordening en wetgewing wat op plaaslike bestuur van toepassing is; of
- (b) 'n diensverskaffer wat 'n verantwoordelikheid nakom ingevolge hierdie Verordening, of wat aan hom opgedra is ingevolge artikel 81(2) van die Stelselwet, of enige ander regsreël, na gelang van die geval;

**"Nasjonale Waterwet"** beteken die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998);

**"natbedryf"** beteken 'n bedryf wat nywerheidsuitvloeisel uitlaat en/of wat jaarliks gemiddeld meer as 100 kiloliter water per dag op sy perseel gebruik;

**"noodgeval"** beteken enige situasie wat 'n risiko of potensiële risiko inhou vir lewe, gesondheid, die omgewing, of eiendom, of wat as noodgeval verklaar is ingevolge enige regsreël;

**"nywerheidsdoeleindes"** beteken doeleindes waarvoor water voorsien word aan enige perseel wat 'n fabriek is soos omskryf in die Algemene Administratiewe Regulasies wat afgekondig is kragtens die Wet op Beroeps gesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) met inbegrip van die gebruik van water vir die doeleindes van mynbou, vervaardiging, kleinhandel en diensnywerhede, kragopwekking, landgebaseerde vervoer, konstruksie of enige verwante doeleindes;

**"nywerheidsuitvloeisel"** beteken enige vloeistof, hetsy dit stowwe in oplossing of in suspensie bevat al dan nie, wat gegenerer word as gevolg van enige handel, vervaardiging, mynbou, chemiese of ander nywerheidsprosesse, in enige laboratorium, in die loop van navorsing, landbou-aktiwiteit, asook stowwe wat uitgelaat word uit 'n afvalmeul, en sluit enige vloeistof of uitvloeisel in wat ontstaan uit die gebruik van water, buiten standaard huishoudelike uitvloeisel of stormwater, en "handelsuitvloeisel" het dieselfde betekenis;

**"OIA"** beteken 'n omgewingsimpakassessering ook bekend as 'n omgewingsimpakstudie, soos bedoel in die WNOB en/of die WOB en voorts ooreenkomstig die OIA-regulasies wat op 5 September 1997 afgekondig is in Regeringskennisgewing R. 1183, of die OIA-regulasies wat op 18 Junie 2010 afgekondig is in Regeringskennisgewing R.543, soos van tyd tot tyd gewysig;

**"okkupererder"** beteken 'n persoon wat enige perseel of gedeelte daarvan okkupeer, sonder inagneming van die titel waarkragtens hy die perseel okkupeer, en dit sluit in –

- (a) enige persoon wat die perseel inderdaad okkupeer;
- (b) enige persoon wat die perseel regtens mag okkupeer;
- (c) in die geval waar die perseel onderverdeel is en verhuur word aan loseerders of verskeie huurders, die persoon wat die huurgeld ontvang wat deur sodanige loseerders of huurders betaalbaar is, hetsy vir daardie persoon se eie rekening of as agent vir enige persoon wat daarop geregtig is of 'n belang daarby het;

- (d) enige persoon wat die perseel beheer of bestuur en sluit die agent van enige sodanige persoon in wanneer die persoon afwesig is uit die Republiek van Suid-Afrika of as dit nie bekend is waar hy hom bevind nie; of
- (e) die eienaar van daardie perseel;

**"omgewingsherstelkoste"** beteken die volle koste van alle maatreëls wat nodig is om die omgewing te herstel na die toestand waarin dit was voor die voorval wat die skade daaraan veroorsaak het en, as dit nie moontlik is nie, die waarde van die kostevoordeel wat verlore is as gevolg van die skade aan of vernietiging van die omgewing;

**"onwettige aansluiting"** beteken 'n aansluiting by enige stelsel waarmee waterdienste gelewer word wat nie deur die Munisipaliteit gemagtig of goedgekeur is nie en/of waarvoor nie betaal word soos deur die Munisipaliteit bepaal;

**"oorlas"** beteken enige toestand, ding, handeling of versuim wat aanstaotlik is, soos slegte reuke, of wat skadelik is, of wat neig om die veiligheid, goeie orde, vrede of gesondheid van een of meer van die inwoners of die omgewingsgesondheid van enige bepaalde plek binne die gebied van die Munisipaliteit, of die regte, of redelike gemak, gerief of stilte van die okkuperders van enige gebied in die Munisipaliteit se regsgebied te benadeel;

**"openbare kennisgewing"** beteken kennisgewing aan die publiek op 'n wyse wat deur die Munisipaliteit bepaal word ooreenkomstig toepaslike wetgewing;

**"openbare water"** beteken enige rivier, waterloop, baai, riviermonding, die see en enige ander water ten opsigte waarvan die publiek die gebruiksreg of toegangsreg het;

**"permithouer"** beteken 'n persoon wat die skriftelike toestemming van die Ingenieur ontvang het om nywerheidsuitvloeisel in die rioolwaterwegdoenstelsel in te laat, of te veroorsaak of toe te laat dat dit ingelaat word;

**"perseel"** beteken enige stuk grond, met of sonder verbeterings, waarvan die buitenste oppervlakgrense aangedui is –

- (a) op 'n algemene plan of diagram wat geregistreer is ingevolge die Opmetingswet, 1927 (Wet 9 van 1927) of die Registrasie van Aktes Wet 1937 (Wet 47 van 1937); of
- (b) op 'n deelplan wat geregistreer is ingevolge die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet 95 van 1986); of
- (c) wat geleë is binne die regsgebied van die Munisipaliteit;

**"perseelriool"** beteken daardie gedeelte van die dreineerinstallasie wat rioolwater op die perseel vervoer;

**"persoon"** beteken enige natuurlike persoon, plaaslikeregeringsliggaam of soortgelyke owerheid, 'n maatskappy wat ingevolge enige wet geïnkorporeer is, 'n groep persone, hetsy hulle geïnkorporeer is al dan nie, 'n statutêre liggaam, openbare nutsliggaam, vrywillige vereniging of trust;

**"private gekombineerde waterdiens"** beteken 'n private verbruikersaansluiting en waterdiensstelsel waardeur meer as een verbruiker of eiendom diens ontvang; die diens word gesamentlik bedryf en in stand gehou deur al die betrokke verbruikers en kan watervoorsiening, vuilrioolwaterstelsels en septiese tenks insluit;

**"professionele persoon"** beteken 'n persoon wat geregistreer is ingevolge die Wet op die Ingenieursweseprofessie, 2000 (Wet 46 van 2000) vir die toepaslike veld van kundigheid en wat geregistreer is by IRS;

**"rente"** beteken 'n heffing met dieselfde regseienskap as diensgelde wat bereken word ingevolge hierdie Verordening op alle agterstallige bedrae ten opsigte van voorgeskrewe gelde vir waterdienste teen 'n standaard koers wat gelyk is aan 'n rentekoers wat bepaal word deur die Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening van die Munisipaliteit;

**"residensiële eenheid"** beteken, met betrekking tot enige perseel 'n gebou of gedeelte van 'n gebou wat geokkypeer of gebruik word, of bedoel is vir gebruik as residensiële okkupasie of gebruik deur enige persoon, en sluit 'n wooneenheid in;

**"riool"** beteken enige pyp of leippyp wat die eiendom is van die Munisipaliteit of waarvan die eienaarskap by hom berus, en wat gebruik kan word vir die vervoer van rioolwater vanaf die aansluitriool, en sluit nie 'n perseelriool, soos omskryf, in nie;

**"riooltenk"** beteken 'n bedekte tenk wat gebruik word vir die ontvangs en tydelike opberging van rioolwater, en wat met tussenpose leeggemaak moet word;

**"rioolwater"** beteken afvalwater, nywerheidsuitvloeisel, standaard huishoudelike uitvloeisel en ander afvalvloeistowwe, hetsy afsonderlik of in kombinasie, maar sluit nie stormwater in nie;

**"rioolwaterwegdoenstelsel"** beteken die strukture, kleppe, pype, pompe, meters of ander bybehore wat gebruik word vir die vervoer van rioolwater deur die rioolnet en die behandeling by die rioolwatersuiweringsaanleg wat onder die beheer van die Munisipaliteit is en deur hom gebruik kan word in verband met die wegdoen van rioolwater;

**"SABS"** beteken die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde;

**"sanitasiedienste op die terrein"** beteken 'n riooltenk, septiese tenk, chemiese toilet, urine-afkeerstelsel, geventileerde verbeterde putlatrines of soortgelyke stelsels wat nie spoelriolering deur 'n rioolwaterwegdoenstelsel is nie;

**"sanitasiedienste"** beteken die versameling, verwydering, wegdoening of suiwering van menslike uitskeiding, standaard huishoudelike uitvloeisel, afvalwater, rioolwater en uitvloeisel wat die gevolg is van die gebruik van water vir kommersiële doeleindes, en vir die doeleindes van hierdie Verordening sluit dit ook die wegdoen van nywerheidsuitvloeisel in;

**"SANS 241"** (asook wysigings daarvan) beteken die standaarde wat voorgeskryf word vir die gehalte van drinkwater;

**"SANS"** beteken die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde wat deur die SABS voorgeskryf word;

**"septiese tenk"** beteken 'n waterdigte tenk wat ontwerp is om rioolwater in te hou en om die genoegsame ontbinding van organiese stowwe in rioolwater teweeg te bring deur middel van bakteriese werking en sluit 'n stapelriool in;

**"sperder"** beteken die pyptoebehoorsel of gedeelte van 'n sanitasietoestel wat ontwerp is om die waterseël in posisie te hou wat as versperring dien teen die vloei van onwelriekende lug of gas;

"**staanpyp**" beteken 'n aansluiting waardeur watervoorsieningsdienste gelewer word aan meer as een persoon;

"**standaard huishoudelike uitvloeisel**" beteken huishoudelike uitvloeisel met voorgeskrewe sterke-eienskappe ten opsigte van chemiese suurstofbehoefte en afsakbare vastestowwe wat gepas is vir rioolwater wat uitgelaat word vanaf huishoudelike persele in die regsgebied van die Munisipaliteit, maar sluit nie nywerheidsuitvloeisel in nie;

"**stapelriool**" beteken 'n rioolsypelput vir die wegdoen van rioolwater en uitvloeisel uit 'n septiese tenk;

"**steekoog**" beteken enige toegangsopening na die binnekant van 'n uitlaatpyp of valluik wat voorsien is om binne-in skoon te maak;

"**Stelselwet**" beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

"**stormwater**" beteken water wat afkomstig is van natuurlike neerslag of wat versamel is, en sluit reënwater, ondergrondse water of fonteinwater in, maar swembad-terugspoelwater en rioolwater is uitgesluit;

"**Strukturewet**" beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

"**tarief**" beteken die verbruikersheffing vir die lewering van munisipale dienste wat jaarliks hersien word en vasgestel en aangekondig word deur die Munisipaliteit by wyse van sy Tariefverordening ingevolge die Stelselwet;

"**terugheweling**" beteken die terugvloei wat die gevolg daarvan is dat die druk in die waterinstallasie laer is as atmosferiese druk;

"**terugvloeい**" beteken die vloei van water in enige pyp of toebehoersel in die teenoorgestelde rigting as die normale vloerigting;

"**terugvloeisperder**" beteken enige toestel of metode om terugvloei te voorkom;

"**uitvloeisel**" beteken enige vloeistof, het sy dit opgeloste stowwe of stowwe in suspensie bevat, wat direk of indirek van enige perseel af uitvloeい in 'n dreineerwerk;

"**uitvloeiselstandaarde**" beteken die standaarde vir uitvloeisel wat in Regeringskennisgewing no. 9225 van 18 Mei 1984 voorgeskryf word;

"**verbruiker**" beteken –

- (a) enige persoon wat 'n perseel okkuper, en ten opsigte van welke perseel die Munisipaliteit –
  - (i) ingestem het om water en/of sanitasiedienste te lewer;
  - (ii) inderdaad water- en/of sanitasiedienste lewer;
  - (iii) 'n ooreenkoms aangegaan het vir die lewering van water- en/of sanitasiedienste aan of op sodanige perseel; of
- (b) as daar nie so 'n persoon is nie, dan die eienaar van enige perseel waaraan die Munisipaliteit watervoorsienings- en/of sanitasiedienste lewer;
- (c) met dien verstande dat indien watervoorsienings- en/of sanitasiedienste gelewer word deur 'n enkele aansluiting aan 'n aantal akkommodasie-eenhede of verbruikers of okkuperders, die persoon met wie die Munisipaliteit ooreenkomen sodanige waterdienste te lewer;

- (d) enige eindverbruiker wat watervoorsienings- en/of sanitasiedienste van die Munisipaliteit ontvang, of van 'n ander instelling wat water- en/of sanitasiedienste lewer; of
- (e) 'n persoon wat toegang verkry tot watervoorsienings- en/of sanitasiedienste wat gelewer word deur 'n gemeenskaplike waterdienstewerke;

**"vloedhoogte (1 in 50 jaar)"** beteken daardie hoogte wat vloedwater bereik as gevolg van 'n storm met 'n frekwensie van 1 in 50 jaar;

**"vloedvlakte (1 in 50 jaar)"** beteken die gebied wat onderworpe is aan oorstroming deur vloedwater weens 'n storm met 'n frekwensie van 1 in 50 jaar;

**"voldoeningskennisgewing"** beteken enige kennisgewing wat uitgereik word deur 'n gemagtige beampte ingevolge hierdie Verordening waarin die persoon aan wie dit gegee word, gelas word om te voldoen aan die bepalings van die kennisgewing;

**"voorgeskrewe gelde"** beteken gelde, 'n koers, heffing, tarief, uniforme koers, subsidie of enige ander koste wat by wyse van 'n besluit deur die Municipale Raad bepaal word;

**"voorgeskrewe"** beteken bepaal deur die Municipale Raad of ander owerheid, na gelang van die konteks;

**"vooruitbetaalmeter"** beteken 'n meter wat geprogrammeer kan word om die vloei van water na 'n waterinstallasie te beperk tot die hoeveelheid wat reeds gekoop is;

**"waterdienste"** beteken watervoorsieningsdienste en sanitasiedienste;

**"waterdienstetussenganger"** beteken enige persoon wat waterdienste aan iemand anders lewer, waar die verskaffing van die waterdienste bykomstig is tot die hoofdoel van die kontrak wat hulle aangegaan het;

**"waterinstallasie"** beteken die pype en watertoebehore wat op enige perseel geleë is en waarvan die eienaarskap by die eienaar van die perseel berus en wat gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met die gebruik van water op sodanige perseel, en sluit 'n pyp en watertoebehoersel in wat buite die grense van die perseel geleë is wat óf aansluit by die aansluitpyp wat verband hou met sodanige perseel of elders gelê is met die toestemming van die Munisipaliteit;

**"waterlewingstelsel vir 'n vasgestelde hoeveelheid water"** beteken 'n waterinstallasie wat 'n vasgestelde hoeveelheid water op enige enkele dag aan 'n verbruiker voorsien;

**"watertoebehoersel"** beteken 'n onderdeel van 'n waterinstallasie, buiten 'n pyp, waardeur water vloei of waarin dit opgeberg word en in die meervoudsvorm is dit watertoebehoore;

**"watervoorsieningsdienste"** beteken die onttrekking, vervoer, behandeling en verspreiding van drinkwater, water wat bedoel is om omskep te word in drinkwater of water vir kommersiële gebruik en sluit in, vir die doeleindes van hierdie Verordening, water vir nywerheidsdoeleindes en brandbestrydingsdienste;

**"watervoorsieningstelsel"** beteken die strukture, akwadukte, pype, kleppe, pompe, meters of ander apparaat wat daarmee verband hou, waarvan die eienaarskap by die Munisipaliteit berus en gebruik word of bedoel is om gebruik te word in verband met die voorsiening van water en dit sluit enige deel van die stelsel in;

**"werksdag"** beteken 'n dag wat nie 'n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag is nie;

"**werksmaand**" beteken 'n kalendermaand met die uitsluiting van Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae;

"**werksure**" beteken normale werksure wat goedgekeur is deur die Municipale Raad en van tyd tot tyd gewysig kan word;

"**werksvlak**" beteken die watervlak in 'n opgaartenk wanneer die klep wat die inlaat van water na die tenk beheer, onder normale werksomstandighede sluit;

"**Wet**" beteken die Wet op Waterdienste, 1997 (Wet 108 van 1997) en die regulasies wat ingevolge daarvan uitgevaardig is;

"**WNOB**" beteken die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998);

"**WOB**" beteken die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989) en alle regulasies wat ingevolge daarvan uitgevaardig is, of enige vervangende wetgewing;

"**wooneenheid**" beteken 'n stel kamers wat onderling verbind is, wat ontwerp is vir woondoeleindes en wat deur een huishouding geokkupeer word, ongeag die getal persone waaruit die huishouding bestaan, en ongeag of die wooneenheid 'n enkele gebou is en of dit deel uitmaak van 'n gebou wat twee of meer wooneenhede bevat.

#### **Betekenis van woorde**

2. (1) Enige woord of uitdrukking wat in hierdie Verordening gebruik word en waaraan daar 'n betekenis geheg is in –
  - (a) die Wet sal daardie betekenis hê; en
  - (b) die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977), en Hoofstuk III van die Bouregulasies ingevolge daarvan, sal daardie betekenis hê, tensy dit uit die samehang anders blyk.
- (2) Enige verwysing in hierdie Verordening na waterdienste of dienste moet so uitgelê word dat dit verwys na watervoorsieningsdienste of sanitasdienste na gelang van die dienste waarop dit van toepassing is.
- (3) In hierdie Verordening en die Bylaes daarby sluit woorde wat die manlike geslag aandui die vroulike geslag in, en wat die enkelvoud aandui die meervoud, en andersom, en in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die Engelse en Afrikaanse weergawes van hierdie Verordening, is die Engelse weergawe deurslaggewend.

## **HOOFSTUK 2** **TOEGANG TOT WATERDIENSTE**

### **Deel 1: Diensvlakke**

#### **Diensvlakke**

3. (1) Die Municipale Raad kan ooreenkomsdig die nasionale beleid, maar onderworpe aan beginsels van bekostigbaarheid en volhoubaarheid, deur openbare kennisgewing die vlakke van diens wat hy aan verbruikers kan lewer, vasstel.

- (2) Die Municipale Raad kan, by die vasstelling van hierdie diensvlakte, differensieer tussen tipes verbruikers en geografiese gebiede.
- (3) Onderworpe aan subartikel 1 word diensvlakte deur die Municipaliteit aangebied –
- (a) **Diensvlak 1**  
wat voldoen aan die minimum standaard vir basiese waterdienste soos vereis ingevolge die Wet en sy toepaslike regulasies, en bestaan uit –
- (i) 'n watertoevoer uit gemeenskaplike waterpunte; en
  - (ii) 'n geventileerde verbeterde putlatrine op elke terrein; en
- (b) **Diensvlak 2**  
wat bestaan uit –
- (i) 'n waternaansluiting met 'n meter na elke standplaas met 'n staanpyp op elke terrein;
  - (ii) 'n spoelrioolaansluiting wat óf met die municipale riool of by 'n vlak gemeenskaplike rioolstelsel aangesluit is; en
  - (iii) 'n ingooi-spoeltoilet wat nie regstreeks by die waterinstallasie aangesluit mag wees nie;
- welke diens aan verbruikers gelewer sal word teen die voorgeskrewe gelde met dien verstande dat –
- (aa) die gemiddelde verbruik per standplaas, van water wat voorsien word deur die waternaansluiting met 'n meter vir die sone of groep verbruikers in die sone nie 10 kl oor enige tydperk van 30 dae oorskry nie;
  - (bb) die staanpyp nie aansluit by enige ander eindpuntwatertoebere op die perseel nie;
  - (cc) in die geval waar 'n gemeenskaplike riool geïnstalleer is, 'n gesamentlike ooreenkoms onderteken is deur die groep verbruikers wat aanspreeklikheid aanvaar vir die instandhouding en herstel van die gemeenskaplike riool; en
  - (dd) die Municipaliteit enige maatreëls kan aanvaar wat nodig geag word om die watervloei na Diensvlak 2 se verbruikers tot 10 kl per maand te beperk.
- (c) **Diensvlak 3**  
wat bestaan uit –
- (i) 'n volledruk-waternaansluiting, met 'n meter, na elke standplaas; en
  - (ii) 'n konvensionele spoelrioolinstallasie wat aansluit by die Municipaliteit se riool, met dien verstande dat –
- (aa) die installasie gedoen word na betaling van die voorgeskrewe aansluitgelde;
  - (bb) die diens gelewer word na betaling van die voorgeskrewe gelde; en
  - (cc) die water- en dreineerinstallasies deur die verbruiker in stand gehou word.
- (4) As 'n verbruiker wat Diensvlak 2 ontvang subparagraaf (aa) of (bb) van subartikel (3)(b) oortree –
- (a) kan die Municipaliteit onmiddellik 'n vooruitbetaalmeter in die dienspyp op die perseel installeer; en
  - (b) die gelde vir waterdienste vra.

## Deel 2: Aansoek

### Aansoek om waterdienste

4. (1) Geen persoon, buiten 'n verbruiker op Diensvlak 1, mag toegang verkry tot waterdienste van die watervoorsieningstelsel, rioolwaterwegdoenstelsel of deur enige ander sanitasiedienste nie, tensy hy op die voorgeskrewe vorm by die Munisipaliteit aansoek gedoen het om sodanige dienste vir 'n spesifieke doel, en sodanige aansoek, onderworpe aan die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening, toegestaan is.
- (2) 'n Aansoek om die gebruik van waterdienste wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, maak 'n ooreenkoms uit tussen die Munisipaliteit en die aansoeker, en sodanige ooreenkoms word van krag op die datum waarna daar verwys word in die ooreenkoms.
- (3) Die persoon waarna daar verwys word in subartikel (2) is aanspreeklik vir al die voorgeskrewe gelde vir waterdienste wat aan hom gelewer word totdat die ooreenkoms beëindig is ooreenkomstig hierdie Verordening of totdat alle agterstallige rente betaal is.
- (4) As die aansoeker nie die eienaar is nie moet die Munisipaliteit die eienaar gesamentlik en afsonderlik bind as borg en medehoofskuldenaar met die verbruiker vir die betaling van alle voorgeskrewe gelde wat betaalbaar is aan die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening.
- (5) Wanneer 'n aansoekvorm vir waterdienste voltooi word, sal die Munisipaliteit toesien dat die persoon wat aansoek doen die dokument en die proses van interaksie met hom verstaan. In die geval van ongeletterdes of soortgelyk benadeelde persone sal die Munisipaliteit redelike stappe doen om te verseker dat die persoon bewus is van die inhoud van die aansoekvorm en dit verstaan.
- (6) Die aansoekvorm moet minstens die volgende inligting bevat –
- (a) sertifisering deur die aansoeker dat hy bewus is van die inhoud van die vorm en dit verstaan;
  - (b) aanvaarding van die bepalings van hierdie Verordening en aanvaarding van aanspreeklikheid vir die koste van waterdienste wat gelewer word en alle water wat verbruik word totdat die ooreenkoms beëindig word of totdat alle agterstallige bedrae betaal is;
  - (c) naam van verbruiker en sy identiteits- of registrasienommer, waar dit van toepassing is;
  - (d) adres of standplaasnommer van die perseel waaraan water voorsien gaan word of waaraan gemeenskaplike waterdienste gelewer word;
  - (e) adres waarna rekening gestuur moet word;
  - (f) naam en adres van die aansoeker se werkgewer, indien van toepassing;
  - (g) die doel waarvoor die water gebruik gaan word;
  - (h) die ooreengekome datum waarop begin sal word om waterdienste te lewer.
- (7) Die Munisipaliteit moet, wanneer 'n verbruiker aansoek doen om die lewering van waterdienste, daardie verbruiker inlig oor die verskillende diensvlakke wat beskikbaar is en die voorgeskrewe gelde wat vir elke diensvlak geld.
- (8) 'n Verbruiker moet die beschikbare diensvlak kies van dienste wat aan hom gelewer gaan word, en die

Munisipaliteit sal na goeddunke besluit op die grootte van die aansluiting en die gebruik van druk- en vloeibeheermaatreëls, maar geen submeter sal verskaf of geïnstalleer word op 'n private wooneiendom nie.

- (9) 'n Verbruiker kan te eniger tyd aansoek doen om die diensvlak wat gekies is ingevolge die ooreenkoms wat aangegaan is, te wysig, mits sodanige dienste beskikbaar is en mits alle koste en uitgawes wat verband hou met die wysiging van die diensvlak deur die verbruiker betaal sal word.
- (10) Die aansoeker moet meegedeel word as die Munisipaliteit 'n aansoek om die voorsiening van waterdienste weier, of as hy nie in staat is om sodanige waterdienste te lewer vanaf die datum wat vir dielewering van die dienste versoek is nie, of nie in staat is om die waterdienste te lewer nie, en die Munisipaliteit moet die redes daarvoor aan die aansoeker verstrek en, indien van toepassing, die datum verstrek van wanneer af die Munisipaliteit sodanige waterdienste sal kan lewer.
- (11) Die verbruiker is daarvoor verantwoordelik om op eie koste 'n serwituut te laat registreer as sy waterdiens geïnstalleer moet word vanaf die aansluitpunt oor of deur die eiendom van 'n ander private eienaar om sy eie eiendom te bereik, en sodanige serwituut moet geregistreer word voor die installering van sy waterdiens.
- (12) As persele of verbruikers watervoorsieningsdienste ontvang, of aangesluit is by die rioolwaterwegdoenstelsel, of as waterdienste beskikbaar is vir die persele of verbruikers en dit redelik moontlik is vir persele of verbruikers om aan te sluit by die waterdienste, word geag dat 'n ooreenkoms ingevolge subartikel (2) bestaan.
- (13) Waterdienste wat gelewer word aan 'n verbruiker is onderworpe aan die bepalings van hierdie Verordening, die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en - beleid en die voorwaardes wat in die betrokke ooreenkoms vervat is.

#### **Spesiale ooreenkomste vir waterdienste**

5. (1) Die Munisipaliteit kan 'n spesiale ooreenkoms aangaan vir dielewering van waterdienste aan die aansoeker –
  - (a) in sy regssgebied, as die waterdienste waarom daar aansoek gedoen word dit nodig maak dat voorwaardes opgelê word benewens dié wat in die voorgeskrewe aansoekvorm vervat is; en
  - (b) buite sy regssgebied, as sodanige aansoek goedgekeur is deur die Munisipaliteit wat wel jurisdiksie in die gebied het waar die perseel geleë is.
- (2) As die Munisipaliteit waterdienste lewer aan 'n aansoeker buite sy regssgebied ingevolge 'n spesiale ooreenkoms, kan die Munisipaliteit hom toelaat om sodanige water aan ander persone buite sy regssgebied te verkoop, of om rioolwater van ander persone buite die regssgebied van die Munisipaliteit te aanvaar wat uiteindelik deur die Munisipaliteit weggedoen sal word, onderworpe aan sodanige voorwaardes wat die Munisipaliteit na dienstig ag.

#### **Doeleind van voorsiening**

6. As die doel of die mate waarin die waterdienste gebruik word, verander, moet die verbruiker die Munisipaliteit onverwyld verwittig van die verandering en moet hy 'n nuwe ooreenkoms met die Munisipaliteit sluit soos dit voorgeskryf word in artikels 4 en 5.

**Deel 3: Deposito's, Betalings en Rekening****Deposito's**

7. (1) 'n Verbruiker moet, wanneer hy aansoek doen om die verskaffing van waterdienste en voordat sodanige dienste gelewer word deur die Munisipaliteit, 'n bedrag geld wat bepaal word ingevolge die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en -beleid deponeer, behalwe in die geval van 'n vooruitbetaalmeter wat deur die Munisipaliteit gebruik word.
- (2) Die Munisipaliteit kan van 'n verbruiker aan wie 'n diens gelewer word en van wie daar nie voorheen 'n deposito vereis is nie, om watter rede ook al, vereis dat hy op versoek en binne 'n vasgestelde tydperk 'n deposito betaal.
- (3) Die Munisipaliteit kan van tyd tot tyd die deposito wat deur 'n verbruiker ingevolge subartikel (2) betaal is, hersien en ooreenkoms sodanige hersiening vereis dat 'n bykomende bedrag deur die verbruiker gedeponeer word indien die verbruik na die mening van die Munisipaliteit aansienlik hoër is as wat bereken of oorspronklik verklaar is, of as die verbruiker in gebreke is met die betaling vir waterdienste.
- (4) 'n Bedrag wat gedeponeer is by die Munisipaliteit ingevolge subartikels (1), (2) en (3), mag nie beskou word as betaling of gedeeltelike betaling van 'n rekening wat verskuldig is vir waterdienste wat gelewer is nie.
- (5) Indien 'n bedrag wat aan die Munisipaliteit verskuldig is ten opsigte van waterdienste wat gelewer is, verskuldig bly wanneer die ooreenkoms vir die lewering van waterdienste aan die verbruiker beëindig word, kan die Munisipaliteit die deposito aanwend as betaling of gedeeltelike betaling van die uitstaande bedrag en enige saldo aan die verbruiker terugbetaal, as die adres van die verbruiker bekend is.
- (6) Ondanks die bepaling in subartikel (5) kan 'n ooreenkoms vir die lewering van waterdienste 'n voorwaarde bevat dat 'n deposito aan die Munisipaliteit verbeur sal word as dit nie opgeëis word binne twaalf maande na die beëindiging van die ooreenkoms nie.
- (7) Geen rente sal deur die Munisipaliteit betaal word op die bedrag van 'n deposito wat ingevolge hierdie artikel gehou word nie.
- (8) Wanneer die watertoevoer afgesluit word vanweë 'n onbetaalde rekening, sal die deposito toege wys word aan die onbetaalde rekening en moet 'n nuwe deposito betaal word voordat die watertoevoer weer aangesluit word.

**Diensgelde**

8. (1) Alle gelde wat betaalbaar is ten opsigte van waterdienste wat deur die Munisipaliteit gelewer is ingevolge hierdie Verordening, met inbegrip van, maar sonder beperking, die betaling van aansluitgelde, vaste gelde of bykomende gelde of rente ten opsigte van die versuim om sodanige voorgeskrewe gelde te betaal op die vasgestelde datum, word voorgeskryf by wyse van 'n besluit van die Municipale Raad en word gedoen ingevolge artikel 10 van die Wet en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is. Die voorgeskrewe gelde is ooreenkomsdig die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en -beleid betaalbaar en verskyn in die Tariefverordening, wat jaarliks gewysig word deur die Municipale Raad ingevolge artikel 11(3)(i), gelees saam met artikel 21 van die Stelselwet.

- (2) Die Munisipaliteit kan verskillende gelde hef vir verskillende –
- (a) kategorieë verbruikers, soos besighede, skole en kerke;
  - (b) gebruikers van dienste en tipes en diensvlakke, met inbegrip van onderverdeelde eenhede en erwe;
  - (c) hoeveelhede van dienste;
  - (d) infrastrukturele vereistes, met inbegrip van materiaal, arbeid en vervoer; en
  - (e) geografiese gebiede,
- soos wat die Munisipaliteit bepaal.
- (3) Waar vaste gelde, soos beoog word in subartikel (1), jaarliks, maandeliks of eenmalig gehef word is dit betaalbaar deur elke eienaar of verbruiker ten opsigte van waterdienste wat deur die Munisipaliteit aan hom gelewer word, ongeag of daar van sodanige dienste gebruik gemaak word.
- (4) Die voorgeskrewe aansluitingsgelde vir waterdienste is betaalbaar ongeag of die vereiste aansluityp en/of aansluitriool reeds bestaan of nog deur die Munisipaliteit geinstalleer moet word.
- (5) Indien enige stuk grond, hetsy daar verbeterings op is al dan nie, na die mening van die Munisipaliteit aangesluit kan word by die waterdienstestelsel van die Munisipaliteit moet die eienaar van daardie grond die voorgeskrewe gelde aan die Munisipaliteit betaal.
- (6) Die verbruiker en die eienaar van die perseel is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van gelde wat deur die Munisipaliteit vasgestel is ten opsigte van enige brandbestrydingsinstallasie of -toestel wat op sodanige perseel gebruik of geïnstalleer is.

### **Rekeninge**

9. (1) Maandelikse rekeninge sal aan verbruikers gelewer word vir die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is by die jongste adres wat by die Munisipaliteit aangeteken is, en sal verder geadministreer word ooreenkomsdig die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en - beleid.
- (2) Die Munisipaliteit moet op elke waterrekening wat gelewer word aan 'n verbruiker die werklike of beraamde meterlesings in kiloliter of kubieke meter aantoon, asook die datums van die lesings en die totale bedrag wat verskuldig is in rande. As die lesings beraam word, moet dit duidelik op die rekening aangetoon word.
- (3) As daar vasgestel word dat 'n meter foutief is, moet die Munisipaliteit, ooreenkomsdig klousule 27 die gelewerde rekening aanpas.
- (4) 'n Huishoudelike verbruiker met 'n enkele huishoudelike aansluiting, is nie geregtig op 'n vermindering van die bedrag wat betaalbaar is vir water wat vermors is in 'n waterinstallasie of vir waterverlies nie, tensy hy binne vyf werksdae nadat die Munisipaliteit die verwittiging daarvan aangeteken het, bewys kan lewer van die herstel van 'n lekplek op sy perseel en van voldoening aan sodanige ander vereistes wat voorgeskryf word in die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en beleidsdokumente.
- (5) Versuim deur die Munisipaliteit om 'n rekening te lewer, skeld die verbruiker nie kwyt van die verpligting om alle bedrae te betaal wat verskuldig en betaalbaar is nie. Dit is die verbruiker se verantwoordelikheid om by die Munisipaliteit navraag te doen as 'n rekening nie ontvang word nie, sodat betyds betaal kan word.

**Betaling vir waterdienste**

10. (1) Die verbruiker moet die voorgeskrewe gelde betaal vir die bepaalde kategorie waterdienste wat deur die Munisipaliteit gelewer word.
- (2) 'n Verbruiker is verantwoordelik vir die betaling van alle waterdienste wat aan hom gelewer word vanaf die datum van installasie van die diens ten opsigte van 'n nuwe installasie, of vanaf die datum waarop die ooreenkoms gesluit is, in die geval van 'n bestaande aansluiting, totdat die ooreenkoms tussen die Munisipaliteit en die verbruiker beëindig word.
- (3) Die Munisipaliteit kan die hoeveelheid van die waterdienste wat gelewer is ten opsigte van 'n tydperk of tydperke tussen opeenvolgende metings, wat nie 90 dae mag oorskry nie, beraam en kan 'n rekening aan die verbruiker lewer vir die dienste wat aldus beraam is, welke beraming vir die doeleindes van hierdie Verordening beskou sal word as 'n akkurate meting totdat die teendeel bewys is.
- (4) Versuim deur die Munisipaliteit om te voldoen aan die tydperk van 90 dae waarna daar verwys word in subartikel (3) sal nie die Munisipaliteit se reg om alle gelde wat aan hom verskuldig is deur die verbruiker te verhaal nie.
- (5) As 'n verbruiker watervoorsieningsdienste gebruik buiten die kategorie van dienste waarvoor daar voorsiening gemaak word ingevolge 'n ooreenkoms met die Munisipaliteit en as 'n resultaat 'n koers betaal wat laer is as die koers wat gehef behoort te word kan die Munisipaliteit 'n aanpassing maak van die bedrag wat gehef word ooreenkomstig die tarief wat van die verbruiker gehef en verhaal moes word, en van die verbruiker die gelde wat betaalbaar is ooreenkomstig sodanige aanpassing verhaal, en kan hy ook die bedrag van die deposito wat gehou word ooreenkomstig artikel 7(3) hersien.
- (6) As wysigings van die voorgeskrewe gelde vir gelewerde dienste van krag word op 'n datum tussen metings moet, vir die doeleindes van die lewering van 'n rekening ten opsigte van sodanige gelde, –  
(a) dieselfde hoeveelheid van waterdienste geag word gelewer te wees in elke tydperk van vier en twintig uur tussen metings; en  
(b) alle voorgeskrewe gelde pro rata bereken word ooreenkomstig die voorgeskrewe gelde wat gegeld het onmiddellik voor sodanige wysigings.
- (7) Indien 'n verbruiker ontevrede is met 'n rekening wat gelewer is vir water wat aan hom voorsien is deur die Munisipaliteit kan hy, voor die betaaldatum wat daarin aangegee word, skriftelik beswaar maak, of bygestaan word deur die Munisipaliteit om skriftelik beswaar te maak, teen die rekening, waarin die redes uiteengesit word vir sodanige ontevredenheid; met dien verstande dat die indien van 'n beswaar nie 'n verbruiker daarop geregtig maak om betaling uit te stel nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit.
- (8) Die Munisipaliteit sal die navraag of klage registreer en die verbruiker voorsien van 'n verwysingsnommer.
- (9) Die Munisipaliteit moet –  
(a) die oorsaak van die navraag of klage ondersoek of laat ondersoek binne 14 dae nadat die navraag of klage geregistreer is; en  
(b) die verbruiker so gou moontlik daarna skriftelik verwittig van sy bevinding.

### **Appèlle teen bevindinge van Munisipaliteit na aanleiding van navrae of klagtes**

11. (1) 'n Verbruiker kan skriftelik appelleer teen 'n bevinding wat die munisipaliteit ingevolge artikel 10(9) gemaak het.
- (2) 'n Appèl en versoek ingevolge subartikel (1) moet skriftelik gerig en ingedien word by die Munisipaliteit deur die verbruiker, binne 21 dae nadat hy verwittig is van die bevinding waarna daar in artikel 10(9) verwys word, en –
- (a) daarin moet die redes vir die appèl skriftelik uiteen gesit wees; en
  - (b) moet dit vergesel wees van die voorgeskrewe gelde wat vasgestel is vir die toets van 'n meettoestel, indien van toepassing.
- (3) Die verbruiker is aanspreeklik vir alle voorgeskrewe gelde, buiten dié waarteen hy geappelleer het, wat betaalbaar word gedurende die beregting van die appèl.
- (4) 'n Appèl moet deur die Munisipaliteit beoordeel word binne 21 dae nadat dit ingedien en geregistreer is en die verbruiker sal so gou moontlik daarna skriftelik verwittig word van die uitslag.
- (5) Die beslissing van die Munisipaliteit is finaal en, indien dit so bepaal word, moet die verbruiker alle bedrae wat deur hom verskuldig en betaalbaar is ingevolge dié beslissing binne 14 dae nadat hy van die uitslag van die appèl verwittig is, betaal.
- (6) Die Munisipaliteit kan die laat indiening van appèlle of ander procedurele onreëlmaturhede kondoneer.
- (7) As daar in 'n appèl beweer word dat 'n meettoestel onakkuraat is, moet die meettoestel onderwerp word aan 'n standaard bedryfstoots om sy akkuraatheid te toets ooreenkomsdig artikel 26 van hierdie Verordening.

### **Betaling ten opsigte van vooruitbetaalmeters**

12. Wanneer water aan 'n verbruiker voorsien word deur 'n vooruitbetaalmeter, geld die volgende vereistes benewens dié in artikel 4:
- (a) Geen bedrag wat aangebied is vir die aankoop van waterkrediet mag by die verkooppunt terugbetaal word nadat die proses van die vervaardiging van die vooruitbetaalmeterteken begin het nie.
  - (b) Wanneer 'n verbruiker enige perseel ontruim waar 'n vooruitbetaalmeter geïnstalleer is, mag geen krediet wat in die meter oorbly, aan die verbruiker terugbetaal word nie.
  - (c) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir die herinstelling van krediet in 'n vooruitbetaalmeter wat verlore gegaan het omdat daarmee gepeuter is, of omdat 'n vooruitbetaalmeter en/of teken verkeerd gebruik of misbruik is nie.

## HOOFSTUK 3

### WATERVOORSIENINGSDIENSTE

#### Deel 1: Voorwaardes

##### **Spesifieke voorwaardes van watervoorsiening**

- 13.** (1) Onderworpe aan die bepalings van die Wet, maak die voorsiening van water deur die Munisipaliteit nie 'n onderneming deur hom uit om op enige tydstip, of op enige plek in sy watervoorsieningstelsel –
- (a) 'n ononderbroke toevoer te handhaaf nie;
  - (b) 'n spesifieke druk of vloeitempo in sodanige toevoer te handhaaf nie; of
- (c) 'n spesifieke standaard of gehalte water te handhaaf nie; met dien verstande dat die Munisipaliteit onderneem, as die watertoevoer van die Munisipaliteit langer as 24 uur in stedelike areas en 48 uur in landelike areas onderbreek word, om 'n alternatiewe watertoevoer te verskaf om te voldoen aan basiese menslike behoeftes.
- (2) Die Munisipaliteit kan, onderworpe aan die bepalings van subartikel (1)(b), spesifiseer wat die maksimum hoogte in 'n gebou, of die maksimum hoogte bo grondvlak of die gemiddelde seevlak is waarby water van die watervoorsieningstelsel voorsien sal word. As 'n verbruiker wil hê dat water op hoër hoogtes of groter druk voorsien moet word, sal die verbruiker daarvoor verantwoordelik wees. Geen aanjaagpomp mag regstreeks of onregstreeks in die munisipale hoofleiding of aansluitpunt of -pyp geïnstalleer word nie. Die verbruiker is verantwoordelik vir die verskaffing en installering van 'n aanjaagpompstelsel met 'n opgaartenk of reservoir, asook vir die beskerming en instandhouding daarvan.
- (3) As 'n verbruiker wil hê dat enige van die standaarde waarna daar verwys word in subartikel (1) op sy perseel gehandhaaf moet word, moet hy die nodige stappe doen om te verseker dat die waterinstallasie voldoen aan sodanige standaarde.
- (4) Die Munisipaliteit kan in 'n noodgeval of indien waterverlies voorkom, die watertoevoer na enige perseel onderbreek sonder kennisgewing vooraf.
- (5) Indien die verbruik van water deur 'n verbruiker die watertoevoer aan 'n ander verbruiker of verbruikers na die mening van die Munisipaliteit benadeel, kan hy sodanige beperkings wat hy dienstig ag, op die watertoevoer na eersgenoemde verbruiker plaas om 'n redelike toevoer na die ander verbruiker of verbruikers te verseker, en moet hy daardie verbruiker van sodanige beperkings verwittig.
- (6) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade aan eiendom wat veroorsaak word deur water wat uit toebehore vloeい wat oop was toe die watertoevoer weer aangesluit is na 'n onderbreking in die toevoer om watter rede ook al nie.

(7) Enige perseel wat vir die doeleindes van die werk wat op die perseel onderneem word 'n ononderbroke watertoevoer nodig het, moet 'n opgaartenk hê wat in werkende toestand is en wat voldoen aan die spesifikasies vir wateropaartenks soos dit uiteengesit word in SANS 10125, met 'n watervoorraad vir minstens 24 uur in stedelike areas en 'n watervoorraad vir minstens 48 uur in landelike areas, of wat voldoende geag word deur die okkupeerder van die perseel om voorsiening te maak vir die gemiddelde daaglike verbruik wanneer die watertoevoer onderbreek word.

## Deel 2: Aansluiting, Hoeveelheid en Gehalte van Watertoevoer

### **Verskaffing van aansluitpyp**

14. (1) Indien 'n ooreenkoms vir die voorsiening van water gesluit is ten opsigte van 'n perseel en daar geen aansluitpyp vir die perseel is nie moet die eienaar op die voorgeskrewe vorm aansoek doen en die voorgeskrewe gelde of berekende bedrag vir die installering van sodanige pyp betaal voor die installering daarvan.
- (2) Indien aansoek gedoen word om 'n watertoevoer na 'n perseel wat so groot is of so geleë is dat dit nodig is om die watervoorsieningstelsel uit te brei, te modifiseer of op te gradeer ten einde water aan die perseel te voorsien, kan die Munisipaliteit instem tot die uitbreiding, modifikasie of upgradering onderworpe daaraan dat hy voorwaardes kan stel, onder meer ten opsigte van die koste van materiale, arbeid en vervoer wat by die uitbreiding betrokke is.
- (3) Niemand mag enige ontwikkeling op enige perseel begin voordat die Munisipaliteit 'n aansluitpyp met 'n meter geïnstalleer het nie.
- (4) Die verskaffing van 'n aansluitpyp deur die Munisipaliteit mag onderhewig wees aan voorwaardes met betrekking tot waternaamvraagbestuur en waterbewaringsaktiwiteite.

### **Ligging van aansluitpype**

15. (1) 'n Aansluitpyp wat deur die Munisipaliteit verskaf en geïnstalleer is, moet –
- (a) geleë wees op 'n plek wat nie meer as een meter binne die erfsgrens is nie, of op die erfsgrens waar daar 'n grensmuur is, of by die begin van 'n serwituit, indien van toepassing, soos ooreengekom tussen die eienaar en die Munisipaliteit of soos deur die Munisipaliteit bepaal. Die aansluitpyp moet 'n gesikte grootte wees, met 'n maksimum van 20 mm vir huishoudelike gebruik, soos deur die Munisipaliteit bepaal; en
  - (b) eindig by –
    - (i) die grens van die grond wat die eiendom is van of waarvan die eiendom berus by die Munisipaliteit of waarop hy 'n serwituit of ander reg het; of
    - (ii) die uitlaat van die watermeter of 'n punt voor die afsluitklep van die verbruiker as die meter geleë is op die perseel wat voorsien word.
- (2) Wanneer die Munisipaliteit met die eienaar ooreenkomm oor die ligging van die aansluitpyp, moet hy seker maak dat die eienaar bewus is van –
- (a) praktiese beperkings wat kan bestaan wat betref die ligging van die aansluitpyp;
  - (b) die koste-implikasies van die verskillende moontlike liggings van die aansluitpyp, indien van toepassing;
  - (c) of die Munisipaliteit dit van die eienaar verwag of nie om die ligging van die aansluitpyp so te plaas dat 'n gedeelte van sy waterinstallasie by of buitekant die grens van sy perseel

- beskikbaar is, of in so 'n ooreengekome posisie binnekant of buitekant sy perseel waar die aansluiting verlang word, sodat die Munisipaliteit by die installasie kan aansluit;
- (d) sy verantwoordelikheid vir die beskerming van die meettoerusting en bybehorende installasies en dus vir alle skade of verlies of diefstal van die meettoerusting en verwante installasies.
- (3) In die geval van verlies of skade, byvoorbeeld as gevolg van diefstal of vandalisme, sal die Munisipaliteit die toerusting en bybehorende installasies binne 'n redelike tyd op koste van die eienaar of verbruiker vervang.
- (4) Die Munisipaliteit kan, op versoek van enige persoon, instem tot aansluiting by 'n hoofleiding anders as dié wat maklik bereikbaar is vir die voorsiening van water aan die perseel, onderworpe aan voorwaardes wat hy oplê; met dien verstande dat die aansoeker verantwoordelik moet wees vir die volle koste van enige uitbreiding van die waterinstallasie na die aansluitpunt wat deur die Munisipaliteit aangewys is, en vir die verkryging, op sy koste, van serwitute op ander persele wat nodig mag wees.
- (5) 'n Eienaar moet die voorgeskrewe aansluitgelde of, in die geval van subartikel (3), die heraansluitgelde en enige ander koste vooruit betaal.

#### **Tussenverbinding tussen persele**

**16.** 'n Eienaar van 'n perseel moet verseker dat –

- (1) daar geen tussenverbinding tussen die waterinstallasie op sy perseel en die waterinstallasie op enige ander perseel is nie; of
- (2) waar verskeie akkommodasie-eenhede op dieselfde perseel geleë is, daar geen tussenverbinding tussen waterinstallasies van die akkommodasie-eenhede bestaan nie,

tensy hy vooraf die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit verkry het en voldoen aan alle voorwaardes wat deur die Munisipaliteit gestel is.

#### **Verskaffing van enkele waternaansluiting vir voorsiening van verskeie verbruikers op dieselfde perseel**

- 17.** (1) Slegs een aansluitpyp kan na die watervoorsieningstelsel verskaf word vir die watertoever na enige pasgesoneerde enkelwoonperseel, ongeag die getal akkommodasie-eenhede, besigheidseenhede of verbruikers op sodanige perseel. Die Munisipaliteit sal na goeddunke en afhangend van die kapasiteit van die watervoorsieningstelsel in die spesifieke gebied, bepaal of bykomende aansluitings toegelaat sal word vir enige ander sonering.
- (2) Indien die eienaar, of die persoon in beheer of die bestuurder van enige perseel waarop verskeie akkommodasie-eenhede of verbruikers is, die watertoever na sodanige perseel vir die doel van afsonderlike toevoer na die onderskeie eenhede of verbruikers wil hê, kan die Munisipaliteit, na goeddunke, –
- (a) vereis dat 'n enkele meettoestel (grootmaatmeter) deur die Munisipaliteit geïnstalleer word op die eienaars se koste ten opsigte van die perseel as geheel of enige aantal van sodanige akkommodasie-eenhede of verbruikers; of

- (b) 'n afsonderlike meettoestel (submeter) vereis wat geïnstalleer word deur elke eienaar, wat verantwoordelik bly vir genoemde meter asook meterlesings vir elke akkommodesie-eenheid of verbruiker of enige aantal daarvan;
  - (c) vereis dat eienaars of verbruikers gesamentlik aanspreeklikheid aanvaar vir die instandhouding van die watervoorsieningstelsel stroomaf van die grootmaatmeter, asook vir die rekening vir water wat voorsien is deur die grootmaatmeter teen die toepaslike tarief wat deur die Munisipaliteit gehef word;
  - (d) vereis dat die watervoorsieningstelsel stroomaf van die grootmaatmeter as 'n private gekombineerde watervoorsieningstelsel beskou word;
  - (e) vereis dat alle materiale wat gebruik word, moet voldoen aan die standarde wat deur die Munisipaliteit vasgestel word.
- (3) As die Munisipaliteit 'n enkele meettoestel geïnstalleer het soos beoog in subartikel 2(a), is die eienaar of die persoon in beheer of bestuurder van die perseel, na gelang van die geval, –
- (a) verplig om, as die Munisipaliteit dit vereis, in elke takpyp wat van die aansluitpyp uitloop na die verskillende akkommodesie-eenhede of verbruikers –
    - (i) 'n afsonderlike meettoestel (submeter) te installeer en in stand te hou; en
    - (ii) 'n isoleerklep te installeer en in stand te hou;
  - (b) aanspreeklik teenoor die Munisipaliteit vir die voorgeskrewe gelde vir alle water wat aan die perseel voorsien is deur sodanige enkele meettoestel (grootmaatmeter), afgesien van die verskillende hoeveelhede wat verbruik is deur die verskillende verbruikers (submeters) wat toevoer deur sodanige meettoestel ontvang; en
  - (c) verantwoordelik vir die beskerming, instandhouding en werking van die submeters.
- (4) As die perseel histories van water voorsien is deur 'n aantal aansluitpype, kan die Munisipaliteit vereis dat die eienaar die getal aansluitpunte verminder en sy waterinstallasie dienooreenkoms verander op die eienaar se koste, of die eienaar kan die Munisipaliteit skriftelik versoek om die getal aansluitpype op die eienaar se koste te verminder.

#### **Beperking of afsluiting van toevoer**

18. (1) Sonder benadeling van enige reg wat die Munisipaliteit mag hê, kan hy, as die verbruiker –
- (a) versuim het om 'n bedrag aan hom te betaal wat ingevalglo hierdie Verordening verskuldig is; of
  - (b) hierdie Verordening verbreek het en versuim het om sodanige verbreking reg te stel binne die tydperk wat vasgestel word in 'n skriftelike kennisgewing wat aan hom beteken is waarin daar van hom vereis word om dit te doen,
- optree teen sodanige persoon kragtens hierdie Verordening, die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening, of ander toepaslike wetgewing.
- (2) Indien, na die mening van die Munisipaliteit, dringende stappe gedoen moet word om die vermosing van water, skade aan eiendom, gevaar vir lewe, of besoedeling van water te voorkom, kan hy, ondanks enige teenstrydige bepaling in hierdie Verordening, –
- (a) sonder kennisgewing vooraf die watertoevoer na enige perseel afsluit; en
  - (b) sodanige perseel betree en op die eienaar se koste sodanige noodwerk doen wat hy nodig ag, en daarbenewens by wyse van skriftelike kennisgewing van die eienaar vereis om binne 'n vasgestelde tydperk enige bykomende werk te doen wat hy nodig ag.

- (3) Peuter
- (a) As daar, na die mening van die Munisipaliteit met 'n watertoevoer gepeuter is of as die meter uitgeskakel is, kan die Munisipaliteit, ondanks enige teenstrydige bepaling in hierdie Verordening, die betrokke toevoer onmiddellik afsluit, sonder enige kennisgewing hoegenaamd vooraf, en op sodanige manier dat geen verdere watertoevoer na daardie perseel moontlik is nie. Die verbruiker sal die voorgeskrewe peutergelde moet betaal.
- (b) Daar sal soos volg teen oortreders opgetree word:
- (i) Eerste Peuteroortreding:
- (aa) Toevoer word afgesluit by toevoerpunt.
- (bb) Die verbruiker sal skriftelik kennis kry waarin hy verwittig word van die afsluiting asook van die voorgeskrewe peutergelde wat verskuldig is vir 'n eerste oortreding, die heraansluitingsgelde en die bedrag vir die water wat gebruik is soos bereken ingevolge artikels 25(3) en (4).
- (cc) Die Munisipaliteit sal dienste eers weer instel nadat die vereiste bedrae wat in die kennisgewing vermeld is, betaal is.
- (ii) Tweede Peuteroortreding:
- (aa) In gevalle van 'n tweede peuteroortreding, kan die Munisipaliteit die toevoer onmiddellik afsluit en die pype en die meter verwyder.
- (bb) 'n Skriftelike kennisgewing sal aan die verbruiker gestuur word waarin hy verwittig word van die verwydering van die dienste en van alle uitstaande gelde, met inbegrip van die peutergelde en berekende bedrae wat verskuldig is. As die geld wat verskuldig is, nie teen 'n vasgestelde datum en tyd wat in die kennisgewing vermeld word, betaal is nie sal die saak verder gevoer word ooreenkomsdig die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en -beleid.
- (cc) Daar sal ook 'n skriftelike kennisgewing aan die eiener van die eiendom gestuur word te dien effekte dat die toevoer afgesluit is en dat 'n nuwe toevoer eers verskaf sal word nadat daar aan die volgende voorwaardes voldoen is:
- i. 'n Skriftelike aansoek vir heraansluiting van die toevoer, wat 'n motivering moet insluit, moet deur die Munisipaliteit ontvang en goedgekeur word.
- ii. Die voorgeskrewe gelde vir 'n nuwe aansluiting, met inbegrip van die pypkoste, asook alle berekende bedrae en alle ander uitstaande bedrae wat vereis word, insluitend voorgeskrewe gelde, moet betaal wees.

#### Onderbreking van toevoer op eiener se versoek

19. (1) Die Munisipaliteit kan, op skriftelike versoek van die eiener, –
- (a) die watertoevoer na die perseel afsluit; en
- (b) die toevoer weer aansluit;
- op die datums wat deur hom versoek word.
- (2) Die eiener moet, voordat die watertoevoer weer aangesluit word ingevolge hierdie artikel, die voorgeskrewe gelde vir die afsluit en aansluit van sy watertoevoer betaal.

## **Ontkoppeling van watertoevoer**

20. (1) Die Munisipaliteit kan 'n waterinstallasie ontkoppel van die aansluitpyp en die aansluitpyp verwyder indien –
- (a) die ooreenkoms vir die toevoer beëindig is ingevolge artikel 106 (normale beëindiging) en hy nie binne 30 dae na sodanige beëindiging 'n volgende aansoek ontvang het om water te voorsien aan die perseel wat water van die aansluitpyp ontvang nie; of
  - (b) die gebou op die betrokke perseel gesloop is;
  - (c) die eienaar hom skriftelik versoek het om dit te doen na betaling van die voorgeskrewe gelde;
  - (d) daar nie betaal word vir die dienste ten opsigte van genoemde perseel nie en ontkoppeling nodig is ingevolge die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en beleid;
  - (e) daar met 'n aansluiting of 'n meettoestel gepeuter is; en
  - (f) die verbruiker ingemeng het met 'n beperkte of ontkoppelde diens.
- (2) Die Munisipaliteit is nie aanspreeklik vir enige skade of eise wat kan ontstaan uit die ontkoppeling van waterdienste waarvoor daar in subartikel (1) voorsiening gemaak word nie.

## **Water wat uit 'n brandkraan voorsien word**

21. (1) Die Munisipaliteit kan magtiging verleen dat 'n tydelike watertoevoer verkry word uit een of meer brandkrane wat deur hom aangewys is, onderworpe aan voorwaardes, vir die tydperk en teen die voorgeskrewe gelde wat deur die Munisipaliteit gehef word.
- (2) 'n Persoon wat 'n tydelike watertoevoer wil hê waarna daar verwys word in subartikel (1) moet op die wyse wat voorgeskryf word in artikels 4 en 5 daarom aansoek doen.
- (3) Die watertoevoer ingevolge subartikel (1) moet gemeet word.
- (4) Die Munisipaliteit moet vir meetdoeleindes 'n verplaasbare watermeter verskaf en alle ander toebehore en apparate wat nodig is vir die aansluiting van 'n verplaasbare meter by 'n brandkraan, welke watermeter, toebehore en apparate die eiendom van die Munisipaliteit moet bly en terugbesorg moet word aan die Munisipaliteit by beëindiging van die tydelike watervoorsieningsdiens.
- (5) Versuim om die watermeter, toebehore en apparate, waarna daar verwys word in subartikel (4), in 'n werkende toestand terug te besorg, of skade daaraan of verlies daarvan, met inbegrip van skade aan die brandkrane wat gebruik is, sal lei tot die verbeuring van die verbruikersdeposito en/of die oplê van boetes, wat deur die Munisipaliteit bepaal is, aan die verbruiker.

## **Gemeenskaplike Waterdienstewerke**

22. (1) Die Munisipaliteit kan 'n gemeenskaplike waterdienstewerke installeer vir die lewering van waterdienste aan verskeie verbruikers op 'n plek wat hy dienstig ag, met dien verstande dat –
- (a) die verbruikers aan wie waterdienste gelewer sal word deur die gemeenskaplike waterdienstewerke deur die Munisipaliteit geraadpleeg is ten opsigte van die diensvlak, die

voorgeskrewe gelde wat betaalbaar is en die ligging van die gemeenskaplike waterdienstewerke.

#### **Hoeveelheid, gehalte en druk**

23. (1) Watervoorsieningsdienste wat gelewer word deur die Munisipaliteit moet voldoen aan die minimum standaarde wat gestel word vir die voorsiening van waterdienste ingevolge artikel 9 van die Wet en die toepaslike regulasies.
- (2) Die Munisipaliteit moet 'n geskikte program vir die monsterneming van watergehalte implementeer waarin die monsternemingspunte, toetsfrekwensie en stowwe waarvoor die water getoets sal word, uiteengesit word om daarmee te verseker dat die watergehalte voldoen aan die standaarde wat in SANS 241 voorgeskryf word.
- (3) Soos dit in artikel 13 gestel is, die Munisipaliteit onderneem nie om 'n spesifieke druk of vloeitempo van die watertoevoer aan verbruikers te handhaaf nie.

#### **Deel 3: Meet van Water wat Voorsien word**

##### **Meet van die hoeveelheid water wat voorsien word**

24. (1) Alle water wat aan 'n verbruiker voorsien word deur die Munisipaliteit moet deur 'n meettoestel gaan met die doel om die hoeveelheid water wat voorsien word met gereelde tussenpose te meet.
- (2) 'n Meettoestel waarna daar in subartikel (1) verwys word en die bybehorende apparaat moet deur die Munisipaliteit verskaf en geïnstalleer word, bly sy eiendom, en kan omgeruil en in stand gehou word deur die Munisipaliteit wanneer hy dit ook al nodig ag.
- (3) (a) Die Munisipaliteit kan 'n meettoestel en die bybehorende apparaat op enige plek in 'n waterinstallasie installeer.  
(b) As die Munisipaliteit ingevolge subartikel (a) 'n meettoestel in 'n waterinstallasie installeer kan hy 'n stuk pyp en toebehoere tussen die end van sy aansluitingspyp en die meettoestel installeer, en sodanige stuk pyp sal geag word deel van die waterinstallasie te wees.
- (4) As die Munisipaliteit 'n meettoestel in 'n waterinstallasie installeer saam met die bybehorende apparaat ingevolge subartikel (3) moet die eienaar –  
(a) tot bevrediging van die Munisipaliteit 'n plek in die grensmuur van die perseel of op die perseel verskaf waar dit geïnstalleer kan word;  
(b) toesien dat onbeperkte toegang tot die meettoestel te alle tye beskikbaar is;  
(c) verantwoordelik wees vir die beskerming daarvan en aanspreeklikheid wees vir die koste wat spruit uit skade daarvan of verlies daarvan, uitgesonderd skade wat spruit uit normale slytasie;  
(d) toesien dat geen aansluiting gemaak word by die pyp waarin die meettoestel geïnstalleer is, tussen die meettoestel en die aansluitingspyp na die installasie nie;  
(e) voorsiening maak vir die dreinering van water wat by die pyp waarin die meettoestel geïnstalleer is, kan uitloop wanneer die Munisipaliteit werk aan die meettoestel doen; en

- (f) geen toebehoorsel, masjien of toestel gebruik, of toelaat dit gebruik word, wat skade veroorsaak of wat, na die mening van die Ingenieur, waarskynlik skade aan enige meettoestel kan aanrig nie.
- (5) Niemand buiten 'n gemagtigde beampete mag –
  - (a) 'n meettoestel en die bybehorende apparaat van die pyp waarin dit geïnstalleer is, verwyder nie;
  - (b) 'n seël breek wat deur die Munisipaliteit aan die meettoestel aangebring is nie; of
  - (c) op enige manier hom bemoei met 'n meettoestel en die bybehorende apparaat nie.
- (6) As die Munisipaliteit van mening is dat die grootte van 'n meettoestel ongesik is vanweë die hoeveelheid water wat voorsien word aan die perseel, kan hy 'n meettoestel van 'n grootte wat hy nodig ag, installeer en die voorgeskrewe gelde vir die installering van die meettoestel van die eienaar van die betrokke perseel verhaal.
- (7) Die Munisipaliteit kan ten opsigte van enige perseel vereis dat 'n meettoestel by elke wooneenheid wat afsonderlik bewoon word op die eienaar se koste geïnstalleer word sodat die hoeveelheid water wat voorsien word aan elke wooneenheid bepaal kan word; met dien verstande dat as 'n waterleweringstelsel vir 'n vasgestelde hoeveelheid water gebruik word, 'n enkele meettoestel gebruik kan word vir meer as een wooneenheid.
- (8) Alle watermeters moet, as Klas C meters vir metergroottes tot 25mm in diameter, voldoen aan die Wet op Handelsmetrologie (Wet 77 van 1973), soos van tyd tot tyd gewysig, en moet deur die SABS goedgekeur wees.

#### **Hoeveelheid water wat aan verbruiker voorsien word**

25. (1) Met die doel om vas te stel hoeveel water in enige tydperk aan 'n verbruiker voorsien word, en wat oor 'n spesifieke tydperk gemeet word met 'n meettoestel wat deur die Munisipaliteit geïnstalleer is, word geag, tensy die teendeel bewys word, dat –
- (a) in die geval van 'n meettoestel wat 'n onbeheerde volume water voorsien, die hoeveelheid verteenwoordig word deur die verskil tussen lesings van die meettoestel wat aan die begin en einde van sodanige tydperk geneem is;
  - (b) in die geval van 'n meettoestel wat 'n beheerde volume water voorsien, die hoeveelheid die volume is wat deur die meettoestel afgemeet is;
  - (c) die meettoestel korrek geregistreer het in daardie tydperk; en
  - (d) die inskrywings in die rekords van die Munisipaliteit korrek gemaak is.
- (2) As water voorsien word aan, of ontvang word deur, 'n verbruiker sonder dat dit deur 'n meettoestel gegaan het, word geag dat die Munisipaliteit se beraming van die hoeveelheid water korrek is, tensy die teendeel bewys word.
- (3) As 'n meettoestel uitgeskakel word, soos bedoel in artikel 18(3)(a), of artikel 24(5) oortree is, moet die Munisipaliteit, met die doel om 'n rekening te lewer, 'n beraming maak ooreenkomsdig subartikel (4) van die hoeveelheid water wat aan die verbruiker voorsien is in die tydperk wat water aldus ontvang is deur die verbruiker, wat sal strek vanaf die datum van die laaste lesing van die meettoestel tot die datum waarop ontdek is dat water so ontvang word deur die verbruiker, en welke rekening die koste van vervanging van die meettoestel, arbeid, materiaal, vervoer en administrasie sal insluit.

- (4) Vir die doeleindes van subartikel (3) moet 'n beraming van die hoeveelheid water wat aan 'n verbruiker voorsien is, volgens die Munisipaliteit se besluit, gebaseer wees op die gemiddelde maandelikse waterverbruik op die perseel wat geregistreer is –
- (a) oor drie opeenvolgende meettydperke vanaf die datum waarop die onreëlmatigheid waarna daar verwys word in subartikel (3) ontdek en reggestel is; of
  - (b) oor enige drie opeenvolgende meettydperke gedurende die tydperk van 12 maande wat die datum waarna daar verwys word in subartikel (3) voorafgaan.
- (5) Tot tyd en wyl sodanige meettoestel geïnstalleer is ten opsigte van water wat aan 'n verbruiker voorsien is, moet die beraamde of veronderstelde verbruik van daardie verbruiker gebaseer word op die gemiddelde verbruik van water wat in 'n spesifieke tydperk voorsien is aan die spesifieke sone waarin die verbruiker se perseel geleë is.
- (6) As dit na die mening van die Munisipaliteit nie redelikerwys moontlik of koste-effektief is om water te meet wat aan elke verbruiker in 'n bepaalde sone voorsien word nie, kan die Munisipaliteit die gelde vasstel wat deur elke verbruiker in daardie sone betaal moet word, ongeag werklike verbruik.
- (7) Gelde wat vasgestel word ingevolge subartikel (6) sal gebaseer wees op die beraamde gemiddelde verbruik van water wat aan daardie sone voorsien word.
- (8) Vir die doeleindes van subartikels (6) en(7) is 'n sone daardie plaaslike stuk grond waarvan die perseel wat geokkupeer word deur die verbruiker, deel uitmaak, en wat ingevolge die dorpsbeplanningskema of ruimtelikeontwikkelingsraamwerk vir homogene gebruik gesoneer is.
- (9) As watervoorsieningsdienste gelewer word deur 'n gemeenskaplike waterdienstewerke sal die bedrag wat verskuldig en betaalbaar is deur verbruikers wat toegang verkry tot watervoorsieningsdienste deur die gemeenskaplike waterdienstewerke, gebaseer word op die beraamde gemiddelde verbruik van water wat voorsien word aan daardie gemeenskaplike waterdienstewerke, en die beslissing van die Munisipaliteit in verband met daardie bedrag is final en bind elke verbruiker wat daardeur geraak word, tensy dit regtens tersyde gestel word.
- (10) Niks in hierdie Verordening mag só uitgelê word dat daar aan die Munisipaliteit 'n verpligting opgelê word om toe te sien dat enige meettoestel wat op enige perseel geïnstalleer is aan die einde van elke maand of enige ander vaste tydperk deur die Munisipaliteit gelees moet word nie, en die Munisipaliteit kan die hoeveelheid water wat voorsien is oor enige tydperk gedurende die periode tussen opvolgende lesings van die meettoestel beraam en 'n rekening aan die verbruiker lewer vir die hoeveelheid water wat so beraam is.
- (11) 'n Wateraansluiting vir 'n huishoudelike enkelwoning kan, onderworpe aan die voorwaardes wat in artikel 9(4) vervat is, geregtig wees op 'n waterlekkorting, mits die verbruiker of eienaar aansoek doen ingevolge hierdie Verordening en alle vereistes wat gestel word in die Munisipaliteit se Klantesorg, Kredietbeheer en Skuldinvorderingsverordening en beleid nagekom is.
- (12) Vir die doeleindes van subartikel (11) sal die hoeveelheid water waarmee die verbruiker gekrediteer gaan word, bereken word as die verskil tussen die verbruik vir die tydperk waartydens die lek voorgekom het (wat die tydperk is tussen die aangetekende aanmelding en die herstel van die lek) en die hoogste verbruik wat oor die voorafgaande 12 maande aangeteken is.
- (13) Daar mag geen vermindering wees van die hoeveelheid as die waterverlies regstreeks of onregstreeks te wyte is aan die verbruiker se versuim om te voldoen aan, of sy oortreding van, hierdie Verordening nie.

### Foutiewe meting

26. (1) As 'n verbruiker rede het om te glo dat 'n meettoestel wat vir die meet van water gebruik word en wat deur die Municipaaliteit aan hom verskaf is, foutief is, kan hy, teen betaling van die voorgeskrewe geldie, skriftelik aansoek doen dat die meettoestel getoets word.
- (2) Die voorgeskrewe geldie waarna daar verwys word in subartikel (1) moet –  
 (a) behou word deur die Municipaaliteit as bevind word dat die meettoestel ingevolge subartikels (3) of (4) nie foutief is nie; of  
 (b) terugbetaal word aan die aansoeker as die meettoestel ingevolge daardie subartikels foutief bevind word.
- (3) 'n Meter waarop die regulasies wat betrekking het op watermeters, wat ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet 77 van 1973) afgekondig is, sal geag word foutief te wees as dit getoets is ooreenkomsdig SANS 1529 (soos gewysig van tyd tot tyd) en daar bevind is dat dit persentasiegewys meer oor- of onderregistreer is as wat ingevolge daardie spesifikasie toegelaat word vir 'n meter wat in gebruik is.
- (4) 'n Meettoestel waarop die regulasies waarna daar verwys word in subartikel (3) nie van toepassing is nie word geag foutief te wees as bevind word dat dit persentasiegewys meer oor- of onderregistreer as wat toegelaat word in die betrokke dele van SANS 1529 (soos van tyd tot tyd gewysig).
- (5) 'n Verbruiker mag op eie koste teenwoordig wees by die toets van enige meettoestel waarby die verbruiker 'n belang het, nadat hy die Municipaaliteit redelike kennis gegee het van sy voorneme.
- (6) Enige meettoestel wat deur die Municipaaliteit vir toetsing verwyder word, moet onbeskadig behou word en moet drie maande na die toets beskikbaar bly. Die meter mag net met die skriftelike toestemming van die verbruiker uitmekaar gehaal word, en sonder benadeling van die Municipaaliteit se regte.

### Aanpassing van hoeveelheid water wat voorsien word deur die foutiewe meettoestel

27. (1) As die Municipaaliteit bevind dat die meettoestel foutief is ingevolge artikel 26, moet die Municipaaliteit –  
 (a) die meettoestel herstel of 'n ander meettoestel wat in 'n goeie toestand is, installeer sonder om die verbruiker te laat betaal vir die meettoestel, tensy die koste daarvan van die verbruiker verhaal kan word as artikel 24(5) oortree is; en  
 (b) die hoeveelheid water waarvoor die verbruiker sal moet betaal, vasstel ooreenkomsdig artikel 25(4)(a).

### Spesiale lesing op versoek van die verbruiker

28. Die Municipaaliteit moet, wanneer hy 'n skriftelike kennisgewing van minstens vyf werksdae van die verbruiker ontvang, en onderworpe aan betaling van die voorgeskrewe geldie, 'n meettoestel lees op 'n ander tyd of dag as wat dit normaalweg gelees sou word.

### Spesiale meting

29. (1) As die Municipaaliteit wil vasstel hoeveel water in 'n gedeelte van die waterinstallasie gebruik word,

vir 'n doel anders as die heffing vir water wat verbruik word, kan hy dit doen nadat hy die betrokke eienaar skriftelik verwittig het van sy voorneme om 'n meettoestel te installeer by sodanige punt in die waterinstallasie wat hy aanwys.

- (2) Die installasie van 'n meettoestel waarna daar verwys word in subartikel (1), die verwydering daarvan, en die herstel van die waterinstallasie na sodanige verwydering, moet op die Munisipaliteit se koste gedoen word. In die geval van 'n aansluiting sonder 'n meettoestel, is die verbruiker aanspreeklik vir die koste van die installasie van 'n meettoestel.
- (3) Die bepalings van artikels 24(3)(a) en 24(4)(b) is van toepassing vir sover dit van toepassing is op 'n meettoestel wat ingevolge subartikel (1) geïnstalleer is.

#### **Deel 4: Installeerwerk en Gebruik van Pype en Toebehore**

##### **Goedkeuring van installeerwerk**

30. (1) As die eienaar installasiewerk wil laat doen, moet hy eers die Munisipaliteit se skriftelike toestemming verkry; met dien verstande dat goedkeuring nie vereis word –
- (a) in die geval van waterinstallasies in wooneenhede nie; of
  - (b) in die geval van installasies waar geen brandinstallasie ingevolge enige deel van SANS 10400 vereis word nie; of
  - (c) ingevolge enige ander munisipale verordeninge nie; of
  - (d) vir die vervanging of herstel van 'n bestaande pyp of watertoebehoorsel wat nie 'n vaste waterverwarmer en sy bybehorende beskermingstoestelle is nie.
- (2) As enige van die installasiewerk beheer word deur die OIA-regulasies moet die eienaar seker maak dat hy daaraan voldoen en die nodige magtiging ten opsigte daarvan kry.
- (3) Aansoek om die goedkeuring waarna daar in subartikel (1) verwys word, moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm en moet vergesel wees van –
- (a) die voorgeskrewe gelde, indien van toepassing; en
  - (b) kopieë van die tekeninge wat deur die Munisipaliteit voorgeskryf word, waarop inligting verstrek word in die formaat soos deur SANS-kode 10125 vereis; en/of
  - (c) 'n sertifikaat van 'n persoon wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, waarin gesertifiseer word dat die installasie ontwerp is ooreenkomsdig SANS 10125, of dat dit rasioneel ontwerp is.
- (4) Die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) is nie van toepassing op 'n gekwalificeerde loodgieter wat 'n vaste waterverwarmer of bybehorende beskermingstoestelle vervang.
- (5) Magtiging wat ingevolge subartikel (1) verleen is, verval by die verstryking van die tydperk van 24 maande na die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die magtiging verleen is.
- (6) Indien toestemming ingevolge subartikel (1) vereis word, moet 'n volledige stel goedgekeurde tekeninge van die installasiewerk te alle tye op die werkterrein beskikbaar wees totdat sodanige werk voltooi is.

- (7) Indien installasiewerk strydig met subartikels (1), (2) of (3) gedoen is, kan die Munisipaliteit die eienaar van die betrokke perseel by wyse van skriftelike kennisgewing gelas om –
- (a) binne 'n vasgestelde tydperk aan die regulasies te voldoen;
  - (b) die werk te staak as dit aan die gang is; en
  - (c) al die werk wat nie aan hierdie Verordening voldoen nie, te verwyder.

#### **Persones wat toegelaat word om installeerwerk te doen**

31. (1) Geen eienaar of verbruiker mag 'n persoon, buiten 'n gekwalifiseerde loodgieter of 'n persoon wat onder die beheer van 'n geregistreerde loodgieter werk, in diens neem om –
- (a) installasiewerk te doen nie, buiten die vervanging of herstel van 'n bestaande pyp of watertoebesoersel;
  - (b) 'n vaste waterverwarmer of sy bybehorende beskermingstoestelle te vervang nie;
  - (c) 'n waterinstallasie, brandinstallasie of opgaartenk te na te gaan, te disinfecteer en te toets nie;
  - (d) 'n terugvloeisperder te versien, te herstel of vervang nie; of
  - (e) 'n meter wat deur 'n eienaar vir 'n waterinstallasie verskaf is, te installeer, in stand te hou of te vervang nie.
- (2) As 'n eienaar of verbruiker 'n persoon in diens neem anders as ooreenkomsdig subartikel (1) word sodanige installasiewerk op eie risiko gedoen en die Munisipaliteit kan aandring op 'n inspeksie van die werk deur 'n gekwalifiseerde loodgieter op die eienaar of verbruiker se koste.
- (3) Die Munisipaliteit aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige skade wat 'n persoon gely het of koste wat hy aangegaan het as gevolg van foutiewe installasiewerk nie, en hou die persoon aanspreeklik vir alle skade en koste wat die Munisipaliteit moontlik sal moet aangaan ten opsigte van die Munisipaliteit se watervoorsieningstelsel.

#### **Verskaffing en instandhouding van waterinstallasie**

32. (1) 'n Eienaar moet 'n waterinstallasie op eie koste verskaf en in stand hou en moet verseker dat – die installasie binne die grense van sy perseel geleë is, behalwe –
- (a) in die geval van 'n aansluiting by 'n aansluitpyp; of
  - (b) as dit ingevolge hierdie Verordening toegelaat word.
- (2) Voordat die eienaar werk in verband met die instandhouding van 'n gedeelte van sy waterinstallasie wat buite die grens van sy perseel geleë is, laat doen, moet hy die skriftelike toestemming verkry van die Munisipaliteit of van die eienaar van die grond waarop sodanige gedeelte geleë is, na gelang van die geval.

#### **Tegniese vereistes vir waterinstallasie**

33. (1) Ondanks die vereiste dat 'n sertifikaat uitgereik moet word ingevolge artikel 30(3)(c), moet alle waterinstallasies voldoen aan SANS 10125 en alle vaste elektriese opgaarwaterverwarmers aan SANS 10254.
- (2) Benewens enige vereiste van SANS 10125 moet die verbruiker op eie koste, of kan die Munisipaliteit na goeddunke en op die verbruiker se koste, en vir die verbruiker se uitsluitlike gebruik, 'n

afsluitkraan op 'n gesikte plek binne die grense van die perseel aan die verbruiker se kant van die meettoestel wat na die waterinstallasie lei, verskaf.

#### **Gebruik van pype en watertoebehere moet gemagtig wees**

34. (1) Niemand mag, sonder die voorafverkreë magtiging van die Munisipaliteit, 'n pyp of watertoebehoorsel in 'n water of dreineerinstallasie binne die regsgebied van die Munisipaliteit gebruik nie, tensy dit –
- (a) die standaarddisasiemerk van die SABS dra ten opsigte van die betrokke SANS-spesifikasie wat deur die SABS uitgereik is; of
  - (b) 'n sertifiseringsmerk wat deur die SABS uitgereik is om te sertificeer dat die pyp of watertoebehoorsel voldoen aan 'n SANS-merkspesifikasie of 'n voorlopige spesifikasie wat deur die SABS uitgereik is, met dien verstande dat geen sertifiseringsmerk uitgereik mag word vir 'n tydperk wat twee jaar oorskry nie; en
  - (c) ingesluit is by die bylae van Goedgekeurde Pype en Toebehere wat deur die Munisipaliteit opgestel is; of aanvaarbaar is vir die Munisipaliteit soos skriftelik te kenne gegee is deur 'n gemagtigde beampete.
- (2) Die Munisipaliteit kan, ten opsigte van enige pyp of watertoebehoorsel sodanige bykomende voorwaardes stel wat hy dienstig ag ten opsigte van die gebruik of installasiemetode daarvan.
- (3) Die bylae van Goedgekeurde Municipale Standaarde en Spesifikasies (soos van tyd tot tyd gewysig) moet gedurende kantoorure by die municipale kantore beskikbaar wees.

#### **Merk van eindpuntwatertoebehere en -toestelle**

35. Alle eindpuntwatertoebehere en -toestelle wat water gebruik of uitlaat, moet gemerk wees of moet by die verpakking van die item die volgende inligting bevat:
- (a) Die omvang van die werkdruck in kPa waarvoor die watertoebehoorsel of -toestel ontwerp is;
  - (b) die vloeitempo's in liter per minuut, wat verband hou met die ontwerpdrukomvang; met dien verstande dat hierdie inligting minstens vir die volgende waterdrukke verstrek moet word:
    - (i) 20 kPa
    - (ii) 100 kPa
    - (iii) 400 kPa

#### **Wederregtelike waterinstallasie**

36. As enige installasiewerk strydig met hierdie Verordening gedoen is, moet die eienaar, wanneer hy 'n voldoeningskennisgewing van die Munisipaliteit ontvang het, daardie veranderinge aan die installasie aanbring wat in die kennisgewing voorgeskryf word.

#### **Pyp in straat of openbare plek**

37. (1) Niemand mag, met die doel om water uit watter bron ook al te gelei, 'n pyp of bybehorende komponent op, in of onderdeur 'n straat of openbare plek of ander grond waarvan die Munisipaliteit die eienaar is, of waarvan die eienaarskap by hom berus, of wat onder sy beheer is, lê of bou nie,

behalwe met die voorafverkreë, skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag oplê wanneer hy toestemming gee insluitend die goedkeuring van 'n bouplan deur die Munisipaliteit.

- (2) Geen ander parallelle diens (Telkom, elektrisiteit, ens.) mag nader as 500 mm van 'n bestaande munisipale waterdienspyp af geïnstalleer word nie, gemeet van die buitekant van die pyp af, en in geen omstandighede bo-op sodanige waterpyp nie.

#### **Deel 5: Installasies vir Brandbestrydingsdoeleindes**

##### **Aansluiting moet goedgekeur word deur die Munisipaliteit**

38. (1) Die Munisipaliteit mag na absolute goeddunke 'n aansoek om die aansluiting van 'n brandbestrydingsinstallasie by sy hoofleiding toestaan of weier.
- (2) As 'n brandbestrydingsinstallasie wat die Munisipaliteit toegelaat het dat dit by sy hoofleiding aangesluit word, na sy mening nie in behoorlike werkende toestand gehou word nie, of andersins nie behoorlik in stand gehou word nie, ofstrydig met artikel 42(3) of 42(4) gebruik word, mag die Munisipaliteit gelas dat dit installasie van die hoofleiding ontkoppel word, of mag hy self die ontkoppelingswerk doen op die koste van die eienaar of verbruiker, na gelang van die geval.

##### **Spesiale bepalings vir brandbestrydingsdienste**

39. Enige waterinstallasie vir die voorsiening van water vir brandbestrydingsdoeleindes moet voldoen aan die bepalings van die betrokke dele van SANS 10125 of enige hersiening of vervanging daarvan en, waar dit van toepassing is, SANS 10400-W en SANS 10400-T of ander toepaslike dele van SANS 10400 of ander nasionale standaarde wat van toepassing is.

##### **Inspeksie en goedkeuring van brandbestrydingsinstallasie**

40. (1) Water mag nie voorsien word aan enige brandbestrydingsinstallasie nie, tensy dit gemeet word, en dié meting word gedoen op die verbruiker of eienaar se koste, en totdat –
  - (a) dit geïnspekteer en getoets is deur die Munisipaliteit;
  - (b) die Munisipaliteit skriftelik gesertifiseer het dat sodanige waterinstallasie voltooi is en voldoen aan die vereistes van hierdie Verordening; en
  - (c) die gelde wat deur die Munisipaliteit vereis word vir sodanige inspeksie en toetsing betaal is.
- (2) Die Ingenieur sal die maksimum nominale grootte van die aftakking van die munisipale hoofleiding en die maksimum grootte van die water meter bepaal.

##### **Dubbele en gekombineerde installasies**

41. (1) Alle nuwe geboue wat opgerig is nadat hierdie Verordening van krag geword het, moet voldoen aan die volgende vereiste met betrekking tot die voorsiening van brandbestrydingsdienste:
  - (a) Gekombineerde installasies, waarin dieselfde pype en toebehore gebruik word vir brandbestryding en algemene huishoudelike doeleindes, word slegs toegelaat as geen aanjaagpompaansluiting in die waterinstallasie verskaf is nie.

- (b) Gekombineerde installasies, waar 'n aanjaagpompaansluiting verskaf is, word net toegelaat as dit ontwerp en gesertifiseer is deur 'n professionele persoon en goedgekeur is deur die Ingenieur.
- (c) Geen aanjaagpompstelsel mag regstreeks aangesluit word by 'n aansluiting met 'n meter nie.
- (d) In die omstandighede wat in paragraaf (a) beoog word, moet 'n brandkraan binne 120 meter van die eiendom af deur die Munisipaliteit verskaf word op die verbruiker se koste om 'n waterbron te verskaf vir die gebruik van die bemanning van enige brandweerwa wat gestuur word om 'n brand te blus.
- (e) Alle pype en toebehore moet bestand wees teen 'n druk hoër as 1800 kPa, wat verwag kan word wanneer 'n aanjaagpomp gebruik word, en moet ontwerp wees om hulle integriteit te behou wanneer hulle blootgestel word aan brandomstandighede.

#### **Aansluitpyp vir brandbestrydingsdienste**

42. (1) Die Munisipaliteit kan 'n enkele aansluiting verskaf by die watervoorsieningstelsel wat dien as 'n aansluitpyp vir 'n brandbestrydinginstallasie (buiten 'n sprinkelstelsel) en vir drinkwatertoewerdiens.
- (2) Die Munisipaliteit moet 'n meter vir die aansluitpyp waarna daar in subartikel (1) verwys word, op die eienaar se koste verskaf en installeer.
- (3) As daar 'n bestaande aansluitpyp is met die uitsluitlike doel om brandbestrydingsdienste te verskaf, mag sodanige aansluitpyp net vir daardie doel gebruik word en moet dit op die verbruiker se koste van 'n meter voorsien word.
- (4) Geen aftakking van enige aansluitpyp waarna daar in subartikel (3) verwys word, mag gedoen word nie en geen water daaruit mag gebruik word nie, behalwe in verband met 'n outomatiese sprinkelaar en drenkstelsel, 'n brandkraanaansluiting of 'n slangtolaansluiting, of vir enige gepaardgaande druktenkaansluiting, en sodanige tenk moet beheer word met 'n goedgekeurde toebehoersel.
- (5) 'n Afsonderlike aansluitpyp moet gelê en gebruik word vir elke sprinkelbrandblusstelsel en moet van 'n meter voorsien word op die verbruiker se koste, tensy die Munisipaliteit dit anders goedkeur.

#### **Kleppe en meters in aansluitpyleiding**

43. Elke aansluitpyp by 'n brandbestrydingsinstallasie moet toegerus wees met 'n behoorlike sluisklep, 'n sif, 'n meettoestel en 'n gepaste terugslagklep wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, wat deur die Munisipaliteit verskaf moet word op die verbruiker se koste, of die verbruiker kan dit verskaf, maar dan moet dit deur die Munisipaliteit geïnstalleer word.

#### **Sprinkelblusinstallasie**

44. Die Munisipaliteit waarborg nie dat enige spesifieke druk en/of vloeitempo vir 'n sprinkelinstallasie beskikbaar is nie.

### **Druktenk of dubbele toevoer van die hoofleiding af**

45. (1) Tensy 'n sprinkelinstallasie voorsien is van 'n duplikaat- of reserwetoevoer van 'n afsonderlike hoofleiding af, moet die verbruiker 'n druktenk op of in die gebou of struktuur verskaf op so 'n hoogte dat dit sal vergoed vir enige mislukking of vermindering van die druk in die Munisipaliteit se hoofleiding.
- (2) Terugslagkleppe soos gespesifieer deur die Munisipaliteit moet voorsien word waar meer as twee aansluitings aan 'n perseel voorsien word.

### **Verseëling van private brandkraan**

46. (1) Behalwe in die geval van 'n brandbestrydingsinstallasie wat voorsien word deur 'n aansluitpyp met 'n meter, moet 'n private brandkraan en slangtol deur die Munisipaliteit verseël word en sodanige seël mag deur niemand gebreek word nie, buiten deur die Munisipaliteit wanneer hy versiening- of toetswerk doen en behalwe as die brandkraan afgerol word wanneer 'n brand uitbreek.
- (2) Elke eienaar of verbruiker moet die Munisipaliteit minstens 48 uur kennis gee van sy voorneme om 'n brandbestrydingsinstallasie te laat toets of versien.
- (3) Die koste van die herseëling van die brandkraan en slangtol waarna daar in subartikel (1) verwys word, moet deur die verbruiker gedra word, behalwe as die seël vir toetsdoeleindes gebreek is deur 'n werknemer van die Munisipaliteit.
- (4) Alle water wat verbruik word nadat die seël gebreek is, waarna daar in subartikel (1) verwys word, behalwe terwyl die Munisipaliteit toetswerk doen of as 'n brand bestry word, moet deur die verbruiker betaal word teen gelde wat deur die Munisipaliteit vasgestel is vir huishoudelike doeleindeste.
- (5) Die hoeveelheid water wat verbruik is, soos bedoel in subartikel (3), word deur die Munisipaliteit vasgestel.

### **Deel 6: Waterbesparing en Voorkoming van Besoedeling**

#### **Vermorsing van water**

47. (1) Geen verbruiker mag –
- (a) toelaat dat water doelloos of vermorsend uit enige eindpuntwatertoebheoorsel gelaat word nie;
  - (b) toelaat dat enige pype of watertoebehore lek nie;
  - (c) die gebruik van verkeerd gestelde of foutiewe watertoebehore toelaat nie;
  - (d) toelaat dat water aanhouwend oorloop nie;
  - (e) toelaat dat water aanhouwend oneffektief gebruik word nie; of
  - (f) toelaat dat 'n tuin of grasperk of park tussen 10:00 en 16:00 op enige dag besproei word nie.
- (2) 'n Eienaar moet sonder versuim enige deel van sy waterinstallasie wat in so 'n toestand van verval verkeer dat dit die gebeure wat in subartikel (1) gelys word, veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak, herstel of vervang.

- (3) As 'n eienaar versuim om die maatreëls te tref wat in subartikel (2) beoog word, moet die Munisipaliteit by wyse van skriftelike kennisgewing ingevolge artikel 109, die eienaar gelas om te voldoen aan die bepalings van subartikel (1).
- (4) 'n Verbruiker moet verseker dat enige toerusting of aanleg wat aan sy waterinstallasie gekoppel is, water doeltreffend gebruik.
- (5) Die Munisipaliteit kan, deur skriftelik kennis te gee, 'n verbruiker die gebruik van enige toerusting in 'n waterinstallasie verbied indien die waterverbruik na sy mening ondoeltreffend is. Sodanige toerusting mag nie weer gebruik word voordat die doeltreffendheid daarvan herstel is en 'n skriftelike aansoek om dit te doen deur die Munisipaliteit goedgekeur is nie.
- (6) As 'n eienaar versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing waarna daar verwys word in subartikels (3) of (5), moet die Munisipaliteit sonder vooraf kennisgewing stappe doen wat hy dienstig ag en die koste daarvan van die eienaar verhaal.

#### **Motorwasfasiliteite**

48. (1) Die Munisipaliteit kan vereis dat alle kommersiële voertuigwasfasiliteite so gebou en bedryf moet word dat 50 persent van die water deur die fasilitet gebruik, vir hergebruik sirkuleer word.
- (2) Die ontwerp van die voertuigwasfasilitetstelsel moet deur 'n professionele persoon gedoen word en die planne daarvan moet vooraf ingedien word by en goedgekeur word deur die Ingenieur.

#### **Gryswaterpraktyke**

49. (1) 'n Eienaar kan 'n gryswatergebruikstoestel op sy perseel installeer mits behoorlike beheer daaroor uitgeoefen word en enige gevolge daarvan, soos slegte ruike, nie 'n oorlas word nie.
- (2) Die Munisipaliteit kan die gebruik van gryswater op enige perseel inspekteer en, as dit nodig geag word, beperkings stel, of voorwaardes oplê vir die gebruik van gryswater as vermoed word dat die gebruik daarvan 'n negatiewe invloed het op die gesondheid van persone wat sodanige perseel okkuper of op die omgewing.

#### **Spesifikasies van toerusting om waterbesparing te bevorder**

50. (1) Geen spoelbak met 'n kapasiteit groter as 9 liter en sy bybehorende pan mag geïnstalleer word nie.
- (2) Slegs gebruikergeaktiveerde spoelurinale kan geïnstalleer word en dit moet verkieslik dubbelspoelwerking hê.
- (3) Die vloeitempo uit enige kraan wat by 'n handwasbak geïnstalleer word, mag nie 6 liter per minuut oorskry nie.
- (4) 'n Waterinstallasie waar die dinamiese waterdruk meer as 200 kPa by die stortbeheerklep is, en waar die loodgieterswerk ontwerp is om die waterdruk van die koue en warmwatertoewerke na die stortbeheerklep te balanseer, mag die stortkop se maksimum vloeitempo nie 10 liter per minuut oorskry nie.

## **Waternaamvraagbestuur**

- 51.** (1) Niemand mag, sonder die voorafverkreë magtiging van die Munisipaliteit, 'n sportterrein, park of ander gebied wat met gras beplant is, of tuinbougebied tussen 10:00 en 16:00 op enige dag natgoinie, ongeag die waterbron wat gebruik word.
- (2) Enige persoon wat subartikel (1) oortree of versuum om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding en kan beboet word soos voorgeskryf in die Nasionale Waterwet of ander toepaslike wetgewing.

## **Waterbeperkings**

- 52.** (1) Die Munisipaliteit kan, onderworpe aan ander toepaslike wetgewing, by wyse van openbare kennisgewing die vermorsende gebruik van water voorkom of in die geval van 'n watertekort, droogte of oorstrooming –
- (a) die verbruik van water in sy hele regssgebied of in 'n gedeelte daarvan verbied, vir algemene doeleindes of –
    - (i) vir bepaalde doeleindes;
    - (ii) gedurende bepaalde ure van die dag of op bepaalde dae; en
    - (iii) op 'n bepaalde manier; en
  - (b) hy kan –
    - (i) perke vasstel en oplê op die hoeveelheid water wat verbruik mag word oor 'n vasgestelde tydperk;
    - (ii) gelde vasstel en oplê, bykomend tot dié wat voorgeskryf is, vir water wat voorsien word en wat die perk soos in subartikel 1(b)(i) beoog oorskry;
    - (iii) 'n algemene toeslag op die voorgeskrewe gelde vir die voorsiening van water vasstel en oplê; en
  - (c) beperkings of verbodsbeplings plaas op die gebruik of die manier van gebruik of die opstel van 'n toestel met behulp waarvan water gebruik of verbruik word, of op die aansluiting van sodanige toestelle by die waterinstallasie.
- (2) Die Munisipaliteit kan die toepassing van die bepalings van 'n kennisgewing wat in subartikel (1) beoog word, beperk tot bepaalde gebiede en kategorieë verbruikers, persele en aktiwiteite, en kan afwykings en vrystellings en die verslapping van enige bepaling toelaat op sodanige redelike gronde as wat hy dienstig ag.
- (3) Die Munisipaliteit –
- (a) kan sodanige stappe doen, of deur skriftelike kennisgewing 'n verbruiker gelas om dit op eie koste te doen, met inbegrip van die installering van meettoestelle en toestelle vir die beperking van die vloei van water, wat na sy mening nodig is om nakoming te verseker van 'n kennisgewing wat gepubliseer is ingevolge subartikel (1); of
  - (b) kan, onderworpe aan kennisgewing, die watertoever na enige perseel afsluit of, vir 'n tydperk wat hy dienstig ag, die watertoever na enige perseel beperk in die geval van 'n oortreding op sodanige perseel van, of versuum om te voldoen aan, die bepalings van 'n kennisgewing wat gepubliseer is ingevolge subartikel (1), en as die toevoer afgesluit is, mag dit net weer aangesluit word as die voorgeskrewe gelde vir afsluiting en heraansluiting van die toevoer betaal is.
- (4) Die bepalings van hierdie artikel geld ook vir water wat regstreeks deur die Munisipaliteit voorsien word aan verbruikers buite sy regssgebied, ondanks enige strydige bepaling in die voorwaardes wat

sodanige voorsiening beheer, tensy anders aangedui word in die kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) gepubliseer is.

### **Eienaar moet waterbesoedeling voorkom**

53. (1) 'n Eienaar moet maatreëls wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, tref en in stand hou om te voorkom dat 'n stof wat 'n gevaar inhoud vir gesondheid of die omgewing, of wat die drinkbaarheid of die gehalte of die gesiktheid vir gebruik van water nadelig kan raak, inkom –
- (a) in die watervoorsieningstelsel;
  - (b) in enige deel van die waterinstallasie op die perseel;
  - (c) in enige stormwaterstelsel;
  - (d) in enige rioolwaterwegdoenstelsel; en
  - (e) in die omgewing.
- (2) As 'n persoon subartikel (1) oortree, kan die Munisipaliteit –
- (a) sodanige persoon by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gelas om binne 'n vasgestelde tydperk regstellende stappe te doen om die besoedeling van water in die watervoorsieningstelsel of waterinstallasie op sy perseel te voorkom; of
  - (b) as hy van mening is dat die situasie 'n geval van dringendheid is, sonder vooraf kennisgewing die werk wat ingevolge subartikel 2(a) nodig is, onderneem en die koste van sodanige persoon verhaal.
- (3) Swembadterugspoelwater mag nie in enige stormwaterstelsel of natuurlike stroom uitgelaat word nie. Dit moet in die rioolwaterwegdoenstelsel uitgelaat word.

### **Beskerming van watervoorsieningstelsel en -installasie**

54. (1) Die eienaar moet enigeen van die maatreëls waarna daar verwys word in subartikel (2) tref om die terugvloei van water van die waterinstallasie af na die watervoorsieningstelsel te voorkom in die geval van –
- (a) 'n brand- of gekombineerde stelsel op die perseel; en
  - (b) 'n algemene installasie wat gebruik word vir –
    - (i) mediese behandeling van mense of diere;
    - (ii) mediese, farmaseutiese of chemiese navorsing en vervaardiging;
    - (iii) landbou, met inbegrip van melkerye en kwekerye;
    - (iv) fotografiese verwerking;
    - (v) wassery en droogskoonmakery;
    - (vi) metaalplatering;
    - (vii) behandeling van velle en huide; en
  - (c) 'n algemene installasie wat gebruik word vir –
    - (i) lykhuise;
    - (ii) abattoirs;
    - (iii) rioolwatersuiweringswerke;
    - (iv) afvalverwerkingsaanlegte;
    - (v) fasiliteite vir olieverwerking en -opberging;
    - (vi) wynmakerye, distilleerders, brouerye, suurdeeg- en koeldrankfabrieke;
    - (vii) sportfasiliteite; of
    - (viii) enige ander perseel waarop 'n aktiwiteit plaasvind wat, na die mening van die Munisipaliteit waarskynlik 'n gevaar vir gesondheid en die omgewing inhoud, of die drinkbaarheid van water kan beïnvloed as 'n stof wat die gevolg is van sodanige aktiwiteit in die watervoorsieningstelsel inkom.

- (d) 'n algemene installasie op enige perseel na 'n voldoeningskennisgewing deur die Munisipaliteit om dit te doen.
- (2) Die maatreëls wat vereis word ingevolge subartikel (1) is –
- (a) die uitlaat van water vanaf die dienspyp in die opgaartenk deur die luggaping; of
  - (b) om water te laat vloei deur 'n –
    - (i) verminderdedruk-terugvloeisperder; of
    - (ii) 'n dubbelkeer-terugvloeisperder; of
  - (c) enige ander maatreëls wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is wat dieselfde doel sal dien.
- (3) Die eienaar van enige perseel moet voorkom dat 'n stof wat waarskynlik 'n gevaar vir gesondheid en die omgewing kan inhou, of die drinkbaarheid van water kan beïnvloed, terughewel in sy waterinstallasie, in die geval van –
- (a) 'n eindpuntwatertoebehoersel wat so ontwerp is dat 'n slang of ander buigsame pyp daaraan gekoppel is of kan word, met inbegrip van 'n slang-tapkraan, 'n laboratoriumkraan en 'n verplaasbare storteenheid;
  - (b) 'n brandslangtol in 'n gekombineerde installasie;
  - (c) 'n ondergrondse besproeiingstelsel; of
  - (d) enige ander toebehoersel wat kontak kan maak tussen besoedelde water en die waterinstallasie.

## **Deel 7: Watervoorsieningsdienste: Allerlei**

### **Gebruik van water uit 'n ander bron as die watervoorsieningstelsel**

55. (1) Niemand mag water wat verkry word uit 'n ander bron as die watervoorsieningstelsel gebruik of die gebruik daarvan toelaat nie, uitgesonderd reënwater tenks wat nie by 'n waterinstallasie aangesluit is nie, behalwe met die voorafverkreë toestemming van die Munisipaliteit en met voldoening aan die voorwaardes wat hy kan ople vir huishoudelike, kimmersiële of nywerheidsdoeleindes.
- (2) Enige persoon wat die toestemming waarna daar in subartikel (1) verwys word, wil hê, moet aan die Munisipaliteit bevredigend bewys dat die water waarna daar in daardie subartikel verwys word, hetsy as gevolg van behandeling al dan nie, voldoen aan die vereistes van SANS 241, of dat die gebruik van sodanige water nie 'n gesondheidsgevaar inhou nie.
- (3) Enige toestemming wat gegee word ingevolge subartikel (1) kan teruggetrek word indien die Munisipaliteit van mening is dat –
- (a) 'n voorwaarde wat opgelê is ingevolge subartikel (1) verbreek is; of
  - (b) die water nie meer voldoen aan die vereistes waarna daar in subartikel (2) verwys word nie.
- (4) Niemand mag behandelde uitvloeisel vir enige doel gebruik sonder die Munisipaliteit se voorafverkreë skriftelike goedkeuring nie, welke toestemming onderhewig sal wees aan die indiening van nasionale en/of provinsiale wetlike goedkeurings soos van toepassing mag wees en geweier kan word of onderworpe kan wees aan sodanige verdere voorwaardes wat die Munisipaliteit nodig ag.

### **Kennisgewing en die gebruik van boorgate**

56. (1) Die Munisipaliteit kan by wyse van openbare kennisgewing vereis dat –

- (a) die eienaar van enige perseel in die regssgebied van die Munisipaliteit waarop daar 'n boorgat is, of, as die eienaar sodanige perseel nie okkuper nie, die okkuperder daarvan, kennis gee op die voorgeskrewe vorm van die bestaan van 'n boorgat op sodanige perseel en hom voorsien van die inligting daaroor wat hy vereis; en
  - (b) die eienaar of okkuperder van enige perseel wat voornemens is om 'n boorgat op sodanige perseel te sink, die Munisipaliteit op die voorgeskrewe vorm van sodanige voorneme in kennis stel voordat daar met die werk in verband daarmee begin word.
- (2) Die Munisipaliteit kan, binne redelike perke, van die eienaar of okkuperder van enige perseel wat voornemens is om 'n boorgat te sink, vereis om 'n omgewingsimpakstudie vir sodanige beoogde boorgat te onderneem tot voldoening van die Munisipaliteit voordat die boorgat gesink word.
- (3) Boorgate is onderworpe aan alle toepaslike vereistes van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998).
- (4) Die Munisipaliteit kan by wyse van 'n kennisgiving aan die eienaar of okkuperder, of by wyse van 'n openbare kennisgiving, van eienars en okkuperders wat bestaande boorgate het, vereis om –
- (a) goedkeuring van die Munisipaliteit te verkry vir die gebruik van 'n boorgat vir waterdienste ooreenkomsdig artikels 6, 7, en 22 van die Wet;
  - (b) die voorwaardes wat die Munisipaliteit oplê vir die gebruik van 'n boorgat vir waterdienste nakkom; en
  - (c) 'n vaste bedrag opgelê deur die Munisipaliteit vir die gebruik van sodanige boorgat te betaal.
- (5) Watertoevoer uit 'n boorgat mag in geen omstandighede aangesluit word by 'n waterinstallasie wat by die watervoorsieningstelsel van die Munisipaliteit aangesluit is nie.
- (6) Die eienaar van 'n perseel waarop water wat van 'n boorgat afkomstig is, aangewend word vir menslike gebruik, moet toesien dat die watergehalte te alle tye voldoen aan die standarde van SANS 241.

#### **Neem van watermonsters**

57. (1) Die Munisipaliteit kan, op grond van magtiging wat aan hom verleen is ingevolge artikels 6 of 7 van die Wet, watermonsters neem wat afkomstig is uit 'n ander bron as die watervoorsieningstelsel van die Munisipaliteit en die monsters laat toets om vas te stel of dit voldoen aan artikels 55(2) en 56(6).
- (2) Die voorgeskrewe gelde vir die neem en toets van die monsters waarna daar verwys word in subartikel (1) moet betaal word deur die persoon aan wie toestemming om die water te gebruik, verleent is ingevolge artikels 6(1) of 7(1) van die Wet.

#### **Voorsiening van nie-drinkbare water deur die Munisipaliteit**

58. (1) Die Munisipaliteit kan op grond van 'n aansoek ontvang ingevolge artikel 5 instem om nie-drinkbare water aan 'n verbruiker te verskaf (behalwe vir huishoudelike doeleinades), onderworpe aan die bepalings en voorwaardes wat die Munisipaliteit kan voorskryf.
- (2) Geen watertoevoer waartoe daar ingestem is ingevolge subartikel (1) mag gebruik word vir huishoudelike of ander doeleinades wat na die mening van die Munisipaliteit 'n gesondheidsrisiko kan inhou nie.

- (3) Geen uitdruklike of geïmpliseerde waarborg is van toepassing op die suiwerheid van enige nie-drinkbare water wat deur die Munisipaliteit voorsien word nie, of op die gesiktheid daarvan vir die doel waarvoor dit voorsien word nie.
- (4) Nie-drinkbare water, wat betref die toestand asook die gebruik daarvan, word geheel en al op die verbruiker se risiko voorsien en hy is aanspreeklik vir alle gevolgskade of verlies vir homself of vir ander wat regstreeks of onregstreeks daaruit voortspruit, met inbegrip van die gevolge van enige bona fide-fout van die Munisipaliteit of die wanfunkzionering van 'n behandelingsaanleg.
- (5) 'n Toevoer van nie-drinkbare water mag in geen omstandighede aangesluit word by 'n waterinstallasie wat by die drinkwatervoorsieningstelsel van die Munisipaliteit aangesluit is nie.

#### Toets van druk in stelsel

59. Die Munisipaliteit kan, wanneer hy 'n aansoek van 'n eienaar ontvang en die voorgeskrewe gelde betaal is, die druk in die watervoorsieningstelsel vir die eienaar se perseel meet oor die tydperk wat die eienaar versoek, en die uitslag aan die eienaar verskaf.

#### Waarskuwingskennisgewings

60. (1) Die eienaar moet, op 'n perseel waar nie-drinkbare water gebruik word, toesien dat elke eindpuntwatertoebesoel en elke toestel wat sodanige water voorsien of gebruik, duidelik gemerk is met 'n weerbestande kennisgewing wat aandui dat die water daarin of daaruit nie gesik is vir huishoudelike doeleinades nie.
- (2) In 'n gebied waar behandelde riooluitvloeisel gebruik word, moet die eienaar weerbestande kennisgewings op opvallende plekke aanbring waarin gewaarsku word dat sodanige uitvloeisel nie gesik is vir huishoudelike doeleinades nie.
- (3) Elke waarskuwingsteken wat voorgeskryf word ingevolge subartikels (1) en (2) moet in meer as een amptelike taal wees en moet die simboliese teken vir nie-drinkbare water wat voorgeskryf word in SANS 1186 (soos van tyd tot tyd gewysig) insluit.

#### Wateroudit

61. (1) Groot waterverbruikers (dié wat meer as 3650 kiloliter per jaar gebruik, of 'n ander volume wat deur die Munisipaliteit bepaal word), uitgesonderd dié wat bestaan uit veelvuldige wooneenhede, moet 'n wateroudit doen wanneer die Munisipaliteit dit vereis.
- (2) Die oudit moet die volgende besonderhede bevat –
- (a) die hoeveelheid water wat in die finansiële jaar gebruik is;
  - (b) die bedrag wat betaal is vir water in die finansiële jaar;
  - (c) die getal persone wat op die standplaas of perseel woon;
  - (d) die getal persone wat permanent op die standplaas of perseel werk;
  - (e) 'n vergelyking van bogenoemde faktore met dié wat gerapporteer is in elk van die voorafgaande drie jaar (indien van toepassing);
  - (f) seisoensvariasie in aanvraag (maandelikse verbruikslyfers);
  - (g) besonderhede van metodes waarvolgens waterbesoedeling gemoniteer word;
  - (h) besonderhede van huidige stappe om die vraag na water te bestuur;

- (i) besonderhede van planne om die vraag na water te bestuur;
  - (j) vergelyking van bogenoemde faktore met dié wat gerapporteer is in elk van die voorafgaande drie jare (indien van toepassing); en
  - (k) beraming van verbruik deur verskillende gebruikskomponente.
- (3) 'n Kopie van die audit moet ter insae beskikbaar wees vir beampies van die Departement van Waterwese en die Munisipaliteit.

## HOOFSTUK 4 SANITASIEDIENSTE

### Deel 1: Standaarde

#### **Standaarde vir sanitasiedienste**

- 62.** (1) Sanitasiedienste wat deur die Munisipaliteit gelewer word, sal, sover moontlik, voldoen aan die minimum standaarde wat gestel word vir die lewering van sanitasiedienste ingevolge artikel 9 van die Wet en die regulasies daarby.
- (2) Geen nuwe emmer-rioolwaterstelsel of septiesetenkstelsel sal in die munisipale gebied toegelaat word nie.

### Deel 2: Sanitasie- en Verwante Dienste op die Perseel

#### **Aansoek en voorwaardes vir sanitasie-infrastrukturuer op die perseel**

- 63.** (1) As 'n ooreenkoms vir sanitasie- en verwante dienste op die perseel bereik is ooreenkomstig artikel 4 en geen infrastruktuur daarvoor op die perseel bestaan nie, moet die eienaar onmiddellik aansoek doen om die installering daarvan op die voorgeskrewe vorm en –
  - (a) die voorgeskrewe gelde betaal vir die installering deur die Munisipaliteit van die infrastruktuur wat nodig is; of
  - (b) met die goedkeuring van die Munisipaliteit sanitasiedienste op die perseel installeer ooreenkomstig die spesifikasies van die Munisipaliteit.
- (2) Wanneer die aansoek om die installering van infrastruktuur oorweeg word, vereis die Munisipaliteit bevredigende bewys dat die sanitasiefasiliteit waarskynlik nie 'n oorlas sal wees of 'n nadelige uitwerking op gesondheid en die omgewing sal hê nie, en kan hy spesifiseer watter soort sanitasiedienste op die perseel geïnstalleer moet word. As 'n aansoek nie vergesel is van sodanige bevredigende bewys nie, kan die Munisipaliteit die aansoek weier.
- (3) Die Munisipaliteit kan te eniger tyd wanneer hy dit nodig ag, 'n ondersoek onderneem om te bepaal of 'n sanitasiefasiliteit 'n nadelige uitwerking op gesondheid en die omgewing het. As die sanitasiefasiliteit na die mening van die Munisipaliteit sodanige nadelige uitwerking het, kan die Munisipaliteit sy toestemming terugtrek, en die persoon aan wie die toestemming verleen is, is aanspreeklik vir die koste van genoemde ondersoek.

#### **Septiese tenk en behandelingsaanleg**

- 64.** (1) Niemand mag 'n septiese tenk of ander aanleg op die terrein vir die behandeling, wegdoening of opberging van rioolwater installeer, bedryf of in stand hou sonder die voorafverkreeë skriftelike

toestemming van die Ingenieur nie en welke toestemming onderhewig sal wees aan die indiening van nasionale en/of provinsiale wetlike goedkeurings soos van toepassing mag wees en die Riglyne vir die Gebruik van Septiese Tenk Stelsels in die Suid-Afrikaanse Kusstreek, TT 114/99 (of soos gewysig) van die Waternavorsingskommissie.

- (2) Die toestemming waarna daar verwys word in subartikel (1) is onderworpe aan die bepalings van hierdie Verordening, enige ander tersaaklike verordeninge van die Munisipaliteit, enige ander regsreël en enige bykomende voorwaardes wat die Ingenieur mag oplê.
- (3) 'n Aansoek om 'n perseel-rioolwatersuiweringsaanleg wat private eiendom is, sal slegs oorweeg word as die aanleg hoogstens 2000 kubieke meter per dag uitlaat. Sodanige aansoek moet vergesel wees van die volgende om te voldoen aan die vereistes wat gestel word vir oorweging deur die Munisipaliteit –
  - (a) besonderhede van die beoogde ontwikkeling;
  - (b) die ontwerp en besonderhede van die voorgestelde aanleg en proses en die besonderhede van die verantwoordelike professionele persoon;
  - (c) die OIA-verslag vir die aanleg;
  - (d) die lisensie/registrasie vir die aanleg wat van die Departement van Watersake verkry is; en
  - (e) die besonderhede van die party wat verantwoordelik sal wees vir die bedryf en instandhouding van die aanleg asook die kontrak wat aangegaan is deur die ontwikkelaar en hierdie party.
- (4) Die Ingenieur sal die aansoek oorweeg, en goedkeuring vir die installering van die aanleg sal gegee word mits alle vereistes en voorwaardes van die Munisipaliteit nagekom is en die ontwerpkapasiteit van die betrokke munisipale rioolwegdoenstelsel voldoende is.
- (5) Die finale goedkeuring dat daar met die bedryf van die aanleg begin mag word, is onderworpe aan voldoening aan die Algemene Grenswaardes vir die Uitlaat van Huishoudelike Afvalwater wat deur die munisipaliteit bepaal sal word.
- (6) Perseel-rioolwatersuiweringsaanlegte wat private eiendom is, is onderworpe aan die verslag- en moniteervevereistes wat deur die munisipaliteit bepaal sal word, of aan meer gereelde monitering deur die Munisipaliteit as die Munisipaliteit te eniger tyd vermoed dat daar nie voldoen word aan bepaalde vereistes nie, en die persoon aan wie die Munisipaliteit toestemming vir die bedryf van die aanleg gegee het, is aanspreeklik vir die koste wat gepaard gaan met die bykomende monitering.
- (7) In die geval van nie-nakoming van voorwaardes of vereistes, kan die Munisipaliteit sy toestemming terugtrek ooreenkomsdig hierdie Verordening en vereis dat die aanleg afgesluit word totdat bewys van voldoening gelewer kan word.
- (8) Die eienaar of verbruiker moet te alle tye verseker dat die septiese tenk of ander aanleg op die terrein waarna daar verwys word in subartikel (1) toeganklik is vir 'n padtenkwa deur voorsiening te maak vir 'n veilige, gesikte toegangspad sonder enige obstruksyies.

### **Stapelriool**

- 65.** Die Ingenieur kan onderhewig aan die Riglyne vir die Gebruik van Septiese Tenk Stelsels in die Suid-Afrikaanse Kusstreek, TT 114/99 (of soos gewysig) van die Waternavorsingskommissie en verder na goeddunke en op voorwaardes wat hy oplê, met inagneming van die hoeveelheid en die aard van die uitvloeisel en die aard en deurlaatbaarheid van die grond, toelaat dat afvalwater of ander uitvloeisel by wyse van 'n stapelriool, syferput of ander goedgekeurde werke weggedoen word.

## Riooltenk

66. (1) Die Ingenieur kan na goeddunke die eienaar van enige perseel toelaat om op eie koste 'n riooltenk en bykomstige toestelle vir die retensie van vuilwater of rioolwater of ander uitvloeisel waarop hy besluit, te bou en sodanige tenk en toestelle moet so 'n kapasiteit hê, van sulke materiaal gebou wees, en op so 'n plek en so 'n vlak geleë wees as wat die Ingenieur voorskryf.
- (2) Die Ingenieur kan, as hy vermoed dat 'n riooltenk op enige perseel nie waterdig is nie, die eienaar van sodanige perseel gelas om op die eienaar se koste toetse te doen wat hy nodig ag om die boustandaard van die riooltenk te verifieer, en as die Ingenieur se vermoede bevestig word, sal die Ingenieur die eienaar gelas om die riooltenk volgens spesifikasie op die eienaar se koste te vervang binne die voorgeskrewe tydperk.
- (3) Die eienaar of verbruiker moet te alle tye verseker dat die riooltenk waarna daar verwys word in subartikel (1) toeganklik is vir padtenkwaens deur voorsiening te maak vir 'n veilige, gesikte toegangspad sonder enige obstruksies.

## Geventileerde verbeterde putlatrine

67. Die Ingenieur kan na goeddunke en op voorwaarde wat hy voorskryf, met inagneming van –
- (1) die aard en deurlaatbaarheid van die grond;
  - (2) die diepte van die watertafel en enige ander faktore wat potensieel skade aan die omgewing kan aanrig as goedkeuring verleen word;
  - (3) die grootte en toegang tot die terrein; en
  - (4) die beskikbaarheid van 'n pypwatertoever;
- die wegdoening van menslike uitskeiding by wyse van 'n geventileerde verbeterde putlatrine, gebou ooreenkomsdig die Munisipaliteit se spesifikasies op 'n plek wat deur die Ingenieur aangewys is, goedkeur.

## Dienste wat verband hou met sanitasie op die terrein

68. (1) Die verwydering en afhaal van die inhoud van riooltenks en septiese tenks kan gedoen word deur die Munisipaliteit of deur 'n private diensverskaffer.
- (2) Die Munisipaliteit se voorgeskrewe gelde vir die verwydering en afhaal van die inhoud van riooltenks of die leegmaak van septiese tenks word gehef ooreenkomsdig die Tariefverordening van die Munisipaliteit en sal die bedryfs- en instandhoudingskoste dek, gebaseer op die hoeveelheid wat met 'n suigtenkwa verwijder word, vervoer na die wegdoenterrein, die behandeling van die inhoud om 'n sanitêre toestand te bereik, en die finale wegdoen van alle vaste reste.

## Uitgediende riool- en septiese tenks

69. (1) As 'n bestaande riool- of septiese tenk nie meer nodig is vir die opberging of behandeling van rioolwater nie, of as die toestemming vir die gebruik daarvan teruggetrek is, moet die eienaar stappe doen om dit heeltemal te laat verwijder of heeltemal met grond of 'n gesikte materiaal op te vul.
- (2) As 'n skriftelike versoek van die eienaar ontvang word, kan die Ingenieur, op voorwaarde wat hy ople, met inbegrip van 'n finale inspeksie daarvan, toelaat dat die tenk vir 'n ander doel gebruik word, byvoorbeeld 'n visdam.

### Deel 3: Rioolwaterwegdoening

#### **Verskaffing van 'n aansluitriool**

- 70.** (1) Indien aansoek gedoen is ooreenkomsdig artikel 4 vir die gebruik van die rioolwaterwegdoenstelsel en daar geen aansluitingsriool vir die perseel is nie, moet die eienaar onmiddellik by die Munisipaliteit aansoek doen om die installering van sodanige aansluitriool en die voorgeskrewe gelde of berekende bedrag betaal.
- (2) As aansoek gedoen word om die gebruik van 'n rioolwaterwegdoenstelsel na 'n perseel wat so geleë is dat die riool verleng moet word om die rioolwaterwegdoenstelsel by die perseel te kan aansluit, kan die Munisipaliteit instem tot die verlenging onderworpe aan voorwaardes wat hy kan oplê, insluitend dat die koste van die verlenging deur die eienaar gedra word.
- (3) Die Munisipaliteit kan 'n aansoek om by sy rioolwaterwegdoenstelsel aan te sluit, weier as die bestaande municipale rioolwaterwegdoennetwerk reeds sy ontwerpkapasiteit bereik het op enige plek tussen die aansluitpunt waarom daar aansoek gedoen word en die rioolwatersuiweringsaanleg en/of die kwaliteit van die rioolwater wat in die municipale rioolwaterwegdoenstelsel uitgelaat sal word, nie aan die aanvaardingsstandaarde van die Munisipaliteit voldoen nie.
- (4) Die Munisipaliteit kan, op versoek van enige persoon, instem tot 'n ander aansluiting by 'n riool as dié een wat maklik bereikbaar is vir die dreinering van die perseel, onderworpe aan voorwaardes wat hy kan oplê; met dien verstande dat die aansoeker daarvoor verantwoordelik moet wees, op sy koste, vir enige uitbreiding van die dreineerinstallasie na die aansluitpunt wat deur die Munisipaliteit aangewys is, en vir die verkryging, op sy koste, van serwitute wat nodig mag wees.
- (5) 'n Aansluitpyp wat deur die Munisipaliteit verskaf en geïnstalleer word, moet –  
 (a) geleë wees op 'n plek wat deur die Munisipaliteit aangewys is;  
 (b) eindig by 'n aansluitpunt ongeveer een meter binnekant die perseel vanaf die grens van die grond waarvan die Munisipaliteit die eienaar is of waarvan die eienaarskap by hom berus of waarop hy 'n serwituut of ander reg het of, as subartikel (5)(c) van toepassing is, by die aansluitpunt wat ingevolge daardie subartikel aangewys is;  
 (c) van 'n grootte wees wat deur die Munisipaliteit vasgestel is.
- (6) Wanneer die Munisipaliteit die ligging van 'n aansluitriool vasstel, moet hy seker maak dat die eienaar bewus is van –  
 (a) praktiese beperkings wat kan bestaan wat betref die ligging van die aansluitriool;  
 (b) die koste-implikasies van die verskillende moontlike liggings van die aansluitriool;  
 (c) of die Munisipaliteit dit van die eienaar verwag of nie om die ligging van die aansluitpyp vase te stel deur 'n gedeelte van sy waterinstallasie by of buitekant die grens van sy perseel beskikbaar te stel, of op so 'n ooreengekome posisie binnekant sy perseel waar die aansluiting nodig is, sodat die Munisipaliteit by die installasie kan aansluit;  
 (d) sy verantwoordelikheid om 'n waterdigte aansluitmangat op eie koste aan die einde van die municipale rioolaansluiting te verskaf, welke mangat sigbaar moet wees en ontwerp moet wees om maklik toegang te verleen vir instandhouding en/of inspeksies, en te alle tye toeganklik moet wees;  
 (e) sy voortgesette verantwoordelikheid om die koste te dra van die verwydering deur die Munisipaliteit van enige obstruksie uit die aansluitriool, behalwe as sodanige obstruksie die gevvolg is van slytasie of die agteruitgang van die infrastruktuur.

- (7) 'n Aansluitriool kan net deur die Munisipaliteit geïnstalleer word na goedkeuring van 'n bouplan en enige serwituut wat nodig mag wees, en geen ontwikkeling kan plaasvind nie totdat die aansluitriool geïnstalleer is.
- (8) 'n Eienaar of okkuperdeer moet die aansluitgelde soos voorgeskryf of deur die Ingenieur bereken, vooruit betaal.
- (9) As 'n eienaar 'n rioolwaterhefpomp moet verskaf waarvoor daar voorsiening gemaak word in die Bouregulasies, is die tempo en tyd van uitlating in die riool onderworpe aan die goedkeuring van die Ingenieur en, as dit regtens vereis word, moet die eienaar 'n permit of omgewingsmagtiging verkry voordat sodanige goedkeuring verleen word.
- (10) Die instandhouding en bedryf van die rioolwaterinstallasie, met inbegrip van mangate, steekoë, vanggate, vettvangers, sandvangers, pyleidings en bybehorende toestelle insluitende die aansluitriool, is die verantwoordelikheid van die eienaar van die perseel en dit moet tot voldoening van die Munisipaliteit gedoen word.

#### **Verskaffing van een aansluitriool vir verskeie verbruikers op dieselfde perseel**

71. (1) Ondanks die bepalings van artikel 70 mag net een aansluitriool by die rioolwaterwegdoenstelsel verskaf word vir die wegdoen van rioolwater van enige perseel af, ongeag die getal akkommodasie-eenhede van verbruikers wat op die perseel is.
  - (2) As die Munisipaliteit 'n enkele aansluitriool geïnstalleer het, soos beoog in subartikel (1), is die eienaars of die persone in beheer of die bestuurder van die perseel, na gelang van die geval –
    - (a) verplig om, as die Ingenieur dit vereis, in elke takpyp wat van die aansluitriool uitloop na die verskillende akkommodasie-eenhede –
      - (i) 'n afsonderlike aansluitriool te installeer en in stand te hou; en
      - (ii) 'n steekoog by alle aftakpunte te installeer en in stand te hou;
    - (b) aanspreeklik teenoor die Munisipaliteit vir die tariewe en gelde vir alle rioolwater wat van die perseel af weggedoen word deur sodanige enkele aansluitriool, ongeag die verskillende hoeveelhede wat weggedoen word deur die verskillende verbruikers wat van sodanige aansluitriool gebruik maak.
    - (c) gesamentlik aanspreeklik vir die instandhouding van 'n private gekombineerde rioolstelsel van die aansluitpunt by die munisipale riool af, insluitend die aansluitmangat en die aansluitriool.
  - (3) Ondanks subartikel (1) kan die Munisipaliteit magtiging verleen dat meer as een aansluitriool verskaf word in die rioolwaterwegdoenstelsel vir die wegdoen van rioolwater vanaf enige perseel wat bestaan uit deeltiteleenhede of, as dit na die mening van die Munisipaliteit 'n swaar las of erge ongerief vir enige verbruiker op sodanige perseel sou veroorsaak, deur die verskaffing van net een aansluitriool.
  - (4) As die verskaffing van meer as een aansluitriool deur die Munisipaliteit gemagtig word ingevolge subartikel (3) is die geldetarief vir die verskaffing van 'n aansluitriool betaalbaar ten opsigte van elke aansluitriool wat verskaf word.

### **Tussenverbinding tussen persele**

72. (1) 'n Tussenverbinding tussen rioolstelsels is onderworpe aan die Munisipaliteit se skriftelike goedkeuring.
- (2) 'n Eienaar van 'n perseel moet seker maak dat daar geen tussenverbinding tussen die dreineerinstallasie op sy perseel en enige dreineerinstallasie op 'n ander perseel is nie, tensy hy die skriftelike toestemming van die Ingenieur vooraf verkry het en voldoen aan alle voorwaardes wat opgelê is toe die toestemming verleen is. In so 'n geval word dit 'n private gekombineerde rioolstelsel, onderworpe aan die bepaling van artikel 71.

### **Rioolwater wat per padvoertuie afgelewer word**

73. (1) Die Munisipaliteit kan na sy goeddunke en onderworpe aan voorwaardes wat hy kan oplê, rioolwater wat by die Munisipaliteit se suiweringsaanleg per padvoertuig afgelewer word, aanvaar vir wegdoening.
- (2) Niemand mag rioolwater by die Munisipaliteit se rioolwatersuiweringsaanleg per padvoertuig uitlaat nie, behalwe met en ooreenkomsdig die Ingenieur se skriftelike toestemming en na betaling van die voorgeskrewe gelde wat deur die Munisipaliteit vasgestel is ooreenkomsdig sy tariefstruktuur en onderworpe aan die tydsbeperking en voorwaardes wat hy kan oplê ingevolge die skriftelike toestemming.
- (3) As daar gebruik gemaak word van die Munisipaliteit se suigtenkwa, sal die diens gelewer word onderworpe aan voorwaardes, beleid en die betaling van die voorgeskrewe gelde wat van tyd tot tyd vasgestel word.
- (4) As rioolwater per padvoertuig afgelewer word –
- (a) moet die afleveringstyd met 'n gemagtigde beampete gereël word; en
  - (b) moet die aard en samestelling van die rioolwater tot voldoening van 'n gemagtigde beampete vasgestel word voordat dit uitgelaat word, en niemand mag rioolwater aflewer wat nie voldoen aan die standaarde wat gestel is in hierdie Verordening of in enige ander nasionale en/of provinsiale wetgewing nie en dus die potensiaal inhoud om die munisipale rioolwaterstelsel te beskadig.
- (5) Die Ingenieur kan, mits hy tien werksdae skriftelik kennis gee, enige toestemming om rioolwater wat afgelewer word ingevolge hierdie artikel terugtrek as die persoon aan wie sodanige toestemming verleen is –
- (a) versuum het toe te sien dat die rioolwater wat aldus afgelewer word, voldoen aan die toepaslike standaarde wat voorgeskryf is in Bylae "A", of dié in die skriftelike toestemming; of
  - (b) versuum of weier om te voldoen aan enige kennisgewing wat wettig aan hom beteken is ingevolge hierdie Verordening, of enige bepaling van hierdie Verordening, of 'n voorwaarde wat opgelê is toe toestemming aan hom verleen is, oortree;
  - (c) versuum om die getakseerde heffings ten opsigte van enige afgelewerde rioolwater te betaal; of
  - (d) ongemak vir ander gebruikers veroorsaak.

### **Meet van die hoeveelheid standaard huishoudelike uitvloeisel wat uitgelaat word**

74. (1) Die hoeveelheid standaard huishoudelike afval wat uitgelaat word, moet vasgestel word as 'n

persentasie van die volume water wat deur die Munisipaliteit aan daardie persele voorsien is of ooreenkomsdig die getal fasiliteite per perseel.

- (2) As die Munisipaliteit van mening is dat die persentasie waarna daar verwys word in subartikel (1) vir bepaalde persele buitensporig is, met inagneming van die doel waarvoor water verbruik word op daardie persele, kan die Munisipaliteit die persentasie wat vir daardie persele geld, verminder tot 'n syfer wat na sy mening, en in die lig van die beskikbare inligting, die verhouding weerspieël tussen die waarskynlike hoeveelheid rioolwater wat uitgelaat is by die persele en die hoeveelheid water wat voorsien is.
- (3) As water wettig voorsien is uit 'n ander bron as, of aanvullend tot, die Munisipaliteit se watervoorsieningstelsel, met inbegrip van onttrekking uit 'n rivier of boorgat, sal die hoeveelheid 'n persentasie wees van die totale hoeveelheid water wat verbruik is op daardie perseel volgens 'n redelike beraming deur die Munisipaliteit met inagneming van enige vertoë wat deur die verbruiker gerig word.

#### **Deel 4: Nywerheidsuitvloeisel**

##### **Aansoek om nywerheidsuitvloeisel weg te doen**

75. (1) 'n Persoon moet aansoek doen om toestemming om nywerheidsuitvloeisel in die rioolwaterwegdoenstelsel van die Munisipaliteit uit te laat ingevolge artikel 4(1). Benewens die inligting wat nodig is ingevolge artikel 4(6) vereis die Munisipaliteit die voltooiing van 'n gedetailleerde aansoekvorm soos voorgekryf en voldoening aan die standaarde en norme soos deur die munisipaliteit ingevolge artikel 78(1)(a) bepaal.
- (2) Benewens die inligting wat ingevolge subartikel (1) nodig is, verlang die Munisipaliteit ook –
  - (a) 'n rioolplan wat die ligging, diepte, aansluitpunt en die aansluitmangat aandui en wat deur die Munisipaliteit goedgekeur moet word voor die konstruksie van die rioolstelsel;
  - (b) 'n bestepraktykbestuursplan;
  - (c) 'n produksiebestuursplan gerig op beter gesuiwerde riool;
  - (d) 'n storm water bestuursplan;
  - (e) 'n nywerheidsafvalbestuursplan;
  - (f) 'n bestuursplan vir nood insidente; en
  - (g) 'n waterbalans indien vloeい op die perseel gemeet word.
- (3) As die kapasiteit van die rioolwaterwegdoenstelsel na die mening van die Ingenieur voldoende is en die kwaliteit van die nywerheidsuitvloeisel van 'n aanvaarbare standaard om die vervoer, doeltreffende behandeling en wettige wegdoening van die nywerheidsuitvloeisel toe te laat, kan die Munisipaliteit skriftelike toestemming verleen ingevolge subartikel (1) vir die tydperk en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag ople.
- (4) 'n Persoon aan wie sodanige toestemming verleent is, moet die voorgeskrewe geldte aan die Munisipaliteit betaal.
- (5) Enige persoon wat 'n gebou wil bou of laat bou wat gebruik gaan word as 'n handelsperseel, moet ten tye van die indiening van 'n bouplan ingevolge die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandarde, 1997 (Wet 103 van 1997), ook aansoeke indien vir die verskaffing van sanitasiedienste en vir toestemming om nywerheidsuitvloeisel uit te laat ingevolge subartikel (1).

### **Ongemagtigde uitlaat van nywerheidsuitvloeisel**

**76.** As die Munisipaliteit rede het om te vermoed dat 'n persoon deur 'n huishoudelike aansluiting nywerheidsuitvloeisel uitlaat, wat die oorsaak kan wees van buitensporige instandhouding, reuke, ongemak van ander verbruikers of skade aan die munisipale rioolwaterwegdoenstelsel, moet die Munisipaliteit die huishoudelike rioolaansluiting verseël en die persoon gelas om aansoek te doen om toelating vir die wegdoen van nywerheidsuitvloeisel ingevolge artikel 75. Niemand anders as die Munisipaliteit mag toelaat dat die huishoudelike aansluiting weer oopgemaak word nie en slegs wanneer die Ingenieur oortuig is dat kommersiële of nywerheidsuitvloeisel nie meer deur die aansluiting uitgelaat word nie, en dat alle voorgeskrewe gelde betaal is.

### **Toetsmonsters**

**77.** (1) Toetsmonsters, insluitende gesplete monsters indien dit deur die industrie vereis word, kan te eniger tyd geneem word deur 'n behoorlik gekwalifiseerde persoon aan wie die Ingenieur die bevoegdheid gedelegeer het en wat toetstoerusting wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, gebruik om vas te stel of die nywerheidsuitvloeisel voldoen aan artikel 78(1)(a) of aan enige ander standaard wat die Munisipaliteit voorskryf in 'n skriftelike toestemming.

(2) Die houer van 'n toestemming wat uitgereik is ingevolge artikel 75(1) moet tot voldoening van 'n gemagtigde beamppte 'n punt aanwys op die betrokke nywerheidspersel waar monsters geneem kan word wat verteenwoordigend is van die nywerheidsuitvloeisel wat in die rioolwaterwegdoenstelsel uitgelaat sal word.

### **Norme, standaarde en voorwaardes vir die wegdoening van nywerheidsuitvloeisel**

**78.** (1) Die Munisipaliteit mag-

- (a) norme, standaarde en voorwaardes bepaal en publiseer vir die wegdoening van nywerheidsuitvloeisel.
- (b) 'n persoon aan wie toestemming verleen is ingevolge artikel 75(1) gelas om-
  - (i) die nywerheidsuitvloeisel te onderwerp aan voorlopige behandeling wat na die mening van die Ingenieur sal verseker dat die nywerheidsuitvloeisel voldoen aan die standaarde wat voorgeskryf word in Bylae "A" voordat dit in die rioolwaterwegdoenstelsel uitgelaat word;
  - (ii) effeningstenks, kleppe, pompe, ghriesvangers, toestelle, meettoestelle, telemetriese/afstandaantekenstelsels en ander toerusting wat na die mening van die Ingenieur nodig is om die vloeitempo, tyd en gehalte van die uitlating in die rioolwaterwegdoenstelsel te beheer en te kan meet, ooreenkomsdig die voorwaardes wat deur hom opgelê is, te installeer;
  - (iii) 'n dreineerinstallasie afsonderlik van die dreineerinstallasie vir afvalwater en standaard huishoudelike afval te installeer vir die vervoer van nywerheidsuitvloeisel na die rioolwaterwegdoenstelsel op 'n gegewe punt;
  - (iv) 'n mangat en/of 'n afsluitklep in enige pyp wat nywerheidsuitvloeisel na enige riolof vervoer, aan te bring in die posisie, volgens die afmetings en van die materiaal wat 'n gemagtigde beamppte kan voorskryf;
  - (v) alle inligting te verskaf wat nodig mag wees of wat deur die Munisipaliteit aangevra word om hom in staat te stel om die gelde te beraam wat aan die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening en ooreenkomsdig die formule wat deur hom voorgeskryf word, verskuldig is;

- (vi) voldoende fasiliteite te verskaf, soos vlak- of oorloopverlikkers, gereedstaantoerusting, oorloop-opvangputte, of ander gepaste maniere om 'n uitlating in die rioolwaterwegdoenstelsel wat 'n oortreding van hierdie Verordening sou wees, te voorkom;
  - (vii) enige meter, meetinstrument of ander toestel wat geïnstalleer is ingevolge hierdie artikel te laat kalibreer deur 'n onafhanklike owerheid op die koste van die permithouer met tussenpose wat die Munisipaliteit voorskryf, en kopieë van die kalibrasiesertifikaat moet aan die Munisipaliteit gestuur word; en
  - (viii) nywerheidsuitvloeisel so dikwels en op sodanige wyse wat die Munisipaliteit voorskryf, te laat ontleed deur 'n laboratorium met toepaslike akkreditasie, en die uitslae van hierdie toetse na voltooiing aan die Munisipaliteit te besorg.
- (2) As die permithouer enige nywerheidsuitvloeisel wat nie voldoen aan die standaarde in subartikel (1)(a), of aan die skriftelike toestemming wat ten opsigte van die proses of die perseel uitgerek is nie, in die rioolwaterwegdoenstelsel uitlaat, moet die permithouer of sy agent binne twaalf uur na die uitlating die Munisipaliteit van die voorval en van die redes daarvoor verwittig.
- (3) Die koste van enige behandeling, aanleg, werke of ontleding wat nodig is ingevolge subartikel (1) of as gevolg van 'n voorval waarna daar verwys word in subartikel (2) moet deur die persoon aan wie toestemming verleen is, gedra word.

#### **Terugtrek van skriftelike toestemming om nywerheidsuitvloeisel weg te doen**

79. (1) Die Munisipaliteit kan enige toestemming wat verleen is ingevolge hierdie Hoofstuk om nywerheidsuitvloeisel in die rioolwaterwegdoenstelsel uit te laat, terugtrek deur 10 werksdae kennis te gee as die persoon aan wie toestemming verleen is –
- (a) versuim om te toe te sien dat nywerheidsuitvloeisel wat aldus uitgelaat is, voldoen aan die standaarde vir nywerheidsuitvloeisel wat voorgeskryf word in artikel 78(1)(a) van hierdie Verordening of in die skriftelike toestemming.
  - (b) versuim of weier om te voldoen aan enige kennisgewing wat wettig aan hom beteken is ingevolge hierdie Verordening, of aan enige bepaling van hierdie Verordening, of 'n voorwaarde wat opgelê is toe toestemming aan hom verleen is;
  - (c) versuim of die gelde te betaal wat verskuldig is ten opsigte van enige nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat is; of
  - (d) weier om die Munisipaliteit toe te laat om sy moniteringsprosesse uit te voer.
- (2) Die Munisipaliteit kan, wanneer hy die toestemming terugtrek wat in subartikel (1) bedoel word, benewens enige stappe wat in hierdie Verordening voorgeskryf word –
- (a) die afsluiting of verseëling magtig van die aansluitriool of perseelriool van genoemde standplaas na enige riool, op die koste van sodanige persoon;
  - (b) weier om weer nywerheidsuitvloeisel te aanvaar totdat hy oortuig is dat die betrokke persoon voldoende stappe gedoen het om te verseker dat die nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat gaan word, voldoen aan die standaarde wat in hierdie Verordening voorgeskryf word.
- (3) Die Munisipaliteit kan, nadat 'n riool of aansluitriool toegemaak of verseël is ingevolge subartikel (2), die aansluiting of seël weer oopmaak, of magtiging verleen dat dit weer oopgemaak word, wanneer hy oortuig is dat die uitvloeisel wat uitgelaat gaan word, voldoen aan die standaarde wat voorgeskryf word in hierdie Verordening, en nadat die voorgeskrewe gelde betaal is.

### **Meet van hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat word**

80. (1) Die Munisipaliteit kan in enige dreineerinstallasie wat nywerheidsuitvloeisel vervoer na 'n riool, enige meter of meetinstrument of ander toestel waarmee die hoeveelheid, vloeitempo en samestelling van die nywerheidsuitvloeisel vasgestel kan word, installeer in die posisie wat hy bepaal, en kan die installasie- en instandhoudingskoste van die eienaar verhaal.
- (2) Dit is 'n oortreding vir enige persoon om enige sodanige meter, meetinstrument of ander toestel uit te skakel, oop te maak, oop te breek of hom op 'n ander manier daarmee te bemoei.
- (3) Ondanks die voorafgaande bepalings in hierdie artikel, kan die Munisipaliteit die persoon wat nywerheidsuitvloeisel in sy rirole uitlaat, gelas om op die persoon se eie koste een of meer meters in sodanige posisies in die waterinstallasie te verskaf wat die Munisipaliteit nodig ag om die waterverbruik in 'n spesifieke deel van die perseel te registreer.
- (4) Die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat in die rioolwaterwegdoenstelsel uitgelaat is, word bepaal –
- (a) indien daar 'n meettoestel geïnstalleer is, deur die hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat van die perseel af uitgelaat is soos dit deur die meettoestel gemeet is; of
  - (b) tot tyd en wyl 'n meettoestel geïnstalleer is, deur middel van 'n waterbalans wat gebaseer is op 'n persentasie van die water wat die Munisipaliteit aan daardie perseel voorsien het.
- (5) As 'n gedeelte van die water wat aan die perseel voorsien is, deel van die eindproduk van enige vervaardigingsproses uitmaak, of verlore gaan as gevolg van reaksie of verdamping gedurende die vervaardigingsproses of om enige ander rede, kan die Munisipaliteit, nadat hy 'n aansoek ontvang het, die beraamde hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel verminder.
- (6) As water voorsien is uit 'n ander bron as, of aanvullend tot, die Munisipaliteit se watervoorsieningstelsel, met inbegrip van onttrekking uit 'n rivier of boorgat, sal die hoeveelheid standaard nywerheidsuitvloeisel 'n persentasie wees van die totale hoeveelheid water wat gebruik is op daardie perseel volgens 'n redelike beraming deur die Munisipaliteit.
- (7) Die Munisipaliteit kan na goeddunke 'n korting op die voorgeskrewe gelde toelaat as die eienaar of okkuperdeerder die uitvloeisel uitlaat –
- (a) slegs gedurende tydperke wat deur die Munisipaliteit vasgestel is; en/of
  - (b) wat bestanddele bevat wat 'n voordeelige invloed op die uitvloeisel het wat van die rioolwatersuiweringsaanleg uitgelaat word.
- (8) Die Munisipaliteit kan na goeddunke en na oorlegpleging met die persoon wat nywerheidsuitvloeisel in sy rirole uitlaat, 'n ander manier vasstel waarop die hoeveelheid en die vloeitempo van die uitvloeisel wat uitgelaat gaan word te beraam.

### **Skade aan rioolwaterwegdoenstelsel of aan die omgewing**

81. (1) As 'n persoon nywerheidsuitvloeisel uitlaat wat ernstige skade aan die rioolwaterwegdoenstelsel of die omgewing kan aanrig as toegelaat word dat dit voortduur, kan die Munisipaliteit onmiddellik die verseëling van die rioolaansluiting waardeur die nywerheidsuitvloeisel uitgelaat word, magtig.

Niemand mag die oopmaak van daardie aansluiting toelaat nie totdat die Ingenieur oortuig is dat die nywerheidsuitvloeisel sal voldoen aan die voorgeskrewe standaarde.

- (2) Die Munisipaliteit mag 'n persoon aan wie toestemming verleen is om nywerheidsuitvloeisel uit te laat in die munisipale rioolwaterwegdoenstelsel verantwoordelik hou vir skade aan die betrokke munisipale infrastruktur.

#### **Periodieke hersiening**

- 82.** Aanvaarding van die nywerheidsuitvloeisel is onderworpe aan periodieke hersiening; met dien verstande dat sodanige hersiening te eniger tyd gedoen kan word as daar na die mening van die Ingenieur spesiale omstandighede heers wat sodanige hersiening regverdig.

#### **Verandering van die vervaardigingsproses van materiale**

- 83.** Die Munisipaliteit moet skriftelik verwittig word van enige voorgenome verandering in die vervaardigings- of produksieproses of die hoeveelheid of aard van die materiale wat gebruik word wat waarskynlik die vloeい, aard, samestelling of hoeveelheid nywerheidsuitvloeisel wat uitgelaat word, kan beïnvloed, voordat sodanige veranderings aangebring word, en sy toestemming vir die voortgesette uitlating van sodanige uitvloeisel moet skriftelik verkry word alvorens enige veranderinge geïmplementeer word.

### **Deel 5: Dreineerinstallasies**

#### **Bou en installering van dreineerinstallasies**

- 84.** (1) Niemand mag enige dreineerinstallasie bou, herbou, verbou, daaraan aanbou of dit permanent ontkoppel sonder om eers die skriftelike toestemming van die Munisipaliteit te kry nie, welke toestemming 'n voorskrif kan bevat oor die punt in die riool en die diepte onder die grond waar die dreineerinstallasie aangesluit kan word en die roete wat die perseelriool moet volg na die aansluitpunt.
- (2) Enige dreineerinstallasie wat gebou of geïnstalleer is, moet voldoen aan die toepaslike spesifikasies ingevolge die Bouregulasies, alle standaarde wat voorgeskryf word ingevolge die Wet en SANS 10400-P (soos van tyd tot tyd gewysig) ten opsigte van dreinering en enige verdere wysigings of uitgawes daarvan.
- (3) 'n Persoon kan net begin met die dreineerwerk wat in subartikel (1) genoem word waarvoor toestemming verleen is ingevolge hierdie Verordening as die Munisipaliteit een week vooruit skriftelik verwittig word van die dag en die tyd waarop die voorgenome werk sal begin. Die Munisipaliteit sal van die eienaar vereis om nie met die bou of aansluiting van die dreineerinstallasie te begin voordat die Munisipaliteit se aansluitriool gelê is nie.
- (4) Slegs die Munisipaliteit mag 'n rioolaansluiting na 'n eiendom en serwituit verskaf en installeer.
- (5) Voordat enige deel van die dreineerinstallasie permanent bedek word of andersins prakties ontoeganklik gemaak word vir visuele inspeksie, moet dit deur die Munisipaliteit geïnspekteer en goedgekeur word.
- (6) Sodra die bou, herbou of verbou van 'n dreineerinstallasie voltooi is, moet die eienaar 'n sertifikaat van voldoening by die bou-afdeling van die Munisipaliteit indien.

- (7) Niemand mag toelaat dat enige vloeistof of vaste stof van watter aard ook al, behalwe skoon water, gebruik word vir die toets van die dreineerinstallasie voordat dit by die riool aangesluit word nie.
- (8) Niemand mag, sonder die voorafverkreyë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit, 'n pyp of toebehoersel in 'n dreineerinstallasie in die regsgebied van die Munisipaliteit installeer nie, tensy dit van 'n soort is wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is.
- (9) (a) As die dreineerinstallasie 'n putlatrine is, moet dit van die geventileerde, verbeterde soort putlatrines of 'n gelykwaardige soort wees met –
- (i) 'n put met 'n minimum kapasiteit van  $2\text{ m}^3$ ;
  - (ii) die vereiste voering;
  - (iii) 'n blad wat ontwerp is om die opgelegde las te kan dra; en
  - (iv) beskerming om te voorkom dat kinders by die put inval.
- (b) Die geventileerde, verbeterde putlatrine moet aan die volgende spesifikasies voldoen:
- (i) Die put moet geventileer wees by wyse van 'n pyp wat aan die boonste punt verseël is met 'n duursame insekbestande sifskerm wat stewig in posisie is.
  - (ii) Die ventilasiepyp moet minstens 0,5 m bokant die naaste dak uitsteek, moet minstens 150 mm in deursnee wees en moet vertikaal sonder kromming geïnstalleer word.
  - (iii) Die binnekant van die closet moet glad afgewerk wees sodat dit skoon en higiënis gehou kan word. Die bobou moet goed geventileer wees om die lug vrylik na die binnekant van die put deur die pyp te laat ventileer.
  - (iv) Die opening in die blad moet groot genoeg wees om besoedeling te voorkom. Die velling moet verhewe wees sodat vloeistowwe wat gebruik word om die vloer te was, nie in die put invloe nie. Dit moet van 'n deksel voorsien wees om te voorkom dat vlieë en ander insekte uitkom wanneer die toilet nie gebruik word nie.
  - (v) Dit moet so geleë wees dat dit onafhanklik van die woonstruktuur is.
  - (vi) Die latrine moet toeganklik wees vir padvoertuie met 'n breedte van 3,0 m sodat die put leeggemaak kan word.
  - (vii) In situasies waar daar 'n gevaar bestaan dat 'n akwifeer besoedel sal word as gevolg van die deurdringbaarheid van die grond, moet die put uitgevoer wees met 'n duursame, ondeurdringbare materiaal wat nie onder druk sal kraak nie.
  - (viii) In situasies waar die grond waarin die put uitgegrawe gaan word, onstabiel is, moet die grond genoegsaam gestut word om te voorkom dat die grond instort.
  - (ix) Die latrine moet toegang hê tot water vir die was van hande.
- (10) Alle chemiese toilette wat op enige perseel opgerig word om watter rede ook al, moet deur die Munisipaliteit goedgekeur word, en slegs chemiese toilette mag op boupersele opgerig word. As alternatief kan spoeltoilette vir werknemers opgerig word by die terreinaansluitpunt.
- (11) 'n Toilet, hetsy tydelik of permanent, mag in geen omstandighede regstreeks bo-op 'n munisipale of private mangat opgerig word nie.
- (12) Geen nuwe emmer-rioolwaterstelsel of septiesetenkstelsel word in die munisipale gebied toegelaat nie.

## Bouwerk deur die Munisipaliteit

85. Die Munisipaliteit kan akkoord gaan met die eienaar van enige perseel dat alle dreineerwerk wat sodanige eienaar verlang, of wat hy moet laat doen ingevolge hierdie Verordening of die Bouregulasies, gedoen sal word deur die Munisipaliteit teen betaling, vooruit of op aanvraag, van alle kostes wat verband hou met sodanige bouwerk.

## Serwitute

86. 'n Serwituit moet geregistreer word op die eienaar se koste voordat 'n perseelriool oor die eiendom van 'n ander party geïnstalleer word. Die Munisipaliteit kan ook vereis dat 'n serwituit geregistreer word waar nodig.

## Riole in strate en openbare plekke

87. Niemand mag, met die doel om rioolwater uit watter bron ook al te vervoer, 'n perseelriool op, in of onderdeur 'n straat of openbare plek of ander grond waarvan die Munisipaliteit die eienaar is, of waarvan eienaarskap by hom berus, of wat onder sy beheer is, lê of bou nie, behalwe met die voorafverkreë, skriftelike toestemming van die Ingenieur en onderworpe aan sodanige voorwaardes wat hy mag oplê, en daar mag eers met die werk begin word nadat 'n bou- of diensteplan en aanlêregte vir alle dienste bekom is, hetsy dit munisipale, private, staat- of semi-staat-dienste is wat gelewer word.

## Instandhouding van dreineerinstallasies

88. (1) Die eienaar of okkuperer van enige perseel moet alle dreineerinstallasies en alle rioolaansluitings op sodanige perseel of in die serwituitgebied wat daarmee verband hou, op eie koste in stand hou.
- (2) Enige leweringspypleiding van die betrokke perseel na die punt van aanvaarding, moet behoorlik in stand gehou word deur die permithouer of bevoordeelde van die diens, en vry van lekplekke en verstoppende plantwortels.
- (3) Die eienaars of okkuperer is afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik vir die instandhouding van enige gemeenskaplike stelsel en alle materiale wat gebruik gaan word vir die gemeenskaplike/private gekombineerde stelsel moet deur die Ingenieur goedgekeur word.
- (4) Die eienaar van 'n perseel moet toesien dat alle mangate en steekoë op die perseel permanent sigbaar en toeganklik is.
- (5) Die eienaar of okkuperer van 'n perseel is teenoor die Munisipaliteit aanspreeklik vir die betaling van die voorgeskrewe gelde vir die oopmaak van 'n dreineerinstallasie, ongeag wie die diens namens die eienaar of okkuperer aangevra het.
- (6) Die Munisipaliteit mag, by ontvangs van 'n skriftelike aansoek deur die eienaar of okkuperer van enige perseel, die dreineerinstallasie van sodanige perseel of enige deel daarvan inspekteer en toets, en die koste van sodanige inspeksie en toets van die eienaar of okkuperer verhaal, bereken teen 'n koers wat in die voorgeskrewe gelde uiteengesit word.

### **Ontkoppeling van dreineerinstallasie**

89. (1) Die Munisipaliteit kan 'n dreineerinstallasie ontkoppel van die aansluitriool en die aansluitriool verwyder indien –
- (a) die ooreenkoms vir die lewering van waterdienste beëindig is ingevolge artikel 104 en hy nie binne 30 dae na sodanige beëindiging 'n volgende aansoek ontvang het vir die lewering van die dienste aan die perseel waarheen die riool lei nie; of
  - (b) die gebou op die betrokke perseel gesloop is; en
  - (c) die berekende of voorgeskrewe geld soos toepaslik is betaal.
- (2) Die eienaar of okkuperde mag net 'n dreineerinstallasie van die aansluitpunt ontkoppel om instandhouding en herstelwerk te doen.
- (3) As enige deel van die dreineerinstallasie ontkoppel is van die res en nie weer gebruik gaan word nie moet die deel wat so ontkoppel is, van die perseel verwijder en mee weggedoen word ooreenkomstig die toepaslike verordeninge van die Munisipaliteit.
- (4) Voordat 'n dreineerinstallasie van die riool ontkoppel mag word, moet die eienaar of okkuperde die Munisipaliteit daarvan verwittig en die Munisipaliteit moet die opening wat ontstaan het as gevolg van die ontkoppeling verseël en kan die koste van die eienaar van die perseel verhaal.
- (5) Die voorgeskrewe gelde vir aansluiting by of ontkoppeling van 'n rioolstelsel wat gedurende 'n maand gedoen word, sal bereken word vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die aansluiting of ontkoppeling.

### **Deel 6: Sanitasie: Allerlei**

#### **Vermindering in die vasgestelde hoeveelheid huishoudelike uitvloeisel**

90. (1) 'n Persoon is geregtig op 'n vermindering van die hoeveelheid wat vasgestel is ingevolge artikel 74 as die hoeveelheid water gemeet is gedurende 'n tydperk ten opsigte waarvan die Munisipaliteit 'n waterlek-korting toegestaan het ooreenkomstig artikels 9(4) en 25(11) en die verbruiker tot voldoening van die Munisipaliteit kan toon dat die vermorste water nie in die rioolwaterwegdoenstelsel uitgelaat is nie.

#### **Afstootlike uitlating in rioolwaterwegdoenstelsel**

91. (1) Niemand mag enige rioolwater, hetsy as vastestof, besoedelde vloeistof of gas, uitlaat of toelaat dat dit uitgelaat word in –
- (a) enige stormwaterriool of uitgegraafde of geboude waterloop nie, tensy hy andersins toegelaat word ingevolge hierdie Verordening;
  - (b) enige rivier, stroom of natuurlike waterloop of enige openbare water nie, hetsy dit gewoonlik droog is aldus nie, behalwe ooreenkomstig die bepalings van die Waterwet; of
  - (c) enige straat of perseel nie;
- tensy die Ingenieur sodanige uitlating goedgekeur het.

- (2) Niemand mag, behalwe om te voldoen aan die toestemmings wat uitgereik word ingevolge hierdie Verordening, enige rioolwater of vaste stof, besoedelde vloeistof of gas in die rioolwaterwegdoenstel uitlaat of veroorsaak of toelaat dat dit uitgelaat word of ingaan nie, wat –
- (a) nie voldoen aan die standaarde en norme wat in hierdie Verordening of enige toepaslike wetgewing voorgeskryf word nie;
  - (b) enige stof in sodanige konsentrasie bevat dat dit in die finaal gesuiwerde uitvloeisel by enige suiweringsaanleg of uitlaatplek of enige openbare water 'n onaangename of andersins onwenslike smaak, kleur, reuk, temperatuur of skuim sal veroorsaak of waarskynlik sal veroorsaak;
  - (c) die hergebruik van gesuiwerde rioolwater vir nywerheid- of soortgelyke doeleindes kan benadeel, of wat enige van die prosesse waarvolgens rioolwater vir hergebruik gesuiwer word, of behandel word vir die wegdoening van slyk, nadelig beïnvloed;
  - (d) enige stof of ding van watter aard ook al bevat wat nie in 'n aanvaarbare mate vatbaar is vir behandeling by die suiweringsaanleg nie, of wat 'n onderbreking of stremming van die proses wat by sodanige aanleg gebruik word, veroorsaak;
  - (e) enige stof of ding van watter aard ook al bevat wat so sterk is, of wat net deels vatbaar is vir behandeling, sodat uitvloeisel uit die rioolwatersuiweringsaanleg nie voldoen aan voorgeskrewe standaarde ingevolge die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) nie;
  - (f) 'n gevaaar kan inhoud vir die gesondheid of veiligheid van enige persoon, of wat nadelig kan wees vir die struktuur of materiale van die rioolwaterwegdoenstelsel, of wat die gebruik van enige grond benadeel wat deur die Munisipaliteit of sy gemagtigde agent gebruik word vir die rioolwaterwegdoelstelsel, behalwe as dit gedoen word ooreenkomsdig die toestemmings wat ingevolge hierdie Verordening uitgereik is;
  - (g) die ongehinderde vervoer van rioolwater deur die rioolwegdoenstelsel kan strem; en
  - (h) 'n temperatuur van meer as 30 grade Celsius het wanneer dit uitgelaat word.
- (4) Niemand mag veroorsaak of toelaat dat enige stormwater of reënwater in die rioolwaterwegdoenstelsel kom nie.
- (5) Die voortbring van 'n oorlas, bv. reuke, besoedeling of onooglikhede as gevolg van 'n foutiewe dreineerstelsel word nie toegelaat nie. Die Munisipaliteit moet die eienaar of okkuperer van sodanige perseel 24 uur kennis gee om sodanige oorlas te verwyder, en as hy versuim, moet die Munisipaliteit sodanige oorlas verwyder of laat verwyder op die koste van sodanige eienaar of okkuperer. Daarbenewens moet die aangeleentheid deur die Munisipaliteit opgevolg word as 'n oortreding ingevolge hierdie Verordening.
- (6) 'n Gemagtigde beampte kan die eienaar of okkuperer by wyse van 'n skriftelike kennisgewing gelas om, op sy koste, periodieke inspeksies van die perseel deur 'n deskundige te laat doen om voorkomende maatreëls uit te wys, soos vettvangers, sandvangers of olieafskeiers, wat sal verseker dat hierdie Verordening nagekom word, en die deskundige moet aan 'n gemagtigde beampte verslag doen van sy bevindings.

#### **Skade aan rioolwaterwegdoenstelsel**

- 92.** (1) Niemand mag die rioolwaterwegdoenstelsel beschadig of in gevaaar stel of veroorsaak of toelaat dat dit beschadig of in gevaaar gestel word nie, bv. as gevolg van plantwortels.
- (2) Enige persoon wat voorinemens is om op grond waarvan die Munisipaliteit die eienaar is, of waarvan die eienaarskap by hom berus, of waarop die Munisipaliteit 'n serwituit of ander reg het, werk te

doen wat skade kan veroorsaak aan die rioolwaterstelsel moet, voordat hy met sodanige werk begin, by die Munisipaliteit vasstel of enige deel van die rioolwaterwegdoenstelsel op genoemde grond geleë is.

- (3) As werk gedoen gaan word, of gedoen word op grond waarna daar verwys word in subartikel (2), of op grond langs daardie grond, wat na die mening van die Munisipaliteit die rioolwaterwegdoenstelsel kan beskadig of in gevaar stel, kan hy by wyse van kennisgewing die betrokke persoon gelas om nie met die werk te begin nie, of dit te staak, totdat hy voldoen het aan die voorwaardes wat in die kennisgewing vervat is.
- (4) Niemand mag toelaat of veroorsaak dat besoedelde water in enige stroom, rivier of ander waterloop inkom nie, en gebruikte water, insluitend swembadterugspoelwater, moet aangesluit word by en uitgelaat word in die rioolstelsel.

#### **Gevolglike instandhouding van riele**

93. Wanneer 'n riool beskadig of verstop raak of herstel moet word as gevolg van die handeling of versuim van enige persoon, hetsy dit is omdat sodanige persoon versuim het om te voldoen aan die vereistes van hierdie Verordening of andersins, kan die Munisipaliteit, op die koste van sodanige persoon, die verstopping verwyder of die instandhouding of herstelwerk doen wat die gemagtigde beampete nodig ag.

#### **Installering van voorbehandelingsfasiliteit**

94. (1) Die Munisipaliteit kan 'n redelike vereiste stel dat enige nuwe perseel voorsien moet wees van 'n minimumvoorbehandelingsfasiliteit van 'n soort wat hy gespesifieer het, voordat die perseel by die rioolwaterwegdoenstelsel aangesluit word.
- (2) Die Munisipaliteit kan, as hy dit nodig ag en met verskaffing van redes, 'n eienaar van enige ander perseel versoek om 'n voorbehandelingsfasiliteit op die eienaar se koste te installeer.
- (3) Die Munisipaliteit kan vereis dat monsterneem- en moniteertoerusting in verband met die gehalte en hoeveelheid van uitvloeiwater op die eienaar se koste geïnstalleer word, en die monsterneem- en moniteertoerusting moet verbind wees met die Munisipaliteit se telemetriestelsel voordat sodanige perseel by die Munisipaliteit se rioolwaterwegdoenstelsel aangesluit mag word.

#### **Beskerming teen invloei van stormwater**

95. As 'n perseel in die 1 in 50 jaar-vloedvlakte geleë is, moet die boonstevlak van dienstoegangsgate, inspeksiekamers, en rioolputte bokant die 1 in 50-jaarvloedlyn wees, behalwe in die geval van dienstoegangsgate en inspeksiekamers waarvan die deksels op goedgekeurde wyse in posisie vasgeheg is.

#### **Werk deur private persone**

96. (1) Die Munisipaliteit moet alle riele en aansluitriole lê, tensy hy kies om dit nie te doen nie, in welke geval die werk gedoen moet word ooreenkomsdig die Munisipaliteit se spesifikasies wat op die werk betrekking het en onderworpe aan die volgende voorwaardes:
- (a) Enige persoon wat werk ingevalle hierdie artikel doen, moet, voordat sodanige werk begin, die Munisipaliteit skriftelik tot voldoening van die Munisipaliteit vrywaar teen alle aanspreeklikheid ten opsigte van enige ongeluk of besering aan persone of verlies of skade

- aan eiendom wat kan voorkom as regstreekse of onregstreekse gevolg van die uitvoering van sodanige werk.
- (b) As 'n aansluiting gemaak moet word by enige riool moet dit gedoen word by 'n punt wat deur die Munisipaliteit aangewys word.
  - (c) As die oppervlak van enige straat of pad versteur word in die loop van die werk, mag die herstel van sodanige oppervlak slegs deur die Munisipaliteit gedoen word, op die koste van die persoon wat die werk gedoen het. Voordat die oppervlak van sodanige straat of pad versteur word, kan die Munisipaliteit na goeddunke vereis dat 'n deposito tot sy voldoening aan die Munisipaliteit betaal word deur sodanige persoon om die beraamde koste te dek van sodanige herstel. As die werklike koste die bedrag wat gedeponeer is, oorskry, moet die oorskrydingsbedrag van sodanige persoon verhaal word, en as daar 'n tekort is, moet die saldo aan hom terugbetaal word.
  - (d) Alle werk moet gedoen word ooreenkomsdig die vereistes en tot bevrediging van die Ingenieur.

#### **Wegdoening van uitvloeisel sonder spoelwater**

97. (1) As geen municipale riool beskikbaar is vir die uitlaat van afvalwater nie, mag niemand afvalwater wegdoen nie –
- (a) tensy die Munisipaliteit die vervoermetode goedgekeur het en voorwaardes opgelê het wat hy dienstig ag;
  - (b) by wyse van enige vervoermetode, tensy daar in elke geval skriftelik bewys van aanvaarding gelewer word deur die persoon in beheer van 'n fasiliteit wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is waar sodanige afvalwater of die neweprodukte daarvan weggedoen word; sodanige bewys moet behou word en die persoon wat die afvalwater of die neweprodukte daarvan gegeneereer het, moet toesien dat dit moet vir minstens een jaar na die datum van sodanige wegdoening ter insae lê.
- (2) Niemand wat afvalwater vervoer op enige ander manier as met spoelwater kan –
- (a) met sodanige afvalwater by of in enige plek buiten 'n fasiliteit wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is, wegdoen nie; of
  - (b) toelaat dat sodanige afvalwater uit enige houer uitmors, uitlek of uitsypel nie.
- (3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) geld ook vir chemiese toilette.

#### **Ander sanitasiedienste**

98. (1) Die Munisipaliteit kan, wanneer hy sodanige aansoek ontvang ingevolge artikel 4, die aansluiting goedkeur van die dreineerinstallasie by stalle, koeistalle, melkerye, hondehokke en ander persele wat gebruik word vir die huisvesting van diere en looierye, op voorwaardes wat die Munisipaliteit oplê.
- (2) Voorwaardes wat die Munisipaliteit kan oplê op die eienaar se koste sluit in –
- (a) dat die vloer van die perseel geplavei moet wees met ondeurdringbare materiale wat goedgekeur is deur die Munisipaliteit en afgeskuins is na 'n slikvanger, vettvanger of -put met voldoende kapasiteit; en
  - (b) dat elke deel van die vloer van die perseel bedek moet wees met 'n dak of ander beskermende toestel op 'n wyse wat voldoende voorkom dat reën of stormwater in die dreineerinstallasie inkom;
  - (c) dat vet- of ghriesvangers, slikvangers en/of sandvangers volgens die Munisipaliteit se spesifikasies geïnstalleer moet wees; en
  - (d) dat alle ander standarde en/of spesifikasies wat die Munisipaliteit nodig ag, nagekom word.

## HOOFSTUK 5

### ALGEMENE BEPALINGS

#### **Deel 1: Wederregtelike Handelinge en Beëindiging**

##### **Algemene verantwoordelikheid om te voldoen aan hierdie Verordening en ander regsreëls**

- 99.** (1) Die eienaar van 'n perseel is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat hierdie Verordening ten opsigte van alle aangeleenthede wat betrekking het op enige installasie nagekom word, en as hy nie die verbruiker is wat in werklikheid die water gebruik nie, is die eienaar gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik met die verbruiker ten opsigte van alle aangeleenthede wat betrekking het op die gebruik van enige waterdienste op sy eiendom, insluitend alle finansiële verpligtinge.
- (2) Die verbruiker is primêr verantwoordelik vir die nakoming van hierdie Verordening ten opsigte van aangeleenthede wat betrekking het op die gebruik van enige waterdienste.
- (3) Geen goedkeuring wat ingevolge hierdie Verordening gegee is, stel die verbruiker daarvan vry om te voldoen aan enige ander regsreël wat betrekking het op die onttrekking en gebruik van water of die wegdoen van uitvloeiisel nie.
- (4) Geen klaringsbewys sal ten opsigte van nuwe ontwikkelings of onderverdelings uitgereik word nie, tensy die watertoever, sanitasdienste en stormwaterinstallasies, insluitend die regstel van foute, voltooi, geïnspekteer en deur die Munisipaliteit goedgekeur is en enige voorwaardes wat gestel is, nagekom is.

##### **Bemoeïng met waterdienste**

- 100.** (1) Niemand buiten die Munisipaliteit mag –
- (a) enige deel van die watervoorsieningstelsel bestuur, bedryf of in stand hou nie;
  - (b) enige deel van die rioolwaterwegdoenstelsel bestuur, bedryf of in stand hou nie;
  - (c) 'n aansluiting of heraansluiting doen of 'n meettoestel by die watervoorsieningstelsel of rioolwaterwegdoenstelsel aanbring nie;
  - (d) enige stowwe in die rioolwaterwegdoenstelsel stort of vrystel nie;
  - (e) enige ander sanitasdienste lewer nie;
- tensy skriftelik magtiging verkry is om dit te doen kragtens hierdie Verordening of by die Munisipaliteit, en op die voorwaardes wat die Munisipaliteit oplê.
- (2) Niemand mag hom bemoei met enige diens of diensaansluiting of dit belemmer of willens en wetens of nalatig skade aan enige deel van die waterdiensstelsel wat aan die Munisipaliteit behoort, aanrig, of toelaat dat dit aangerig word nie.
- (3) Niemand mag enige tydelike toilettoestel by die munisipale rioolstelsel aansluit deur dit regstreeks op 'n mangat te installeer nie.
- (4) Aansluitings by die rioolwaterwegdoenstelsel kan in uitsonderlike omstandighede na goeddunke van die Ingenieur gedoen word deur 'n ontwikkelaar of eienaar, en onderworpe aan skriftelike voorwaardes wat die Ingenieur oplê, in welke geval die inspeksiegeld aan die Munisipaliteit betaalbaar is.

- (5) Niemand mag enige struktuur oprig of enige struik of boom plant direk langs of bo-op enige deel van die waterdiensstelsel wat aan die Munisipaliteit behoort nie.

#### **Verhindering van toegang tot watervoorsieningstelsel of sanitasiedienste**

- 101.** (1) Niemand mag fisiese toegang deur enige werknemer of behoorlik gemagtigde beampte van die Munisipaliteit tot die watervoorsieningstelsel of rioolwaterwegdoenstelsel verhinder nie, met inbegrip van 'n situasie waar die verlies van water of ander diensverwante probleem besoedeling of 'n oorlas kan veroorsaak aan ander eienaars en verbruikers.
- (2) As 'n persoon subartikel (1) oortree, kan die Munisipaliteit –  
 (a) deur skriftelik kennis te gee, sodanige persoon gelas om op eie koste binne 'n vasgestelde tydperk toegang te herstel; of  
 (b) as die Munisipaliteit van mening is dat dit 'n dringende aangeleentheid is, kan hy sonder kennisgewing vooraf, toegang herstel en die volle koste van sodanige persoon herhaal, welke koste kan insluit, sonder beperking, enige verkennende ondersoek, opnames, planne, hoeveelheidslyste, toesig, administrasiekoste, die gebruik van gereedskap en arbeid en vervoeruitgawes; en/of  
 (c) 'n boete oplê, soos bepaal deur die Munisipaliteit van tyd tot tyd.

#### **Verbod op toegang tot waterdienste behalwe deur die Munisipaliteit**

- 102.** (1) Niemand word toegelaat om toegang tot waterdienste te verkry uit 'n ander bron as die Munisipaliteit sonder die Ingenieur se voorafverkreeë skriftelike goedkeuring nie, en op voorwaardes wat die Munisipaliteit kan oplê vir huishoudelike, kommersiële of nywerheidsdoeleindes.
- (2) Ondanks die bepaling in subartikel (1) hiervan kan 'n persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Verordening water uit 'n ander bron gebruik het, voortgaan om dit te doen –  
 (a) vir 'n tydperk van 60 dae nadat hy versoek is om vir goedkeuring aansoek te doen; en  
 (b) daarna, totdat die aansoek om goedkeuring toegestaan is; of  
 (c) vir 'n redelike tydperk daarna, na die goeddunke van die Munisipaliteit, as die aansoek om goedkeuring geweier word.
- (3) As goedkeuring verleen word, sal die Munisipaliteit die maksimum grootte of deursnit van die diensaansluiting bepaal en kan hy van die persoon wat goedkeuring verlang, vereis om die dienste wat in die goedkeuring gespesifiseer word, aan ander te lewer met redelike bepalings en voorwaardes wat ook deur die Munisipaliteit vasgestel word.

#### **Ongemagtigde gebruik van waterdienste**

- 103.** (1) Niemand mag, tydelik of permanent, toegang kry tot waterdienste van die watervoorsieningstelsel, die rioolwaterwegdoenstelsel of enige ander sanitasiediens nie, tensy 'n ooreenkoms waarna daar verwys word in artikel 4 en 5 met die Munisipaliteit gesluit is .
- (2) Die Munisipaliteit kan, ongeag enige ander stappe wat hy ingevolge hierdie Verordening kan doen teen 'n persoon waarna daar verwys word in subartikel (1), by wyse van skriftelike kennisgewing die persoon gelas om –  
 (a) aansoek te doen om sodanige dienste ingevolge artikels 4 en 5; en

- (b) die werk te onderneem wat nodig mag wees om te verseker dat die verbruikersinstallasie waardeur toegang verkry is, voldoen aan die bepalings van hierdie en enige ander verordening.
- (3) Die bepalings van artikel 109 is van toepassing op 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2) hierbo.

#### **Beëindiging van ooreenkomste**

- 104.** (1) 'n Verbruiker kan 'n ooreenkoms vir die lewering van waterdienste beëindig deur aan die Munisipaliteit minstens vyf werksdae skriftelik kennis te gee van sy voorname om dit te doen. Die Munisipaliteit mag die toepaslike gelde vir die verwydering van die meettoestel van die verbruiker verhaal.
- (2) Die Munisipaliteit kan, deur minstens 30 dae skriftelik kennis te gee, 'n verbruiker se ooreenkoms vir die lewering van waterdienste deur die Munisipaliteit beëindig indien –
- (a) hy die waterdienste oor die voorafgaande 6 maande nie gebruik het nie en nie reëlings tot voldoening van die Munisipaliteit getref het vir die voortsetting van die ooreenkoms nie;
  - (b) 'n reëling getref is deur sodanige verbruiker met 'n ander waterdienste-instelling om waterdienste aan die verbruiker te lewer.
- (3) Die Munisipaliteit kan, deur een werksdag kennis te gee, die verbruiker se ooreenkoms vir die lewering van waterdienste beëindig as hy versuim het om te voldoen aan die bepalings van hierdie Verordening en in gebreke gebly het om sodanige versuim om te voldoen, reg te stel na die uitreiking van 'n voldoeningskennisgewing, en versuim het om die voorgeskrewe gelde wat verskuldig en betaalbaar is, te betaal.
- (4) Die Munisipaliteit kan, na kennisgewing, 'n diensooreenkoms beëindig as 'n verbruiker die perseel waarop die ooreenkoms betrekking het, ontruim het.
- (5) (a) As daar deur 'n persoon, wat regtens daarop geregtig is, buiten die Munisipaliteit, vasgestel word dat 'n bestaande waterdiens op private eiendom, of afkomstig van 'n private eiendom, omgewingskade of waterbesoedeling of watervermorsing veroorsaak, en die eienaar van die eiendom of die verbruiker, watter een ook al van toepassing is, gelas is om maatreëls te tref wat ingevolge enige wet of regsreël vereis word om die saak reg te stel, is die Munisipaliteit nie aanspreeklik vir enige skadevergoeding wat die gevolg is van die maatreëls wat nodig was ten opsigte van skade wat gely is as gevolg van 'n permanente of tydelike beëindiging van die dienste nie.
- (b) Sou die verbruiker versuim om sodanige maatreëls te tref, kan die Munisipaliteit, onderworpe aan die bepalings van artikel 4, die maatreëls tref wat nodig is, en alle uitgawes wat aangegaan word, kan verhaal word van die eienaar van die perseel of die verbruiker, na gelang van die geval.

## **Deel 2: Waterdienstetussengangers**

### **Waterdienstetussengangers**

- 105.** (1) 'n Waterdienstetussenganger moet 'n kontrak met die verbruiker hê (byvoorbeeld 'n diens- of eiendomshuurkontrak) waarvan die hoofdoel nie die lewering van waterdienste is nie.
- (2) Die Munisipaliteit kan by wyse van 'n openbare kennisgewing van 'n waterdienstetussenganger vir die lewering van water en sanitasiedienste vereis om by die Munisipaliteit te regstreer en om die Munisipaliteit te voorsien van besonderhede ten opsigte van die lewering van waterdienste op sy perseel wat die Munisipaliteit nodig mag hê om sy eie regverpligte na te kom.
- (3) Plaaseienaars word beskou as werkgewers en as sodanig is hulle verantwoordelik vir behuising en verwante dienste vir hulle werknemers wat op die plase woon. Plaaseienaars is dus waterdienstetussengangers ingevolge die Wet en is verantwoordelik vir die verskaffing van minstens basiese waterdienste aan mense wat op plase woon.
- (4) Die gehalte, hoeveelheid, bekostigbaarheid en volhoubaarheid van waterdienste wat gelewer word deur waterdienstetussengangers moet voldoen aan die minimum norme en standarde wat voorgeskryf word in artikels 9 en 10 en die toepaslike regulasies van die Wet, en die gehalte van alle drinkwater moet voldoen aan die standarde vir menslike gebruik wat in SANS 241 uiteengesit word.
- (5) Die Munisipaliteit kan van 'n waterdienstetussenganger vereis om toe te laat dat water- en uitvloeiselmonsters op sy perseel geneem word wanneer die Munisipaliteit dit nodig ag om te voldoen aan sy regsmandaat om toe te sien dat watergehaltestandaarde in sy reggebied gehandhaaf word.
- (6) Die Munisipaliteit sal die prestasie van waterdienstetussengangers moniteer, soos bedoel in die Wet, om te verseker dat norme en standarde vir gelde, voorwaardes wat deur die Munisipaliteit gestel word en die betrokke bepalings van hierdie Verordening nagekom word.
- (7) Waterdienstetussengangers moet toesien dat goeie gesondheid- en higiënepraktyke gehandhaaf word ten opsigte van die waterdienste wat deur hulle gelewer word en die gebruik daarvan deur hulle verbruikers. Die Munisipaliteit sal, wanneer hy skriftelik versoek word, help om sodanige gesondheid- en higiënepraktyke in te stel, maar alle koste verbonde daaraan moet deur die waterdienstetussenganger betaal word.

## **Deel 3: Afdwinging van Verordeninge en Ander Regsaangeleenthede**

### **Magtiging van 'n beampte**

- 106.** Die Munisipaliteit en 'n diensverskaffer soos beoog in die omskrywing van Munisipaliteit en in artikel 76 van die Stelselwet kan in terme van hierdie Verordening enige persoon in sy diens magtig om 'n gemagtigde beampte te wees.

### **Funksies van 'n gemagtigde beampte**

- 107.** (1) 'n Gemagtigde beampte kan werk uitvoer, inspeksies hou en voldoening aan hierdie Verordening moniteer en afdwing.

- (2) 'n Gemagtigde beampte moet, onderworpe aan die bepalings van enige ander regsreël, die funksies verrig en die magte uitoefen wat in hierdie artikel bedoel word en hierin uiteengesit is.

### Kennisgewings en dokumente

- 108.** (1) 'n Kennisgewing of dokument wat deur die Munisipaliteit uitgereik word ingevolge hierdie Verordening word geag behoorlik gemagtig te wees as dit deur 'n gemagtigde beampte geteken is.
- (2) As 'n kennisgewing of dokument aan 'n eienaar, verbruiker of enige ander persoon beteken moet word ingevolge hierdie Verordening word geag dat dit effektief en behoorlik aan sodanige persoon beteken is –
- (a) as dit persoonlik aan hom afgelewer is of aan sy behoorlik gemagtigde agent;
  - (b) as dit by sy woning of besigheidsplek of werkplek gegee is aan 'n persoon wat klaarblyklik minstens sestien jaar oud is en wat daar woon of werk;
  - (c) as dit afgelewer is by 'n adres wat hy gekies het virregsdoeleindes;
  - (d) as hy nie 'n adres gekies het virregsdoeleindes nie, en dit afgelewer word by die adres wat hy verstrek het in sy aansoek om die lewering van 'n waterdiens, waar 'n rekening vir die lewering van waterdienste ontvang word;
  - (e) as dit per voorafbetaalde geregistreerde pos gestuur is na sy laaste bekende adres en erkenning van die posdiens verkry word dat dit gepos is;
  - (f) in die geval van 'n regspersoon, as dit afgelewer is by die geregistreerde kantoor of besigheidspersoel van sodanige persoon; of
  - (g) as betekenis nie gedoen kon word ingevolge subartikels (a) tot (f) nie, deur dit op 'n opsigtelike plek op die betrokke perseel op te rig.

### Voldoeningskennisgewings

- 109.** (1) Die Munisipaliteit kan by wyse van skriftelike kennisgewing die eienaar, verbruiker of enige ander persoon wat by wyse van 'n handeling of nalate, versuim om –
- (a) 'n bepaling van hierdie Verordening; of
  - (b) enige voorwaarde wat opgelê is ingevolge hierdie Verordening na te kom, beveel om sodanige versuim binne 'n tydperk wat in die voldoeningskennisgewing aangegee is, reg te stel.
- (2) In die geval waar vereis word dat daar voldoen word aan 'n kennisgewing binne 'n vasgestelde getal werksdae, word sodanige tydperk geag te begin het op die datum waarop sodanige kennisgewing uitgereik is.
- (3) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) moet –
- (a) besonderhede bevat van die bepaling van die Verordeninge waaraan daar nie voldoen is nie;
  - (b) aan die eienaar, okkuperder of ander party 'n redelike geleentheid gun om vertoë te rig en sy saak binne 'n vasgestelde tydperk skriftelik aan die Munisipaliteit te stel, tensy die eienaar, okkuperder of ander persoon sodanige geleentheid gegun is voordat die kennisgewing beteken is;
  - (c) die stappe bevat wat daardie eienaar, okkuperder of ander persoon moet doen om die versuim reg te stel;
  - (d) die tydperk bevat waarin daardie eienaar, okkuperder of ander persoon daardie stappe moet doen om die versuim reg te stel; en
  - (e) 'n aanduiding bevat dat die Munisipaliteit –
- (i) as daar nie aan die kennisgewing voldoen word nie, die werk wat nodig is om die

versuum reg te stel, kan onderneem of toelaat dat dit onderneem word, en die werklike koste van sodanige werk van die eienaar, okkuperder of ander persoon kan verhaal; en

- (ii) enige ander stappe kan doen wat hy nodig ag om nakoming te verseker.

- (4) As 'n eienaar of okkuperder of enige ander persoon versuum om te voldoen aan 'n skriftelike kennisgewing wat aan hom beteken is deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit maatreëls tref wat na sy mening nodig is om nakoming te verseker, met inbegrip van –
  - (a) die stappe doen en/of werk verrig wat nodig is, en die koste van sodanige stappe en/of werk van die eienaar, okkuperder of ander persoon, na gelang van die geval, verhaal; of
47. (1) A member may at the conclusion of a speech move that the consideration of the matter be postponed to a fixed or undetermined date.
- (2) Such motion must be seconded but need not be in writing, provided that the seconder shall not be permitted to speak. The mover shall be permitted to speak to the motion for a period not exceeding five minutes and the seconder shall not speak for seconding the motion.
- (3) The mover of the motion may, without prejudice to his or her right of reply if the motion is not carried, be heard in reply for five minutes, after which the motion shall be put without further debate.

- (4) If the motion is carried, the matter shall be placed first on the agenda of matters to be considered at the meeting to which it has been postponed, provided that rule 5(2) and (3) shall not apply to such matter.

**Adjournment of meeting to another date**

48. (1) A member who has not yet participated in the debate on a matter may at any time, except during the course of a speech by another member, or while a vote is being taken, move "that the meeting adjourn to another date".
- (2) Such motion must be seconded but need not be in writing.
- (3) The mover may speak to the motion for a period not exceeding five minutes but the seconder shall not speak except for seconding the motion.
- (4) If the motion is carried the meeting shall forthwith adjourn unless the speaker directs that the meeting proceed first to dispose of business other than opposed business.
- (5) If the motion is not carried the speaker shall not accept another such motion until half an hour has elapsed.
- (6) Subject to sub rule (3), no discussion on such motion shall be permitted, except that a member who has first indicated his or her opposition to such motion, may speak in opposition of the motion for not more than five minutes.
- (7) No amendment to such motion may be moved except in relation to the period of adjournment.
- (8) If the motion is carried during a debate but the debate is not concluded, then, upon re-opening of the matter at the adjourned meeting, the member who moved the adjournment shall be entitled to speak first.
- (9) No business shall be transacted at an adjourned meeting except such business set out in the agenda for the meeting which is adjourned.

**Adjournment of meeting for a specified time**

49. (1) A member may at any time except during the course of a speech by another member or while a vote is being taken, move “that the meeting now adjourn for a specified time, up to one hour”.
- (2) Such motion must be seconded and need not be in writing.
- (3) If the motion is carried the meeting shall forthwith adjourn for the specified time.
- (4) The speaker may limit the number of such motions.

**Adjournment of debate**

50. (1) A member who has not yet participated in a debate may at the conclusion of any speech move “that the debate be adjourned”.
- (2) Such motion must be seconded but need not be in writing.
- (3) The mover of such motion may speak to it for five minutes, but the seconder may not speak beyond formally seconding it.
- (4) Subject to sub rule (3) no discussion may be permitted on such motion except in relation to the period of adjournment and that the member who first indicated his or her opposition against such motion may speak in opposition thereto for five minutes.
- (5) If such motion is carried, the meeting proceeds to the next business on the agenda, and the discussion of the adjourned debate, unless otherwise resolved, is resumed at the next meeting.
- (6) On the resumption of the adjourned debate the member who moved the adjournment is entitled to speak first.

- (7) If the motion is not carried the speaker shall not accept another such motion until half an hour has elapsed.
- (8) A member may not move or second more than one motion for the adjournment of the debate during the course of that debate.

### **Voting on a Matter**

- 51. (1) A member who has not yet participated in the debate on a matter may, at the conclusion of a speech on the matter, move that “the matter be now put to the vote”.
- (2) Subject to the provisions of sub rule (3), no motion put in terms of sub rule (1) shall be open to discussion.
- (3) The mover of a matter under discussion may, when a motion has been put in terms of sub rule (1), speak on such motion for not more than five minutes, whereupon the said motion shall be put to the vote without any further debate.

### **Removal of matter from the agenda**

- 52. (1) A member who has not yet participated in the debate on a matter may, at the conclusion of any speech on that matter, move “that the matter be removed from the agenda”.
- (2) Subject to the provisions of sub rule (3), no motion put in terms of sub rule (1) shall be open to discussion.
- (3) The mover of a matter under discussion may, when a motion has been put in terms of sub rule (1), speak on such motion for not more than five minutes, whereupon the said motion shall be put to the vote without any further discussion.
- (4) If such a motion is carried, the matter under discussion shall not be further pursued.

**PART 8: MEMBERS' TOOLS OF TRADE****Tools of trade**

53. It is the responsibility of members to have the tools of trade provided to them by the municipality available and in a working condition at all times.

**PART 9 : REPEAL OF BY-LAWS****Repeal of by-laws**

54. By-Law 20/2007 : Rules of Order regulating the Conduct of Meetings of the Council of the Municipality of Drakenstein promulgated in Provincial Gazette 6426 dated 16 March 2007, is hereby repealed.

**DRAKENSTEIN MUNISIPALITEIT****VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE RAAD  
VAN DIE MUNISIPALITEIT VAN DRAKENSTEIN; 2014**

**Ingevolge die bevoegdheid verleen ingevolge reël 156(2) van die Grondwet, 1996, gelees met reël 13 van die Municipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000), verorden Drakenstein Munisipaliteit soos volg:**

**DEEL 1: ALGEMEEN****Woordomskrywing**

1. In hierdie regulasies, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken —  
**“Grondwet”** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);  
**“kode”** die gedragskode vir raadslede soos in die Stelselwet uiteengesit;  
**“komitee”** 'n portefeuiljekomitee wat ingevolge reël 79 of 80 van die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Strukture, 1998, (Wet 117 van 1998) deur die raad ingestel is of 'n komitee soos bedoel in item 14 van die Gedragskode vir Raadslede;  
**“lid”** 'n lid van die municipale raad;  
**“LUR”** die lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir plaaslike regering in die Wes-Kaapse Provinsie;  
**“mosie”** 'n mosie waarvan geskrewe kennis deur 'n lid gegee is, maar dit sluit nie 'n mosie in soos by reël 39 en 40 beoog nie; asook orde-mosies soos uiteengesit in reël 45;  
**“municipale bestuurder”** die persoon deur die raad aangestel ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), of 'n persoon deur die municipale bestuurder gedelegeer;  
**“ordereëls”** die bepalings van hierdie verordening;  
**“party”** 'n party soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Municipale Strukture, 1998;  
**“raad”** die municipale raad van Drakenstein;  
**“speaker”** die raadslid verkies tot voorsitter van die raad of enige ander raadslid wat as voorsitter van die raad waarneem;

“**Stelselwet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet 32 van 2000);

“**Strukturewet**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukturewet, 1998 (Wet 117 van 1998);

“**vergadering**” die vergaderings van die munisipale raad.

“**werksgereedskap**” die hulpmiddels of fasiliteite soos meubels, telefone, elektroniese toestelle of enige ander hulpmiddels of fasiliteite wat deur die munisipaliteit aan 'n lid voorsien word om effektiewe en doeltreffende uitvoering van sy of haar pligte op die mees effektiewe wyse te verseker;

## DEEL 2: TOEPASSING VAN REGULASIES

### Toepassing

2. (1) Hierdie regulasies is op alle vergaderings van die raad van toepassing.
- (2) Uitgesonderd waar dit klaarblyklik onvanpas is, is 'n reël wat in enige verrigtinge op raadslede van toepassing is, ook van toepassing op 'n nie-lid wat met die goedkeuring van die speaker aan daardie verrigtinge deelneem.

### Aanvulling

3. (1) Die speaker kan 'n beslissing gee ten opsigte van enige gebeurlikheid waarvoor hierdie reëls nie voorsiening maak nie, en geen verdere bespreking word oor die beslissing toegelaat nie.
- (2) Die beslissing van die speaker word in die notule aangeteken.

## DEEL 3: VERGADERINGS

### Aanvang van vergadering

4. Die speaker moet die stoel inneem presies op die tyd waarvoor die vergadering belê is en moet onmiddellik, volgens reël 13, met die sake van die vergadering begin.

### Volgorde van sake

5. (1) Die sake van vergaderings moet in die volgende volgorde op die sakelys verskyn –
  - (a) verkiesing van waarnemende speaker, indien nodig;
  - (b) aansoeke vir verlof om afwesigheid;
  - (c) goedkeuring van notule;
  - (d) verklarings en mededelings deur die uitvoerende burgemeester/ uitvoerende onderburgemeester;
  - (e) larings en mededelings deur die speaker;
  - (f) onderhoude met afvaardigings (indien deur die speaker goedgekeur);
  - (g) oorweging van verslae deur die uitvoerende burgemeester;
  - (h) sake vir oorweging/inligting;
  - (i) dringende aangeleenthede deur die municipale bestuurder voorgelê;
  - (j) oorweging van kennisgewing van mosies;
  - (k) oorweging van kennisgewings van vrae;
  - (l) oorweging van dringende mosies; en
  - (m) in-komitee sake.
- (4) Die speaker kan uit eie beweging die volgorde van die sake op die sakelys verander.
- (3) 'n Lid wat die volgorde van sake op die sakelys wil verander, moet die speaker voor die vergadering nader. Die speaker se besluit is bindend.

**Speaker kan dringende aangeleentheid indien**

6. Die speaker kan te eniger tyd en sonder kennisgewing enige verklaring maak of dringende aangeleenthede voorstel.

**Sake vir afhandeling**

7. Uitgesonderd soos in hierdie regulasies bepaal, mag geen aangeleentheid wat nie op die sakelys van 'n vergadering van die raad vermeld is, by sodanige vergadering behandel word nie.

**Vergaderings**

8. (1) Die raad moet ten minste kwartaalliks vergader.
  - (2) Die speaker besluit waar en wanneer die raad vergader, maar indien 'n meerderheid van die lede die speaker skriftelik versoek om 'n vergadering te belê, moet die speaker 'n vergadering belê op die tyd in die versoek vermeld.
  - (3) Indien die posisie van die speaker vakant is moet die munisipale bestuurder-
    - (a) 'n spesiale vergadering belê vir die verkiesing van 'n speaker of waarnemende speaker; en
    - (b) aan elke lid sowel as die publiek kennis gee van sodanige vergadering.
  - (4) Indien die speaker versuim om 'n spesiale vergadering soos bedoel in subreël (2) te belê, mag die meerderheid van lede die munisipale bestuurder versoek om sodanige vergadering te belê en moet die munisipale bestuurder die vergadering belê vir die tyd soos in die versoek uiteengesit.
  - (5) 'n Versoek deur die meerderheid van lede moet die sake aandui wat tydens die vergadering behandel moet word. Geen ander sake, behalwe met toestemming van die meerderheid lede mag tydens sodanige spesiale vergadering behandel word nie.
  - (6) Die munisipale bestuurder moet skriftelik of per elektroniese media kennis gee aan elke lid van elke vergadering waarop ingevolge subreëls (2), (3) en (4) besluit is.

- (7) Die munisipale bestuurder moet aan die publiek kennis gee van die dag, tyd en plek van elke vergadering deur 'n kennisgewing te publiseer in 'n plaaslike koerant deur hom of haar bepaal; met dien verstande dat hy of sy van hierdie vereiste kan afwyk wanneer tydsbeperkings dit onmoontlik maak ten opsigte van dringende vergaderings.
- (8) Die munisipale bestuurder moet elke lid van elke vergadering in kennis stel deur hom of haar van 'n skriftelike of elektroniese agenda te voorsien ten minste 72 (twee en sewentig) uur voor die vergadering, met dien verstande dat indien tydsbeperkings dit onmoontlik maak, 'n korter periode gebruik mag word.

### **Bywoning van vergaderings**

9. (1) Elke lid wat 'n vergadering bywoon, moet sy of haar naam teken in die bywoningsregister wat vir dié doel gehou word.
- (2) 'n Lid moet elke vergadering bywoon, uitgesonderd wanneer –  
(a) verlof vir afwesigheid ingevolge reël 10 verleen is; of  
(b) die lid hom of haar kragtens wet moet onttrek.

### **Verlof vir afwesigheid**

10. (1) 'n Lid wat homself of haarself van 'n vergadering of tydens 'n vergadering wil verskoon, moet 'n skriftelike aansoek by die speaker indien, of in sy of haar afwesigheid, by die hoofsweep van die raad ten minste 48 uur voor die vergadering. 'n E-pos aan die speaker in diè verband sal aanvaarbaar wees.
- (2) By ontvangs van 'n aansoek ingevolge subreël (1) moet die speaker die aansoek oorweeg en kan dit goedkeur of weier. Die lid moet ten minste 24 uur voor die vergadering van die besluit in kennis gestel word met redes in die geval van weiering.
- (3) Die speaker mag verlof tot afwesigheid toestaan aan 'n lid wie deur spesiale omstandighede verhinder is ingevolge subreël (1) aansoek te doen.
- (4) Die spesiale omstandighede bedoel in subreël (3) mag insluit–  
(a) siekte van die lid;

- (b) siekte of dood van naasbestaandes van die lid; of
  - (c) waar die lid met ampelike besigheid van die raad is.
- (5) Indien die speaker homself of haarself van 'n vergadering wil verskoon moet hy of sy by die uitvoerende burgemeester aansoek doen in welke geval subreëls (1) en (4) met die nodige wysigings van toepassing sal wees.
- (6) 'n Lid wat sonder verlof versuim om teenwoordig te bly by 'n vergadering, word geag sonder verlof afwesig te wees.
- (7) Die name van alle lede aan wie verlof tot afwesigheid van enige vergadering gegee is en van alle lede wat sonder verlof tot afwesigheid afwesig is van enige vergadering of versuim om teenwoordig te bly by 'n vergadering, moet aangeteken word in die notule of verslag of verslae met betrekking tot sodanige vergadering.
- (9) Reël 24(5) is van toepassing op lede wat versuim om te voldoen aan enige bepaling van hierdie reël.

### **Nie-bywoning**

11. (1) Die speaker of sy genomineerde moet die bywoningsregister op 'n gereelde basis nagaan en moet, indien dit na sy of haar mening nodig is, ingevolge die Gedragskode vir Raadslede toepaslike stappe doen teen raadslede wat op 'n gereelde basis afwesig is.
- (2) Nie-bywoning deur 'n lid beteken versuim om-
- (a) 'n vergadering by te woon wat die lid ingevolge reël 9(2) van hierdie verordening moet bywoon;
  - (b) by die aanvang van 'n vergadering teenwoordig te wees; of
  - (c) teenwoordig te bly tot aan die einde van 'n vergadering.

**Notule**

12. (1) Die notule van die verrigtinge van vergaderings moet in gedrukte vorm saamgestel en op die volgende gewone vergadering deur die raad goedgekeur en deur die speaker onderteken word.
- (2) Die notule word vir die doel van goedkeuring as gelees beskou indien 'n eksemplaar daarvan binne 'n redelike tydperk voor die volgende vergadering aan elke lid gestuur is.
- (3) Geen mosie of bespreking van die notule word toegelaat nie, behalwe in verband met die juistheid daarvan.

**Kworum**

13. (1) 'n Meerderheid van die lede vorm 'n kworum.
- (2) As daar op die tyd waarvoor die vergadering belê is, nie 'n kworum is nie, moet die speaker die stoel inneem sodra daar 'n kworum teenwoordig is.
- (3) Wanneer daar nie 'n kworum is nie, moet die aanvang van die vergadering met hoogstens 30 minute vertraag word, en as daar aan die einde van daardie tydperk nog nie 'n kworum is nie, moet die speaker die vergadering verskuif na 'n ander tyd, datum en plek na sy of haar goeddunke en moet hy of sy die name van die raadslede teenwoordig aanteken.
- (4) Wanneer die speaker nie teenwoordig is nie en daar nie 'n kworum is nie, moet die begin van die vergadering met hoogstens 30 minute vertraag word, en as daar aan die einde van daardie tydperk nog nie 'n kworum is nie, mag die vergadering nie plaasvind nie en moet die municipale bestuurder die name van die lede teenwoordig aanteken.

- (5) Wanneer 'n besluit oor enige aangeleentheid voor die vergadering geneem moet word en daar geen kworum is nie, moet die speaker die verrigtinge verdaag totdat 'n kworum teenwoordig is, met dien verstande dat indien daar na die verloop van 10 minute, of sodanige langer tydperk wat die speaker toelaat, nog nie 'n kworum is nie, die speaker die vergadering moet verdaag.
- (6) Wanneer 'n vergadering verdaag word omdat daar nie 'n kworum is nie, moet die tyd van sodanige verdaging asook die name van die lede teenwoordig in die notule aangeteken word.

#### **DEEL 4: BESLUITE**

##### **Onbestrede aangeleenthede**

- 14. Wanneer die raad versoek word om 'n aangeleentheid voor hom te oorweeg en daar geen teenkanting van enige lid is nie, word 'n eenparige stemming in die notule aangeteken.

##### **Debat voor besluitneming**

- 15. (1) Voordat enige besluit deur die Raad gedebatteer word, moet die speaker aandui dat die saak oop is vir bespreking.
- (2) In die geval van 'n geopponeerde saak sal die speaker nie enige voorstel of amendement toelaat totdat die saak, na die mening van die speaker, goed genoeg gedebatteer is nie.
- (3) 'n Item op die agenda sal beskou word as geopponeer indien 'n lid te kenne gee dat dit sy of haar voorname is om die saak te bespreek sodra die speaker aangedui het dat die saak oop is vir bespreking; met dien verstande dat geen saak as geopponeer beskou sal word indien vrae in verband daarmee gevra word nie.

### **Wyse van stemming**

16. (1) Die speaker moet 'n stemming toelaat oor elke mosie wat teengestaan word, deur die lede te versoek om deur die opsteek van hande, tensy anders voorgeskryf deur die wet, aan te dui of hulle vir of teen sodanige mosie is, waarna hy of sy die uitslag van sodanige stemming bekend moet maak.
- (2) Wanneer hy of sy daartoe versoek word deur 'n meerderheid van die lede teenwoordig, mag die speaker bepaal dat 'n stemming deur middel van 'n geheime stemming plaasvind. In sodanige geval moet die municipale bestuurder verseker dat 'n spesifiekgemerkte stembrief aan elke lid uitgedeel word.
- (3) Indien daar 'n staking van stemme is ten opsigte van 'n mosie waaroor 'n stemming gehou is, in ooreenstemming met subreël (1) en (2), moet die speaker sy of haar beslissende stem uitbring (benewens sy of haar gewone stem); met dien verstande dat die speaker nie 'n beslissende stem mag uitbring ingevolge enige aangeleentheid soos uiteengesit in reël 160(2) van die Grondwet nie.
- (4) Wanneer die speaker die uitslag van 'n stemming bekend maak, kan 'n lid versoek dat sy of haar stem teen die betrokke besluit aangeteken word, en die municipale bestuurder moet seker maak dat sodanige stem in die notule aangeteken word.
- (5) 'n Lid mag buite stemming bly ten opsigte van enige saak. Wanneer sodanige lid aandui dat hy of sy buite stemming wil bly, moet dit in die notule aangeteken word.

### **Besluite**

17. (1) In ooreenstemming met die Grondwet is die ondersteunende stem van 'n meerderheid van die lede nodig om te besluit oor-
- die aanvaarding van subreëls;
  - die goedkeuring van die begroting;
  - die oplegging van eiendomsbelasting en ander belastings, heffings en regte;
  - die verkryging van lenings.

- (2) In ooreenstemming met die Strukturewet is 'n ondersteunende stem van minstens twee derdes van die lede nodig om 'n besluit om die raad te ontbind, te aanvaar.
- (3) Buiten reël 39 kan alle ander vrae deur 'n meerderheid van stemme beslis word.

## **DEEL 5: TOEGANG VIR PUBLIEK**

### **Toelating van publiek**

- 18. Die speaker moet redelike stappe neem om toegang vir die publiek tot, en gedrag van die publiek op vergaderings, te reguleer.

### **Sake In Komitee**

- 19. (1) Wanneer die munisipale bestuurder na sy of haar goeddunke enige aangeleentheid voorlopig op 'n deel van die sakelys geplaas het wat nie voor die vergadering aan die publiek openbaar gemaak sal word nie, moet die speaker, wanneer sodanige aangeleenthede oorweeg word -
  - (a) gelas dat die lede oorweeg of dit redelik sal wees as enige van of al die items op sodanige deel van die sakelys oorweeg word sonder die teenwoordigheid van die publiek, met behoorlike inagneming van reël 160(7) van die Grondwet, wat vereis dat die publiek en die media van 'n vergadering uitgesluit kan word slegs as dit redelik is om dit te doen met inagneming van die aard van die sake wat oorweeg word;
  - (b) die lede van die publiek opdrag gee om die vergadering te verlaat ten opsigte van daardie sake wat in-komitee moet plaasvind.
- (2) Die motivering vir die uitsluiting van die publiek moet volledig genotuleer word.
- (3) Enige sake waarvan die publiek nie uitgesluit sal word nie, word oorweeg onmiddellik na die prosedure soos uiteengesit in subreël (1).

### **Uitsluiting van die publiek en media van vergaderings**

20. (1) Die publiek, insluitende die media, kan van die vergadering uitgesluit word -
- (a) waar die speaker dit ingevolge reël 19 gelas, of
  - (b) waar die raad dit ingevolge subreël (3) besluit.
- (2) Indien sodanige mosie gesekondeer word, moet dit onverwyld en sonder bespreking tot stemming gebring word.
- (3) Indien sodanige mosie aanvaar word na behoorlike oor oorweging deur die raad van die redes wat aangevoer is, en met verwysing na reël 160(7) van die Grondwet, moet alle lede van die publiek, insluitende die media, die vergaderlokaal verlaat.

### **Hertoelating van publiek en media tot vergaderings**

21. (1) 'n Lid kan in die loop van die vergadering waarvan die publiek en die media uitgesluit is, voorstel "dat die vergadering weer oopgestel word" met vermelding van die redes vir sodanige mosie.
- (2) Indien sodanige mosie gesekondeer word, moet dit onverwyld en sonder bespreking tot stemming gebring word.

### **Afvaardigings en uitnodiging aan nie-lede**

22. Lede van die publiek en afvaardigings kry gewoonlik tydens 'n onderhoud met die uitvoerende burgemeester of komitees die geleentheid tot gesprek. Indien daar egter regverdiging is vir buitengewone omstandighede, mag die speaker toestemming verleen vir 'n deputasie vir 'n onderhoud met die raad of vir 'n lid van die publiek om die raad toe te spreek of om 'n vergadering by te woon om sy/haar mening oor 'n saak oor te dra.

## DEEL 6: ORDE TYDENS VERGADERINGS

### Gedrag van lede, nie-lede en lede van die publiek

23. Indien 'n nie-lid of 'n lid van die publiek hom of haar aan wangedrag skuldig maak, op 'n onbehoorlike wyse gedra of die sake van enige vergadering belemmer, kan die speaker gelas dat hy of sy uit die vergadering verwyder word.

### Gedrag van raadslede

24. (1) Indien 'n lid –
- (a) hom of haar aan wangedrag skuldig maak, of
  - (b) hom of haar op 'n onbehoorlike wyse gedra, of
  - (c) die sake van enige vergadering belemmer, of
  - (d) die beslissing van die voorsitter oor enige punt van orde of beslissing ingevolge reël 3(1) uitdaag, of
  - (e) weier om enige uitdrukking terug te trek wanneer die Voorsitter daarop aandring, of
  - (f) hom of haar oorgee aan langdradige herhaling of onbehoorlike taalgebruik, of
  - (g) enige van hierdie reëls oortree,
- moet die voorsitter gelas dat sodanige lid hom of haar behoorlik gedra en, indien hy of sy aan die woord is, om sy of haar redevoering te staak.
- (2) In die geval van 'n voortdurende verontagsaming van die opdragte van die speaker moet die speaker sodanige lid gelas om die vergaderlokaal vir die res van die vergadering te verlaat en kan hy of sy, indien nodig, sodanige lid uit die lokaal laat verwyn.
- (3) 'n Behoorlike kleredrag kode vir lede tydens vergaderings, soos deur die raad goedgekeur, sal deur die speaker afgedwing word en die vertoon van enige party politieke reklame of bewoording op enige klere of item in besit van 'n lid wat deur hom of haar publiek vertoon word, sal as onbehoorlike gedrag beskou word.
- (4) Die neem van foto's of visuele of audiovisuele opnames by 'n vergadering word verbied tensy goedgekeur deur die speaker.

- (5) Waar 'n lid enige bepaling van hierdie verordening oortree, mag die speaker, benewens enige voorskrif ingevolge hierdie reëls, teen sodanige lid optree ingevolge Item 13 van die Gedragskode vir Raadslede.

### **Misdrywe**

25. Enige lid, nie-lid of lid van die publiek wat –
- (a) weier of versuim om te voldoen aan 'n lasgewing van die voorsitter ingevolge reëls 22 en 23;
  - (b) na die vergaderlokaal terugkeer voor die afsluiting van die vergadering waaraan hy of sy gelas is om te ontrek;
  - (c) weerstand bied terwyl hy of sy uit die vergaderlokaal verwyder word; of
  - (d) reël 24(4) oortree;
- begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R2 000 (tweeduisend rand).

## **DEEL 7: REËLS VIR DEBATVOERING**

### **Lid spreek stoel aan**

26. 'n Lid wat op 'n vergadering praat, moet die stoel aanspreek en kan dit doen in enige van die drie amptelike tale van die Provincie Wes-Kaap.

### **Orde van prioriteit**

27. (1) Wanneer 'n lid die raad wil toespreek, moet hy of sy eers die speaker se toestemming verkry.
- (2) 'n Lid moet sy of haar hand lig om sodoende die nodige toestemming om te praat, te verkry.

**Voorrang van speaker**

28. Wanneer die speaker die vergadering toespreek moet alle lede stilbly.

**Relevansie**

29. (1) 'n Lid wat aan die woord is, moet sy, haar toespraak streng bepaal by die onderwerp of aangeleentheid onder bespreking of by 'n verduideliking op 'n punt van orde.
- (2) Geen bespreking word toegelaat –
- (a) wat enige aangeleentheid op die sakelys sal vooruitloop nie;
  - (b) oor enige aangeleentheid ten opsigte waarvan 'n besluit deur 'n geregtelike of kwasigeregtelike liggaam of 'n kommissie van ondersoek hangende is nie.

**Reg om te praat**

30. (1) 'n Lid mag net een keer praat –

- (a) oor die aangeleentheid voor die raad;
  - (b) oor enige amendemente van die aangeleentheid voor die raad;
  - (c) oor 'n aangeleentheid of 'n amendement wat hy of sy self voorgestel het of gaan voorstel; en
  - (d) oor 'n punt van orde of 'n saak van voorreg, tensy deur die speaker daartoe gemagtig of soos in hierdie reëls daarvoor voorsiening gemaak word.
- (2) Die voorsteller van 'n oorspronklike mosie kan oor die mosie praat en repliek lewer, maar in sy of haar repliek moet hy of sy hom of haar bepaal by die beantwoording van vorige sprekers en mag hy of sy geen nuwe aangeleentheid in die debat inbring nie.
- (3) Die reg tot repliek is nie van toepassing nie op die voorsteller van 'n amendement wat, nadat dit goedgekeur is, die substantiewe mosie geword het.

**Debat bestuur**

31. (1) Die politieke swepe van die partye in die raad moet die hoofsweep ten minste 24 uur voor die vergadering voorsien van 'n lys van items op die agenda wat gedebatteer sal word.
- (2) Gebaseer op die lys voorsien ingevolge subreël (1), moet elke party voor 'n vergadering aan die hoofsweep 'n lys voorlê van raadslede wat oor 'n item sal praat, met dien verstande dat die tyd toegelaat vir elke lid om te praat sowel as die totale tyd toegelaat vir alle lede om te praat in die diskresie van die speaker sal wees.
- (5) Die speaker mag awyk van die bepalings van die lyste.
- (6) Alle sake wat nie ingevolge subreël (1) gelys is nie, moet individueel aan die vergadering gestel word vir aanvaarding sonder debat.
- (7) Behalwe met toestemming van die speaker, mag geen lid vir langer as vyf minute oor enige saak praat nie.
- (6) Die voorsteller van enige oorspronklike mosie of enige wysiging mag egter vir vyf minute oor sodanige mosie of wysiging praat.

**Herindiening van mosie of vraag**

32. Geen mosie wat deur die raad verworp is en geen vraag wat ingevolge die reëls gestel is en afgehandel is op enige vergadering, mag weer ingedien of gestel word nie binne 'n tydperk van drie maande na sodanige vergadering, uitgesonderd met toestemming van die speaker.

**Kennisgewing van mosie**

33. (1) Die speaker mag geen mosie ten opsigte van 'n saak wat nie op die agenda is aanvaar nie, tensy kennis daarvan ingevolge subreël (2) gegee is.
- (2) Elke kennisgewing van voorneme deur 'n lid om 'n mosie in te dien moet skriftelik, gemotiveer, onderteken en gedateer wees en aan die municipale bestuurder gelewer word minstens ses werkdae voor die datum van die vergadering waarop dit ingedien gaan word.

**Kennisgewing van vrae**

34. (1) Die speaker geen vraag aanvaar ten opsigte van 'n saak wat nie op die agenda is nie, tensy kennis daarvan ingevolge subreël (2) gegee is.
- (2) 'n Kennisgewing van voorneme deur 'n lid om 'n vraag te stel, moet skriftelik aan die municipale bestuurder gelewer word minstens ses werksdae voor die datum van die vergadering waarop dit gestel gaan word.

**Afwesigheid van voorsteller of vraesteller**

35. 'n Mosie of vraag sal verval indien-
- (a) die voorsteller of vraesteller afwesig is wanneer deur die speaker gevra word om 'n mosie voor te stel of 'n vraag te vra wat teen sy of haar naam in die agenda aangeteken is; en
- (b) die voorsteller of vraesteller nie die speaker in kennis gestel het van 'n plaasvervanger om die mosie te stel of die vraag te vra nie.

**Mosies en vrae oor aangeleenthede wat deur 'n komitee of die uitvoerende burgemeester gehanteer is**

36. (1) 'n Lid mag nie kennis van 'n mosie of vraag gee met betrekking tot enige aangeleentheid wat aan 'n komitee opgedra is nie, tensy –
- (a) sodanige mosie of vraag voorheen aan sodanige komitee of die uitvoerende burgemeester voorgelê is sonder 'n gepaste antwoord; of
  - (b) sodanige mosie in die vorm van 'n verwysing na sodanige komitee of die uitvoerende burgemeester vir oorweging en verslagdoening gestuur is; of
  - (c) sodanige komitee en die uitvoerende burgemeester in gebreke gebly het om sodanige verslag te finaliseer of terugvoering te verskaf binne 'n gespesifieerde tyd deur die raad; of
  - (d) die speaker binne sy diskresie toegelaat het dat sodanige mosie in die agenda van die raad opgeneem word.
- (2) Die voorsitter van 'n portefeuiljekomitee of die uitvoerende burgemeester mag, indien hulle van mening is dat dit 'n baie dringende saak is, kennis gee van sy of haar voorneme om 'n mosie in te dien of 'n vraag te vra ten opsigte van 'n aangeleentheid wat aan sodanige komitee of die uitvoerende burgemeester toegewys is, ondanks die feit dat sodanige mosie of vraag nie vooraf deur die komitee of die uitvoerende burgemeester oorweeg is nie.
- (3) Enige mosie van voorneme ingevolge (1) en (2) moet met die bepalings van reël 33(2) ooreenstem.

**Aanbeveling van die uitvoerende burgemeester of komitee beskou as 'n mosie**

37. (1) 'n Aanbeveling vervat in 'n verslag wat deur die uitvoerende burgemeester of 'n komitee aan die raad voorgelê is, word geag deur die uitvoerende burgemeester voorgestel te wees of, die voorsitter van sodanige komitee of hulle gedelegeerde na gelang van die geval.
- (2) 'n Mosie ingevolge subreël (1) hoef nie gesekondeer te word nie.

- (3) Die uitvoerende burgemeester of die voorsitter van die komitee mag sy of haar reg uitoefen om oor sodanige saak te praat of repliek te lewer.

### **Vrae**

38. (1) Nadat enige mosie of amendement voorgestel en gesekondeer is of na afhandeling van enige toespraak daaroor kan 'n lid enige vraag stel wat tersaaklik is vir sodanige mosie of amendement.
- (2) Geen aanvullende vrae mag gestel word nie behalwe deur die lid wat die oorspronklike vraag gestel het en dan net ten opsigte van aangeleenthede voortspruitend uit die antwoord op sodanige oorspronklike vraag.
- (3) Die speaker mag geen sodanige vraag weier nie; met dien verstande dat lede aan wie sodanige vraag gerig is, onverwyld daarop kan antwoord of kan vereis dat kennis daarvan ingevolge reël 34 gegee word.

### **Dringende mosie**

39. (1) 'n Lid kan die aandag van die raad vestig op enige aangeleentheid wat nie op die sakelys verskyn nie en waarvan daar nie vooraf kennis gegee is nie, deur kortliks die onderwerp van die aangeleentheid te meld en sonder kommentaar daarop voor te stel "dat die mosie waarop die aandag gevvestig is, onverwyld oorweeg word as 'n kwessie van dringendheid".
- (2) Sodanige mosie word hierin 'n dringende mosie genoem.
- (3) Indien sodanige mosie gesekondeer word en aangeneem word deur 'n meerderheid van twee derdes van die lede teenwoordig, moet die voorsteller toegelaat word om die aangeleentheid sonder kennis deur middel van 'n mosie of vraag tot oorweging te bring.

**Mosies van orde**

40. (1) Benewens die mosies waarvoor elders in hierdie reëls voorsiening gemaak word, word die volgende as mosies van orde beskou –
- (a) dat daar kennis geneem word van enige verslag in die sakelys vermeld, of dat dit aangeneem of terugverwys word of dat daar aan die verslag uitvoering gegee word;
  - (b) dat daar uitvoering gegee word aan enige dokument voor die raad op die wyse in die mosie vermeld;
  - (c) dat stappe geneem word met betrekking tot enige item wat vir oorweging voorgelê is, op die wyse in die mosie vermeld.
- (2) Enige mosie soos hierbo of elders in hierdie regulasies gestipuleer, sal onderhorig wees aan reël 15 hiervan.

**Punt van orde**

41. 'n Lid kan 'n punt van orde opper om die aandag te vestig op 'n afwyking van hierdie reëls deur die bepaalde reël te noem waarop sodanige lid hom of haar beroep, waarna sodanige lid onmiddellik gehoor verleen moet word.

**Punt van verduideliking**

42. Die speaker kan 'n lid toelaat om 'n punt van verduideliking te opper; met dien verstande dat sodanige verduideliking beperk moet word tot 'n wesenlike deel van die debat wat moontlik misverstaan is.

**Terugtrekking van mosie, wysiging of vraag**

43. (1) 'n Mosie of wysiging kan sonder bespreking en met die toestemming van die sekondant en die raad deur die voorsteller teruggetrek word.
- (2) 'n Lid mag nie oor sodanige mosie of wysiging praat nadat die raad tot die terugtrekking van sodanige mosie ingestem het nie.
- (3) 'n Vraag kan teruggetrek word deur die lid wat dit wou gestel het.

**Speaker se beslissing oor punte van orde en verduideliking**

44. (1) Die beslissing van die speaker oor 'n punt van orde of verduideliking is finaal en nie oop vir bespreking nie.
- (2) Die beslissing van die speaker oor 'n punt van orde wat oor die vertolking van hierdie reëls geopper is, moet in die notule aangeteken word.

**Volgorde van bespreking**

45. Wanneer 'n mosie onder bespreking is op enige vergadering van die raad, mag geen verdere mosie ontvang word nie, uitgesonderd die volgende:
- (a) dat die mosie gewysig word;
  - (b) dat die oorweging van die aangeleentheid uitgestel word;
  - (c) dat die publiek en die media uitgesluit word;
  - (d) dat die publiek en die media weer toegelaat word;
  - (e) dat die raad nou verdaag;
  - (f) dat die raad vir 'n bepaalde tyd verdaag;
  - (g) dat die debat verdaag word;
  - (h) dat die aangeleentheid tot stemming gebring word;
  - (i) dat die vergadering na die volgende saak oorgaan.

**Wysiging van mosie**

46. (1) Elke wysiging moet tersaaklik wees vir die mosie waarop dit voorgestel word.
- (2) 'n Wysiging moet, indien die speaker dit verlang, skriftelik en deur die voorsteller onderteken wees en aan die speaker oorhandig word en sodanige wysiging moet gelees word voordat dit voorgestel word.
- (3) 'n Wysiging mag nie bespreek of aan die raad gestel word voordat dit gesekondeer is nie.
- (4) As daar meer as een wysiging op 'n mosie is, word die wysiging wat laaste ingedien is, eerste tot stemming gebring, en as dit aangeneem word, word die aangeleentheid dienooreenkomsdig afgehandel.

- (5) Indien die wysiging wat laaste ingedien is, verwerp word, word die wysiging wat onmiddellik voor die laaste wysiging ingedien is, tot stemming gebring.
- (6) Geen verdere wysiging op 'n mosie of wysiging mag ingedien word nadat die speaker begin het om sodanige mosie of wysiging tot stemming te bring nie.

#### **Oorweging van die aangeleentheid uitgestel**

47. (1) 'n Lid kan aan die einde van 'n toespraak voorstel dat die oorweging van die aangeleentheid uitgestel word tot 'n bepaalde of onbepaalde datum.
- (2) Sodanige mosie moet gesekondeer word maar dit hoef nie skriftelik te wees nie; met dien verstande dat die sekondant nie toegelaat mag word om te praat nie. Die voorsteller moet toegelaat word om vir 'n tydperk van hoogstens vyf minute oor die mosie te praat, en die sekondant mag nie praat nie, behalwe om die mosie te sekondeer.
- (3) Die voorsteller van die mosie mag sonder benadeling van sy of haar uiteindelike reg op repliek indien die mosie nie aanvaar word nie, vyf minute lank repliek lewer, waarna die mosie sonder verdere bespreking tot stemming gebring word.
- (4) Indien die mosie aanvaar word, moet die aangeleentheid eerste geplaas word op die sakelys van aangeleenthede watoorweeg moet word op die vergadering waartoe dit uitgestel is; met dien verstande dat reël 5(2) en (3) nie op sodanige aangeleentheid van toepassing is nie.

#### **Verdaging van die raad nou tot 'n ander datum**

48. (1) 'n Lid wat nog nie aan die bespreking oor die aangeleentheid wat dan voor die vergadering is, deelgeneem het nie, kan te eniger tyd, uitgesonderd in die loop van 'n toespraak deur 'n ander lid of terwyl daar gestem word, voorstel "dat die raad nou tot 'n ander datum verdaag".

- (2) Sodanige mosie moet gesekondeer word maar hoef nie skriftelik te wees nie.
  - (3) Die voorsteller word toegelaat om vir 'n tydperk van hoogstens vyf minute oor die mosie te praat, maar die sekondant mag nie praat nie, behalwe om die mosie te sekondeer.
  - (4) Indien die mosie aanvaar word, moet die raad onverwyld verdaag; met dien verstande dat die speaker kan gelas dat die vergadering voortgaan om eers onbestredre sake af te handel.
  - (5) Indien die mosie nie aanvaar word nie, mag die speaker nie nog so 'n mosie aanvaar nie totdat 'n halfuur verstryk het.
  - (6) Onderworpe aan subreël (3), mag geen bespreking oor sodanige mosie toegelaat word nie, behalwe dat 'n lid wat dit eerste aangedui het, hoogstens vyf minute lank teen die mosie kan praat.
- 7) Geen amendement op sodanige mosie mag voorgestel word nie, uitgesonderd met betrekking tot die tydperk van verdaging.
- (8) Indien 'n mosie om 'n vergadering te verdaag, aanvaar is gedurende 'n debat en voor die afhandeling daarvan, is die lid wat die verdaging voorgestel het, geregtig om eerste te praat na oorweging van die aangeleentheid wat die onderwerp van sodanige bespreking op die verdaagde vergadering sal wees.
  - (9) Geen sake mag op 'n verdaagde vergadering afgehandel word nie, uitgesonderd die sake wat op die sakelys van die vergadering waarvan dit 'n verdaging is, verskyn.

#### **Verdaging van die raad vir 'n bepaalde tyd**

49. (1) 'n Lid kan te eniger tyd behalwe in die loop van 'n toespraak deur 'n ander lid of terwyl daar gestem word, voorstel "dat die raad nou vir 'n bepaalde tyd, tot een uur lank, verdaag".
- (2) Sodanige mosie hoef nie skriftelik te wees nie.

- (3) Indien die mosie aanvaar word, moet die raad onverwyld vir die bepaalde tyd verdaag.
- (4) Die speaker kan die aantal sodanige mosies beperk.

### **Verdaging van debat**

50. 1) 'n Lid wat nog nie aan 'n debat deelgeneem het nie, kan aan die einde van enige toespraak voorstel "dat die debat verdaag word".
- (2) Sodanige mosie moet gesekondeer word, maar hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Die voorsteller van sodanige mosie kan vyf minute lank daaroor praat, maar die sekondant mag nie praat nie, behalwe om dit formeel te sekondeer.
- (4) Onderworpe aan subreël (3), mag geen bespreking oor sodanige mosie toegelaat word nie, behalwe in verband met die tydperk van verdaging en dat die lid wat eerste in sy of haar sitplek op die been kom vir dié doel, vyf minute lank daarteen mag praat.
- (5) Indien sodanige mosie aanvaar word, gaan die vergadering oor na die volgende saak op die sakelys, en die bespreking van die verdaagde debat word op die volgende vergadering hervat, tensy anders besluit word.
- (6) Met die hervatting van die verdaagde debat is die lid wat die verdaging voorgestel het, geregtig om eerste te praat.
- 7) Indien die mosie nie aanvaar word nie, mag die speaker nie nog so 'n mosie aanvaar nie totdat 'n halfuur verstryk het.
- (8) 'n Lid mag nie meer as een mosie vir die verdaging van die debat in die loop van daardie debat voorstel of sekondeer nie.

### **Aangeleentheid word tot stemming gebring**

51. (1) 'n Lid wat nog nie aan die debat oor 'n aangeleentheid deelgeneem het nie, kan in die loop van sodanige debat, aan die einde van enige toespraak, voorstel dat die aangeleentheid nou tot stemming gebring word.
- (2) Behoudens die bepalings van subreël (3) is geen mosie wat ingevolge subreël (1) voorgestel is, oop vir bespreking nie.
- (3) Die voorsteller van 'n aangeleentheid onder bespreking kan, wanneer 'n mosie ingevolge subreël (1) voorgestel is, hoogstens vyf minute lank oor sodanige mosie praat, waarna genoemde mosie sonder enige verdere bespreking tot stemming gebring word.

### **Verwydering van aangeleentheid van die sakelys**

52. (1) 'n Lid wat nog nie aan die debat oor 'n aangeleentheid deelgeneem het nie, kan in die loop van sodanige debat, aan die einde van enige toespraak, voorstel "dat die aangeleentheid van die sakelys verwijder word".
- (2) Behoudens die bepalings van subreël (3) is geen mosie wat ingevolge subreël (1) voorgestel is, oop vir bespreking nie.
- (3) Die voorsteller van 'n aangeleentheid onder bespreking kan, wanneer 'n mosie ingevolge subreël (1) voorgestel is, hoogstens vyf minute lank oor sodanige mosie praat, waarna genoemde mosie sonder enige verdere bespreking tot stemming gebring word.
- (4) Indien sodanige mosie aanvaar word, word die aangeleentheid onder bespreking nie verder bespreek nie.

